

Jou toekomst..... **JOU KEUSE!**




agrimin
LIVING AND FARMING
GOD'S WAY



40 Dae GEBEDSFOKUS 2022

Bid vir **AFRIKA**



**Gebed is die mees effektiewe en vrugbare
benutting van tyd.**

- Hennie Viljoen -



Jou toekoms – Jou keuse

(Christene se betrokkenheid by die koms van die Koninkryk van God
en die regering van die land)

40-Dae Gebedsfokus op die Landbou 1 September – 10 Oktober 2022 en daarna vir alle toekomstige verkiesings

Skrywer:	Hennie Viljoen
Buiteblad-ontwerp:	Leana Viljoen
Bladuitleg en grafika:	Fanie Serfontein
Taal- en gehaltebeheer:	Cilna Maritz Hannatjie Theron Karen Botha

Druk- en bindwerk: Jetline Menlyn, Pretoria.

AMOS is 'n nie-rassige, a-politiese Koninkryksbediening wat hulle beywer om mense se verhouding met God, ander mense en die skepping te herstel en te bou. Besoek www.amosafrica.net

*God se Koninkryk moet oral sigbaar word –
in die landbou, maar óók in die politiek.*

Met die uitsluitlike doel dat jy hierdie publikasie gratis mag versprei, hou *AMOS* geen kopiereg daarop nie. Daarom mag jy hierdie boekie sonder toestemming reproduseer langs enige elektroniese of meganiese weg, of in enige ander vorm, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingsbeweging. **Die publikasie mag egter nie verkoop word nie.** Vir enige navrae kan u 'n e-pos stuur aan secretary@amosafrica.net.

Aanhalings is uit die 1983-Vertaling van die Afrikaanse Bybel, tensy anders aangedui.

Uitgegee deur **AMOS AGRIMIN**

secretary@amosafrica.net
www.amosafrica.net

ISBN 978-1-920138-73-8



Inhoudsopgawe

AMOS AGRIMIN	5
Voorwoord	6
10 Oktober - Kaalvoetdag	8
Hoe om die Gebedsfokus te gebruik	9
DEEL 1 ONS LEEF IN DIE TYD VAN DIE KONINKRYK!	11
Dag 1 Verstaan die tyd waarin ons leef: Christus is op die troon! ...	12
Dag 2 Die Koninkryk kom!	14
Dag 3 Die Koning van die Koninkryk!.....	16
Dag 4 Die Gebied en Terrein van die Koninkryk.....	18
Dag 5 Die Burgers van die Koninkryk	21
Dag 6 Die Grondwet van die Koninkryk	23
Dag 7 Beywer jou vir die Koninkryk en maak dissipels.....	25
Dag 8 Maar baie is bang...!	27
DEEL 2 JOU BESLUIT HET GEVOLGE	31
Dag 9 Jy het 'n keuse. Maar jou keuse het gevolge	31
Dag 10 Jou keuse het gevolge vir vandag én vir die toekoms.....	33
DEEL 3 GOD IS KONING. HY REGEER VIR ALTYD	35
Dag 11 Josef is deur God geroep	35
Dag 12 Dawid is in opdrag van die Here tot koning gesalf	37
Dag 13 Daniël en sy vriende buig nét voor Hom wat ewig heers	39
Dag 14 Koning Jesus – Heerser oor die konings van die aarde.....	42



DEEL 4 WANNEER MAG IN VERKEERDE HANDE BELAND, IS DIT NAG 45

- Dag 15 Regeerders het mag..... 45
- Dag 16 Wanneer mag in die verkeerde hande beland, is dit nag!..... 47
- Dag 17 As julle daarvoor soek, gaan julle dit kry. Oppas! 49

DEEL 5 KIESERS SE VERANTWOORDELIKHEID 51

- Dag 18 Kiesers se verantwoordelikheid (1):
Maak dit vir die regering maklik om oor jou te regeer 51
- Dag 19 Kiesers se verantwoordelikheid (2):
Bid vir politieke leiers en die regering 53
- Dag 20 Kiesers se verantwoordelikheid (3):
Seën die owerheid en regering 55
- Dag 21 Kiesers se verantwoordelikheid (4):
Toon respek teenoor die owerheid 57
- Dag 22 Kiesers se verantwoordelikheid (5): Help die regering 59
- Dag 23 Kiesers se verantwoordelikheid (6):
Hou die regering aanspreeklik 61
- Dag 24 Kiesers se verantwoordelikheid (7):
Moenie jou stem permanent weggee nie 63
- Dag 25 Kiesers se verantwoordelikheid (8):
Stem! Stem vir die regte persoon of party! 65
- Dag 26 Kiesers se verantwoordelikheid (9):
Sorg dat mag tussen mense verdeel word 67

DEEL 6 ROOILIGTE 69

- Dag 27 Rooilig (1): Misbruik van mag 69
- Dag 28 Rooilig (2): Kaderontplooiing 71
- Dag 29 Rooilig (3): Binnegevegte 73
- Dag 30 Rooilig (4): Omkoperie 75
- Dag 31 Rooilig (5): Die Regering regeer nie self nie 77
- Dag 32 Rooilig (6): Godsdienstvryheid word bedreig 79
- Dag 33 Rooilig (7): Die Rooiste Rooilig: Aborsie op aanvraag 81



DEEL 7 WIE BEHOORT TE REGEER?	84
Dag 34 Wie behoort te regeer? (1): Dié wat gesag en die doel daarvan verstaan.....	85
Dag 35 Wie behoort te regeer? (2): Dié wat leierskap en die doel daarvan verstaan	87
Dag 36 Wie behoort te regeer? (3): Dié met integriteit én vaardigheid	89
Dag 37 Wie behoort te regeer? (4): Wyse mense met opleiding, kennis en ervaring	91
Dag 38 Wie behoort te regeer? (5): Dié wat getrou was in min.....	93
Dag 39 Wie behoort te regeer? (6): Dié wat kennis én vaardighede het om probleme op te los..	95
Dag 40 Wie behoort te regeer? (7): Jonger mense!	98
DEEL 8 BYLAAG	101
Bid vir die regering (1)	101
Bid vir die regering (2)	103
Ander AMOS-publikasies om van kennis te neem	105



AMOS AGRIMIN

dra graag hierdie Gebedsfokus op aan almal wat hulle
oor dekades beywer het vir:

*Waarheid en Versoening
Eenheid en Samewerking
Reg en Geregtigheid
Liefde en Omgee
Vrede en Voorspoed*

*Baie het 'n hoë prys vir hulle bydrae betaal.
Dit word waardeer.*

*Ons leef in die tyd van die Koninkryk van God. Hy het sy liefde aan ons
bewys deur Jesus Christus vir ons as Koning te gee. Kom ons beywer
ons vir die koms van sy Koninkryk in die regering en bestuur van elke
land in Afrika.*

Besoek www.amosafrica.net



Voorwoord

Regerings kan óf 'n seën óf 'n pyn vir 'n land en sy mense wees. Daar is baie dinge wat die verskil bepaal. Die vraag is:

- ✓ Hoe kundig óf dwaas is hulle?
- ✓ Hoe vaardig óf onbeholpe is hulle?
- ✓ Hoe partydig óf onpartydig is hulle?
- ✓ Hoe eerlik óf korrupt is hulle?
- ✓ Hoe ervare óf onervare is hulle?
- ✓ Hoe leerbaar óf eiesinnig is hulle?
- ✓ Hoe vergenoegd óf gierig is hulle?
- ✓ Wat is die vaste oortuigings (opvattinge) diep in hulle hart? Dit bepaal hulle besluite en optrede (Spreuke 4:23).
- ✓ Kan hulle probleme effektief oplos en geleenthede met wysheid benut?
- ✓ Kan hulle dink wat op die lang duur die meeste voordeel vir die land inhou, óf is hulle net ingestel op hulle eie onmiddellike behoeftebevrediging en die wen van 'n paar stemme om hulle magposisie te behou?
- ✓ Is hulle deur die Gees van God gesalf en toegerus om te regeer, óf is hulle slegs deur mense verkies en aangestel?

Maar dis nie net waar van regerings nie. Dieselfde vrae moet ook oor die burgers van 'n land gevra word:

- ✓ Hoe regeerbaar óf onregeerbaar maak hulle 'n land?
- ✓ Hoe betrokke óf onbetrokke is hulle by politiek en sake van landsbelang?

Politiek het ook 'n baie groot en direkte invloed op die landbou. Dink aan dinge soos:

- ✓ Ekonomiese stelsels en politieke ideologieë
- ✓ Landboubeleid
- ✓ Voedselsekerheid
- ✓ Eiendomsreg
- ✓ Waterregte
- ✓ Brandstofpryse en elektrisiteitsvoorsiening
- ✓ Vervoer en infrastruktuur soos paaie en spoorlyne
- ✓ Landelike ontwikkeling
- ✓ Arbeidswetgewing en werkskepping (veral op die platteland)
- ✓ In- en uitvoere
- ✓ Belasting, BTW, Grond- en Kapitaalwinstbelasting, en so meer
- ✓ Die bestuur van rampfondse en bewaringsgebiede
- ✓ Mineraalregte en mynregte



Die lys is lank. Die owerheid, staatsdiens en politiek, het ALLES met landbou te doen. Die landelike en boerderygemeenskap durf nie onbetrokke wees by enige iets wat hulle en hulle kinders se lewe en toekoms direk raak nie. Almal moet verstaan: **Jou toekoms, jou keuse!**

Regerings het baie mag en 'n groot invloed op die hele land en al sy mense. As dié mag in verkeerde hande beland, is dit **NAG!** Letterlik en figuurlik! Ek het 'n video-snit op WhatsApp ontvang waarin 'n spreker uit Afrika (ek weet ongelukkig nie wie hy is of van watter land hy kom nie) vra:

What is the difference between the ordinary thief and the political thief?

- 1. The ordinary thief steals your money, your bag, your watch, and your jewellery. But the political thief steals your future, your career, your education, your health, and your business.*
- 2. The hilarious part is that the ordinary thief will choose whom to rob. But you are the one who choose the political thief to rob you. Because we choose them, we vote for them!*
- 3. We blindly say we are not blind. Who is deceiving who? The ridiculous part of the whole issue is that we will fight to defend and protect our belongings from the ordinary thief. But we fight each other to defend and protect the political thief. Is that not what we do? Thugs will be fighting themselves to protect those that are stealing our career, stealing our joy, stealing our health, stealing our success.*

What a shame! What a travesty!

Dit onderstreep die groot gevaar wanneer passiewe burgers blindelings 'n kruisie trek en só mense in magsposisies plaas, mense wat ons almal van 'n mooi en voorspoedige toekoms beroof.

Bestudeer die Woord! Bid! Raak betrokke! Jou toekoms, jou keuse!

Hennie Viljoen



10 Oktober - Kaalvoetdag

In AMOS is 10 Oktober jaarliks **Kaalvoetdag**. God beveel dikwels sy profete om iets ongewoon te doen om 'n spesifieke boodskap hard en duidelik by mense tuis te bring. (Bv. Esegïël 3:24; 4:1-4; 4:10-11; 5:1; 12:2-3; 12:18; 21:6; 24:15-16; 37:15-19; Jeremia 13:1-14; 16:1-4; 27:1-2; 32:1-44; Hosea 3).

Die doel van Kaalvoetdag is om jou gedurig te herinner dat ons op heilige grond, God se grond, in God se teenwoordigheid leef en boer. God se teenwoordigheid in die brandende bos het die grond geheilig waarop Moses gestaan het. Daarom moes hy sy skoen uittrek (Eksodus 3). Sedertdien het Christus aarde toe gekom en Hy word Immanuel genoem. Dit beteken: *God is by ons* (Matteus 1:23). Hy het ook die aarde met God versoen en dit deur sy offer en teenwoordigheid geheilig (Kolossense 1:19-20). Hy is elke dag met ons tot aan die einde van die wêreld (Matteus 28:20). **Oral leef en boer ons nou daaglik op heilige grond in God se direkte teenwoordigheid.** Om die hele dag daarvan bewus te bly, is lewensveranderend. Met my sagte, sensitiewe kaalvoete dink ek mooi waar ek loop en ek trap versigtig. Ek jaag nie net onnadenkend deur die dag nie. Dieselfde is van toepassing op my lewe in God se teenwoordigheid. Dit help my om sonde (dorings en skerp klippe) te vermy én dit is 'n geweldige troos en bemoediging. Hy is hier by my om my te dra, te help en te beskerm (Vgl. Josua 1:9; 2 Kronieke 16:9 en Matteus 28:20).

Dis ook 'n besondere getuigenis-geleentheid. Oral gaan mense vir jou vra: *Waarom loop jy kaalvoet?* Dit gee jou die geleentheid om aan die hand van bogenoemde teksverse te getuig. **Kaalvoetdag** is dus 'n geleentheid om mense te bemoedig en hulle daarop te wys dat hulle nie net in die kerk nie, maar oral in God se teenwoordigheid leef en boer.



Onthou om op **10 Oktober** kaalvoet te boer!
Behou die momentum!



Hoe om die Gebedsfokus te gebruik

Hou die volgende in gedagte:

1. Beplan en organiseer

Dis nou die ideale tyd vir Christene om oor kultuur, kerk, sosiale en partypolitiese grense hande te vat en saam te bid. Benut elke bestaande gebedsgeleentheid en skep ook nuwe geleenthede om dit te doen.

Bemark die *40-Dae Gebedsfokus* so wyd as moontlik. Stuur die e-pos en WhatsApp aan familie en vriende, politieke partye en kandidate, kerke en gemeenskapsorganisasies. Plaas die inhoud op jou FB. Benut die plaaslike koerante en radiostasies. Verwys vriende na AMOS se tuisblad: www.amosafrica.net.

2. Lees die Skrifgedeeltes

Lees daaglik ten minste die Skrifgedeeltes wat bo-aan elke dagstukkies gegee word. Indien jy net die boodskap lees, gaan jy min seën en groei ervaar. Onthou, die belangrikste is om die Gees die geleentheid te gee om deur die Woord aan die woord te kom.

3. Bely sonde

Al word dit nie spesifiek by elke dagstukkies genoem nie, is dit uiters belangrik om deurgaans aandag te gee aan die vier belangrike sake wat in **2 Kronieke 7:14** genoem word:

- Laat die Heilige Gees berou in jou bewerk;
- Bid en bely alle sonde waarvan die Gees jou oortuig;
- Vra na die wil van die Here en gehoorsaam dit;
- Draai terug van jou bose weë. Draai jou rug op alles wat in die lig van die Woord nie God se goedkeuring wegdra nie.

Wanneer Christene dit doen, sál God hulle land genees!

4. Gebedsriglyne

Die gebedsriglyne is nie wettiese voorskrifte nie. Dis net riglyne. Lees en oordink die gedeelte vir elke dag. Bid dan oor alles wat die Heilige Gees op jou hart plaas.

Aan die einde van die 40 Dagstukkies, is daar 'n lys Skrifgedeeltes waaroor jy deurlopend behoort te bid. Moenie ophou om vir die owerheid te bid nie.



5. Kweek die dissipline om te vas en gehoorsaam te wees

Daar is verskeie goeie boeke oor vas en gebed. Lees dit gerus. Die 40-Dae Gebedsfokus is 'n ideale geleentheid om jou selfbeheersing en dissipline op te skerp. Jy kan soos Ester-hulle vir drie dae niks eet of drink nie (Ester 4:16). Jy kan soos Daniël en sy vriende vir 10 dae net groente eet en water drink. Of vir 21 dae geen lekker kos eet en jou mond nie aan vleis en wyn sit nie. Ook geen reukolie gebruik nie (Daniël 1:12 en 10:2-3). Jy kan ook soos Jesus 'n volle 40 dae vas (Matteus 4).

Daar is ook talle kragtige boodskappe op YouTube. Luister na: ***“The secret power of fasting”, a teaching by Derek Prince.*** Dit kan (en sal) jou lewe en jou verhouding met God radikaal verander.

Dis nie net kos wat ek en jy moet leer om soms te los nie. Ons moet leer om **altyd ons sonde en ongehoorsaamheid te los**. Ons moet afsien (permanent “vas”) van ons bose werke en breek met slegte gewoontes. Kruisig die eie-ek: *Ék wil! Ék dink! Ék voel!* Dit gaan nie oor my en jou nie, maar oor **God’s Word, God’s Will, and God’s Way** vir my en jou en ons land.

Bid gedurig!



DEEL 1

ONS LEEF IN DIE TYD VAN DIE KONINKRYK!

Dis die begin van die 21ste eeu. Wat moet ons in hierdie tyd doen?

Ons lees in 1 Kronieke 10 van koning Saul se dood. In hoofstuk 11 en 12 lees ons dat Dawid, wat toe nog net in Hebron regeer het (2 Samuel 5:3-5; 1 Kronieke 11:1), Jerusalem ingeneem het.

In ooreenstemming met die Here se belofte deur Samuel, was Dawid nou koning in die plek van Saul (1 Kronieke 11:2-3 en 10). Dawid was nou op die troon! Hy het al hoe sterker geword, want God was by hom (1 Kronieke 11:9).

In hoofstuk 12 lees ons eers van al die mense wat in Siklag by Dawid aangesluit het. Daarna lees ons van die gewapende mag wat in Hebron na Dawid toe gekom het en die koningskap van Saul op hom oorgedra het volgens die wil van die Here (1 Kronieke 12:23).

Onder hierdie verskillende groepe, was daar ook 'n klein groepie manne van die Issaskar-stam. Van hulle word gesê: ***"die mense wat die tekens van die tye verstaan het en geweet het wat Israel te doen staan"*** (1 Kronieke 12:32). Hulle het die implikasies verstaan van 'n nuwe koning wat op die troon sit. Hulle het verstaan wat die volk nou onder die leierskap van die nuwe koning, in sý koninkryk moet doen. Hulle het hulle **ROEPING** vir 'n spesifieke **TYD** in 'n spesifieke **KONINKRYK** verstaan!

In ooreenstemming met die belofte van God, is Jesus Christus, die nakomeling van Dawid, nou vir ewig op die troon (Handelinge 2:29-36). **Ons leef in die tyd van die regering van Jesus Christus!** Wat is ons roeping in dié tyd? Wat moet ons in hierdie tyd in hierdie Koninkryk doen?



Dag 1

Verstaan die tyd waarin ons leef: Christus is op die troon!

Lees: Daniël 2:34-35; Lukas 1:31-33; Efesiërs 1:10; 1 Kronieke 12:32

Jesus is op die presiese tyd wat Daniël 490 jaar tevore geprofeteer het, gebore. Daarom het Simeon en Anna met soveel verwagting na die geboorte van Jesus uitgesien (Lukas 2:25-40). Dit is ook hoe Johannes die Doper geweet het dat Jesus die Messias is (Johannes 1:29-34).

Ons leef in die **tyd van die Koninkryk** van God wat gedurig besig is om uit te brei en groter te word (Daniël 2:34-35 en 44; 6:27-28; Matteus 13:31-33). Jesus het Hom volkome aan die wil van die Vader onderwerp en deur sy dood vir ons verlossing bewerk. Daarom het God Hom uit die dood opgewek en aan Hom 'n Naam bo alle ander name gegee (Filippense 2:5-11). Hy het álles aan Jesus onderwerp. Hy het aan Hom die mag bo alle bese magte gegee. Enige vorm van gesag waarvan daar sprake mag wees, is aan Hom onderwerp. Jesus beklee nie hierdie posisie net tydelik soos politieke leiers nie. Hy is permanent deur God in dié posisie geplaas (Efesiërs 1:19b-23). Jesus Christus is nou die nuwe Koning op die troon.

Die Koninkryk van God, met Jesus op die troon van Dawid, hou aan groei. Dis die waarheid, al lyk dit soms nie so nie. God se Koninkryk sal nóóit kleiner of swakker word nie! Die Woord is baie duidelik hieroor (Jesaja 9:6; Esegïel 47:1-12; Daniël 2:35 en 44). Deur Christus het God begin met 'n proses *"... om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus."* (Efesiërs 1:10; Kolossense 1:13-14). Hierdie proses is onstuitbaar en onomkeerbaar. Dit sal aanhou totdat Hy alle bese magte vernietig het – totdat al sy vyande aan Hom onderwerp is (1 Korintiërs 15:24-26).

God het aan Adam die opdrag en outoriteit gegee om oor die aarde te heers (Genesis 1:26-28). Deur sy ongehoorsaamheid het Adam dít aan die duiwel gegee. Jesus, die tweede Adam, het dié reg om te heers deur sy gehoorsaamheid teruggeneem (Lukas 4:5-8; Romeine 5:12-21). Hy het as mens gekom om die duiwel te oorwin en sy werk te vernietig (Hebreërs 2:14-15; 1 Johannes 3:8). Jesus het nou die reg en outoriteit om te regeer. Maar soos aan die begin, het Hy weer dié reg en outoriteit vir God se kinders gegee. Hy wil deur ons regeer (vgl. Daniël 7:22 en 27). Ons is sy



verteenwoordigers (Genesis 1:26). Ons is sy liggaam en ons het sy Gees (Efesiërs 1:23; 1 Korintiërs 12:12-13). Wat Hy wil doen, wil Hy deur sy kinders doen (Matteus 16:19; Johannes 17:18).

Ons leef in die tyd van die Koninkryk! Christus is op die troon en Hy regeer! Hy bou sy Koninkryk deur hulle wat reeds burgers van sy Koninkryk is. Dis deur hierdie burgers dat sy Naam al hoe meer geëer word. Dis deur burgers van sy Koninkryk dat sy wil op aarde al hoe meer geskied soos in die hemel. Dis deur hulle dat Hy sy heerskappy op aarde al verder laat uitkring.

Bespreek:

- Lees 1 Kronieke 12:32. Dit was van toepassing op die tyd toe die koningskap van Saul na Dawid oorgegaan het. Waarom is dit belangrik dat ons wéét in watter tyd ons leef?
- Wie het die koningskap by wie oorgeneem? Lees Lukas 4:5-7; Handeling 2:29-36 en 1 Timoteus 1:17.
- Wat is jón verhouding met die Koning wat op die troon sit?

Onthou:

- Wat jy met jou fisiese oë sien en met jou eie ore hoor, is nie altyd die volle waarheid nie. Die Woord van God is die waarheid. Die Koninkryk kom!
- Memoriseer Daniël 2:35.

Wenke vir kiesers:

- ✕ Onthou, God se Koninkryk is besig om veld te wen en sal uiteindelik die éinigste koninkryk wees. Dit sál die hele wêreld vul (Daniël 2:35).

Gebed:

- † Loof, prys, dank en aanbid die Koning van die Koninkryk.
- † Bid dat Christene sal verstaan wat hulle in hierdie tyd moet doen, nóú dat Christus op die Troon van Dawid sit (Handeling 2:29-36).

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici.



Dag 2

Die Koninkryk kom!

Lees: Daniël 2:34-35; Lukas 1:31-33; Efesiërs 1:10; 1 Kronieke 12:32

Die Koninkryk kom! Die Koninkryk is besig om veld te wen. Hierdie waarheid word deur die hedendaagse geskiedenis bevestig.

Die boekdrukkuns (in Europa) het in ongeveer 1450 ontstaan. Die boekdrukkuns én die vertaling van die Bybel in die spreektaal van gewone mense (na 1500 nC) het die Woord van God vir hulle toeganklik gemaak. Só het die Bybel baie vinnig in baie mense se hande gekom. Hulle kon dit lees en verstaan. Die Bybel het letterlik destyds die hele lewe verander. Mense het begin verstaan dat hulle alleen uit genade, deur geloof in Jesus Christus, gered kan word (Galasiërs 2:16). Hulle het ontdek dat offers en die bemiddeling van priesters nie meer nodig is nie (Hebreeërs 10:14-20). Deur die Woord en die Gees het God mense se denke oor alles verander (Romeine 12:1): godsdiens; politiek, regspraak en sosiale geregtigheid; ekonomie en grondbesit; gesondheid en mediese wetenskap; tegnologie; onderwys en opvoeding. God het hierdie proses op 31 Oktober 1517 deur Martin Luther begin. Dit het tot die grootste verandering in die moderne geskiedenis van die wêreld gelei. Dit staan bekend as die Protestantse Reformasie. **Die Koninkryk kom! Dit begin die aarde vul** (Daniël 2:35; Openbaring 5:9-10)!

In 1906 het die Heilige Gees 'n herlewing laat uitbreek in 'n klein kerkie in Azusastraat in Los Angeles. Die swart prediker, William J Seymour, het nie 'n indrukwekkende voorkoms gehad nie en was blind in sy een oog. Mense het gedink dié herlewing is iets van verbygaande aard. Maar die geskiedenis het die teendeel bewys. Meeste van die groot ideologieë van die 19de en 20ste eeu het begin verkrummel terwyl Pinkster- en Charismatiese kerke na die Azusastraat-herlewing jaar na jaar gegroei het. Soveel so dat die **Economist** tydskrif in 2006 besluit het om te kyk wat gedurende die 100 jaar na die herlewing gebeur het. Hulle het ook na die invloed van die herlewing in China en Afrika gekyk. Die skrywers van die artikels in die **Economist** het toe in 2009 'n boek uitgegee met die veelseggende titel: **God is back: How the global rise of faith is changing the world.**¹

¹ The Radical Gospel of the Kingdom – A vision of Victory for the church of the 21st Century. First Edition 2012. Page 11 Orlando Mostert



Enkele dekades gelede moes Bybels in **China** ingesmokkel word. Vandag word die meeste Bybels (in verskillende tale) in China gedruk. Die huiskerk-beweging in China groei baie vinnig. 'n Maksimum van 25 lede per gemeente word deur die wet toegelaat. Sodra daar 25 lede is, verdeel die groep en vorm twee kleiner huiskerke wat elk weer tot 25 kan groei. Só bly die huiskerke vermenigvuldig. Navorsing dui daarop dat daar in 2008 reeds meer as 130 miljoen Christene in China was. Die getal kon sedertdien verdubbel het. In 2011 was 33% van **Brasilië** se mense reeds Evangeliese Christene. Na raming is dit nou reeds meer as 50%. In **Afrika** het die getal Christene sedert 1970 tot oor die 400 miljoen gegroei (n derde van Afrika se bevolking). In **Suid-Korea** is meer as 'n derde van die bevolking reeds Evangeliese Christene. Vyf van die wêreld se 10 grootste kerke is in die hoofstad Seoul. Suid-Korea het reeds meer as 15 000 sendelinge na ander lande uitgestuur. Ook in die **Midde-Ooste** groei die Kerk van Christus elke dag. Statistiek is moeilik bekombaar as gevolg van die geweldige vervolging van Christene deur Moslems. Die Koninkryk kom! Dit begin die aarde vul (Daniël 2:35; Openbaring 5:9-10)!²

Dit gaan nie net oor godsdienstige byeenkomste op Sondae in geboue nie. Soos met die Reformasie, is die Gees en die Woord besig om mense se hele lewe (24/7) te verander deur hulle denke te vernuwe (Romeine 12:2)! Mense is besig om Christus se Koningskap te erken en te aanvaar. Meer en meer mense laat die Koning toe om sý lewe deur hulle te leef. Die **Koninkryk kom! Dit begin die aarde vul** (Daniël 2:35; Openbaring 5:9-10)!

Want vir ons is daar 'n Kind gebore, 'n Kind met meer as een Naam:
Hy is die Lam én die Leeu;
Hy is die Redder en die HERE;
Hy is die sterk Verlosser én die Ewige Koning (**Lukas 1:32-33**);
Sy heerskappy sal voortdurend uitbrei en nooit ophou nie (**Daniël 2:35**).

Bespreek:

- In die verlede het God mense gebruik om die wêreld te verander en seker te maak dat meer en meer mense Hom op elke lewensterrein gehoorsaam. Hoe dink jy gaan Hy dit in die toekoms doen?
- Wie dink jy wil God gebruik om sy Koninkryk op politieke terrein te laat kom?
- Is jy beskikbaar indien Hy jou wil gebruik – al is dit net om te stem?
- Lees Psalm 2. Is goddelose regeerders vir God en sy Seun Jesus Christus 'n bedreiging? Wie gaan oor die hele aarde regeer (vers 8)?

² The Radical Gospel of the Kingdom – A vision of Victory for the church of the 21st Century. First Edition 2012. Page 11 Orlando Mostert



Onthou:

- God wil jou gebruik om 'n verskil in die politiek te maak.
- God werk en regeer altyd deur mense.
- Memoriseer Daniël 2:35.

Wenke vir kiesers:

- X** Doen wat jy moet doen om te verseker dat politici en die wat regeer die wil van die Koning doen.

Gebed:

- † Loof, prys, dank en aanbid die Koning van die Koninkryk.
- † Bid dat Christene sal verstaan dat God hulle ook as sy verteenwoordigers in die politiek wil gebruik om sy Koninkryk te bou.
- † Bid vir die president van die land asook vir die leier van die opposisie.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Suid-Afrika**.

Dag 3

Die Koning van die Koninkryk!

Lees: Lukas 1:32-33; 1 Korintiërs 15:25; Hebreërs 10:12

Jesus se opdrag aan die dissipels was baie duidelik. Bid dat die Koninkryk van God kom (Matteus 6:10). Soek en beywer julle vir die koms van dié Koninkryk (Matteus 6:33). Gaan verkondig én demonstreer die Koninkryk van God (Lukas 9:1-2). Daarom moet ons verstaan wat die Koninkryk is.

Waaruit bestaan 'n koninkryk? Daar is vier belangrike sake:

1. Daar moet 'n koning wees;
2. Daar moet 'n gebied wees (grondgebied of "territory" = "an area of land under the jurisdiction of a ruler or state");
3. Daar moet burgers (onderdane / inwoners) wees;
4. Daar moet 'n wet (regstelsel) wees.

Elkeen van hierdie sake hou direk verband met die ander drie. Jy kan dit nie van mekaar skei nie.

Dieselfde is van toepassing op die Koninkryk van God:

Jesus Christus is die Koning! Hy is vir ewig op die troon (Lukas 1:32-33 en Hebreërs 10:12). Niemand kan Hom uit sy posisie verwyder nie.



Koning Hiram van Tirus het vir Koning Salomo van Israel geskryf en gesê: *"Dit was 'n liefdesdaad van die Here aan sy volk dat Hy u koning oor hulle laat word het"* (2 Kronieke 2:11)! Dit was waar van Salomo, maar dis 'n 1000 maal meer van toepassing op Jesus se Koningskap! Dat God Hóm die Koning van sy Koninkryk gemaak het, getuig van net een ding: God het my en jou onbeskryflik lief, want Jesus is alles wat ek en jy nodig het!

Hy is die volle openbaring van die Vader (Johannes 1:18; Hebreërs 1:3). Hy het ons tot die uiterste toe lief (Johannes 13:1). Hy gee om en Hy dien. Hy soek nie sy eie belang nie (Romeine 15:1-4; Markus 10:45; Filippense 2:5-8); Hy is sonder enige sonde en Hy vergewe sonde (Lukas 5:20; 2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 4:15; 7:26-28); Hy leer en onderrig met wysheid en gesag; Sy vermoë is onbeperk, Hy skep alles uit niks (Johannes 1:1-5; Hebreërs 11:3). Hy vernietig die werk van die duiwel (1 Johannes 3:8b) en genees mense wat deur die duiwel verdruk word. Hy doen goed aan mense (Handelinge 10:38). Hy is nederig en vriendelik (2 Korintiërs 10:1). Deur sy Gees is Hy permanent oral in sy Koninkryk teenwoordig. Hy is alles wat 'n mens kan begeer!

Nadat Paulus Jesus persoonlik op die pad na Damaskus ontmoet het (Handelinge 9:3-6), het hy so 'n bewondering vir Jesus gekry dat hy later aan die Filippense skryf: *"... om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. ..."* (vgl. Filippense 3:8-10). Om Hóm as Koning te hê, is die beste ding wat met enige mens kan gebeur.

Besprek:

- Watter eienskappe van Jesus maak dat jy Hom bewonder?
- Dink: hoe sal dit wees as die regering in álles wat hulle doen, die Gees, gesindheid en voorbeeld van Jesus volg?
- Wil jy graag deur mense regeer word oor wie se lewe Jesus regeer? Motiveer jou antwoord. Hoe is dit moontlik?

Onthou:

- Om Jesus as Koning te hê is die beste ding wat met enige mens en enige land kan gebeur.

Wenke vir kiesers:

- X Stem vir mense en partye in wie se lewe en optrede jy iets van die aantreklike karakter en beeld van Koning Jesus kan sien (1 Johannes 2:6; 2 Korintiërs 3:18).



Gebed:

- † Aanbid Jesus Christus, die Koning!
- † Bid dat Christene opnuut God se liefde sal beleef wanneer hulle Jesus toelaat om as Koning oor hulle te heers (2 Kronieke 2:11).
- † Bid dat politici, regerings en staatsamptenare gered word en in 'n intieme verhouding met Jesus sal leef.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Lesotho**.

Dag 4

Die Gebied en Terrein van die Koninkryk

Lees: Matteus 28:19; Markus 1:21-28; Lukas 7:18-23; Johannes 10:10

Die **gebied** waaroor die Koning heers moet uitgebrei word totdat dit alle volke, stamme, tale en nasies insluit (Openbaring 5:9). Daarom het Jesus my en jou as sy dissipels na al die nasies toe gestuur. Hy het belowe dat die Heilige Gees ons krag sal gee om sy getuies te wees tot aan die einde van die aarde (Matteus 28:19 en Handeling 1:8). Hy het deur die Gees aan sy kinders buitengewone gawes gegee om sy bediening voort te sit en sy Koninkryk uit te brei (Markus 16: 15-18; Lukas 9:1-2; Romeine 12:3-8; 1 Korintiërs 12; 1 Petrus 4:10). Die Koninkryk word **mens-vir-mens** en **streek-vir-streek** uitgebrei.

In Lukas 10:27 lees ons: ***"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself."*** Dis duidelik: die terrein van die Koninkryk kan nie tot 'n stuk grond beperk word nie. Die Koninkryk sluit alles in waarmee ek en jy elke dag op elke terrein besig is: godsdiens; landbou; besigheid; vermaaklikheid; media; wetenskap; tegnologie; gesondheid; sport; ontspanning; kultuur; onderwys en opvoeding; politiek en regering. Die Koninkryk moet op ál die terreine kom.

Vóór die koms van Jesus, het mense die werk van die duiwel aan hulle lyf gevoel. Op elke terrein (polities, ekonomies, godsdienstig, landbou en medies) het die **duiwel** na hartelus gesteel, geslag en verwoes (Johannes 10:10a). Baie mense is deur die duiwel verdruk en dit het dikwels met allerhande siektes gepaard gegaan (Handeling 10:38 Interliniêre Bybel Grieks-Afrikaans 2012). Die **breë publiek** was gierig en selfsugtig. Hulle woorde en daade het mekaar weerspreek. **Belasting-invorderaars** was korrup. **Soldate** het



hulle mag misbruik en deur afpersing hulle sakke vol gestop (Lukas 3:7-14; Lukas 19:8). **Kerkleiers** het weduwees se huise ingepalm (Lukas 20:47). Omdat Romeinse munte nie vir tempelbelasting gebruik kon word nie, moes dit omgeruil word vir Joodse geld. Almal kon ook nie hulle offerdier oor groot afstande na die tempel in Jerusalem bring nie. Hulle moes dus 'n offer met Joodse geld by die tempel koop. Dit het die kerkleiers van daardie tyd die geleentheid gegee om baie geld te maak uit almal wat die tempel besoek. Dié hele stelsel was só korrup dat Jesus dit 'n rowersnes genoem het (Lukas 19:45-46). **Mense op die platteland** was lewensmoeg en hulpeloos. Niemand het na hulle belange omgesien nie (Matteus 9:36). **Mediese koste** was vir talle 'n baie swaar las (Lukas 8:43). Die **samelewing** was diep verdeeld op godsdienstige, etniese, sosiale, politieke en ekonomiese gebied (bv. Johannes 4:9; Lukas 19:7). Om alles te kroon, was daar nog die vreemde **Romeinse owerheid** wat in dié tyd oor Israel regeer het.

Op grond van profesieë (van onder andere Daniël - Daniël 9:24-27) het die mense verwag dat die Messias in hulle tyd gaan kom (Lukas 1:13-17; 2:25-32; Johannes 1:13-28). Almal was oortuig dat die koms van Christus dinge radikaal sou verander (Lukas 7:18-19). En dit het!

Hy het gekom om die werk van die duiwel (Johannes 10:10a) te vernietig (1 Johannes 3:8b) en Johannes 10:10b 'n werklikheid te maak. Hy het die Koninkryk verkondig en gedemonstreer. In sy bediening sien ons die eerste akkurate prentjies van hoe dit lyk waar en wanneer die Koninkryk van die Hemel op aarde kom. Dít was baie aantreklik! Dít het mense in baie groot getalle om Jesus laat saamdrom. Almal wou Hom sien en hoor! Hy het verlossing, genesing en bevryding van demoniese magte verniet aangebied en almal wou dit hê (Markus 1:32-37; Lukas 4:14-15 en 5:15-16; Handeling 10:38). Jesus het mense verniet genees. Of hulle net 'n paar uur, 12 jaar (Lukas 8:43), óf 38 jaar lank siek was (Johannes 5:5), het nie 'n verskil gemaak nie. Hy het selfs mense uit die dood uit opgewek (Lukas 8:40-56 en Johannes 11:33-44). Die Koninkryk het 'n impak op mense se **gesondheid en lewenskwaliteit**.

Na 'n ontmoeting met die Koning gee Saggeus, die gierige tollenaar, die helfte van sy goed aan die armes. Dit wat hy wederregtelik van mense afgepers het, gee hy vierdubbeld terug (Lukas 19:8). Die Koninkryk het mense se harte en hande laat oopgaan (Handelinge 2:45; 20:33-35; 2 Korintiërs 8:1-5, 9 en 13-14; 1 Johannes 3:16-18). Die Koninkryk het 'n impak op **ekonomiese en sosiale gebied**.



Die Koninkryk het ook op **godsdienstige** gebied 'n groot impak. Die Koning het Homself as laaste en finale offer aan die kruis gegee. ***"Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vrygemaak"*** (Hebreërs 10:14; Kolossense 2:14). Op grond van Jesus se offer het God mense met Homself versoen (2 Korintiërs 5:20-21). Hy het hulle vergewe en dink nie meer aan hulle sonde nie (Hebreërs 10:17). ***"Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie"*** (Hebreërs 10:18). Die voorhangsel in die tempel het geskeur en almal het nou vrye en direkte toegang tot God gekry (Matteus 27:50-51; Hebreërs 10:19-20). Dit het offers, die wet, tussengangers en die tempel uitgeskakel; ook al die korrupsie wat daarmee gepaard gegaan het. Al vereiste wat daar nou is, is geloof in Jesus Christus, die Seun van God (Johannes 3:16; Handeling 16:31; Galasiërs 2:16; 1 Johannes 5:11-13).

Bespreek:

- Op watter terrein of in watter situasie begeer jy dat die Koninkryk van God moet kom? Hoekom?
- Wat moet gebeur sodat die Koninkryk op politieke terrein kan kom?

Onthou:

- Christene stry nie 'n verlore stryd nie – ook nie in die politiek nie. Die Koninkryk kom!

Wenke vir kiesers:

- X** Gebruik jou stem om die Koning ál die seggenskap in die land en die politiek te gee. Só sal alles in die land ten goede verander.

Gebed:

- † Bid dat meer en meer mense 'n onweerstaanbare honger en dors na die Woord sal ervaar. Bid dat hulle die Bybel sal lees totdat hulle die Koning persoonlik ontmoet.
- † Bid dat die Koninkryk van God in jónu huis, gemeenskap en plaaslike owerheid sal kom.
- † Bid vir die verkiesing van die regte leiers vir elke politieke party. Bid vir die eerskomende verkiesing: plaaslik, provinsiaal of nasionaal.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Swaziland**.



Dag 5

Die Burgers van die Koninkryk

Lees: Kolossense 1:13; Filippense 3:20; Efesiërs 2:11-22

Die **burgers** van God se Koninkryk is almal wat Hy uit die koninkryk van duisternis weggeruk en onder die heerskappy van sy geliefde Seun geplaas het. Dis die mense oor wie Jesus as Koning regeer (Kolossense 1:13). Dis die mense wat erken en bely dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God. Dis die mense vir wie Jesus uit die wêreld geroep het om 'n nuwe gemeenskap te vorm (ekklesia). 'n Gemeenskap aan wie Hy die sleutels van die Koninkryk gegee het. 'n Gemeenskap aan wie Jesus die gesag gegee het om die Koninkryk van die hemel op aarde te vestig (Matteus 16:16-18).

Burgers van die Koninkryk is almal aan wie Hy die reg gegee het om hulleself kinders van God te noem, omdat hulle uit Hom gebore is en omdat hulle in Jesus Christus glo (Johannes 1:12-13). Burgerskap word dus nie gekoop of verdien nie. Dit kom saam met wedergeboorte en bekering (Johannes 3:5). Dis 'n geskenk aan almal wat uit God gebore is. Dis God se begeerte dat alle mense in Jesus sal glo en burgers van sy Koninkryk sal wees (Matteus 18:14; 1 Timoteus 2:3-4; 2 Petrus 3:9; Filippense 3:20).

Die Gees van die Koning leef in die burgers van die Koninkryk. Daarom tree hulle heeltemal anders op as dié wat nie burgers is nie. Hulle het hulle vyande lief en doen goed aan die wat hulle haat. Hulle bid vir mense wat hulle vervloek (Matteus 5:43-48; Lukas 6:27-36). Hulle het ander lief omdat God hulle eerste liefgehad het (1 Johannes 4:19). Hulle aanvaar ander omdat God hulle aanvaar het (Romeine 15:7). Hulle is barmhartig omdat God hulle barmhartig was (Lukas 6:36). Hulle vergewe omdat God hulle vergewe het (Efesiërs 4:32). Hulle help en bemoedig omdat God hulle gehelp en bemoedig het (2 Korintiërs 1:3-5). Burgers van die Koninkryk is mense wat volgens die grondwet van die Koninkryk leef. Hulle laat die Koning toe om sy lewe deur hulle te leef (Galasiërs 2:19-20).

Hierdie burgers is nie 'n etniese groep mense nie. Burgers van die Koninkryk kom uit elke stam en taal en volk en nasie (Openbaring 5:9)! Hulle kom uit elke ekonomiese en sosiale groepering (Galasiërs 3:28; Kolossense 3:11). Deur die offer van Jesus is hulle met God en met mekaar versoen. In Christus is hulle tot een nuwe mensheid verenig. Hulle besit dieselfde Gees. Hulle het dieselfde toegang tot die Vader. Hulle behoort



aan dieselfde huisgesin - God se huisgesin. God woon in hulle almal (Efesiërs 2:11-22 en 4:4-6).

Waar en wanneer die Koninkryk kom, maak velkleur, stamverband, geletterdheid, geslag, geleerdheid en sosio-ekonomiese omstandighede nie meer saak nie. Burgers van die Koninkryk kom uit ál hierdie groeperinge. Dit gaan nie oor die belang van een groep bó die van 'n ander nie. Dit gaan oor die wil van die Koning vir almal. Die Koning diskrimineer nie (Romeine 2:11; 2 Kronieke 19:5-7)!

Bespreek:

- Hoe het jy 'n burger van die Koninkryk geword? Leef jy soos een?
- Politieke partye wat die Koning ignoreer en net die belange van 'n volk, 'n taalgroep, 'n nasie, 'n stam, 'n ekonomiese groep (ryk of arm), net vrouens of net mans wil bevorder, het geen bestaansreg in die Koninkryk nie. Bespreek.

Onthou:

- Koninkryk-politiek kan nie bedryf word op grond van die verskille tussen mense en groepe nie. Net een vraag moet beantwoord word: Is jy vir of teen die Koning?

Wenke vir kiesers:

- X** As jy 'n burger van die Koninkryk is, stem vir iemand wat ook 'n burger van die Koninkryk is.

Gebed:

- † Bid dat die koms van die Koninkryk op politieke terrein, die manier hoe oor mense regeer word, radikaal sal verander.
- † Bid dat God se kinders radikaal nuut sal begin dink oor politiek en hoe God wil hê dit moet in sy Koninkryk beoefen word.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Namibië**.



Dag 6

Die Grondwet van die Koninkryk

Lees: Psalm 97:2; Jesaja 9:6; Jeremia 9:24; Miga 6:8

Suid-Afrika beroem hom daarop dat hy een van die heel beste grondwette ter wêreld het. Dit mag so wees, maar dit bestaan uit 'n hele klomp ingewikkelde wette, artikels en sub-artikels wat probeer om iets oor elke moontlike situasie te sê. Dit probeer mense se gedrag van buite af beïnvloed. Om só 'n ingewikkelde regstelsel te laat slaag het jy geleerde en onpartydige regters, verskeie howe en 'n groot polisiemag nodig. Maar selfs dan waarborg 'n goeie grondwet nie reg en geregtigheid teenoor alle mense nie. Regeerders oortree dikwels self die grondwet. Of hulle wysig dit sodat hulle hul eie selfsugtige begeertes “binne” die wet kan bevredig.

Die grondwet van die Koninkryk van God is radikaal anders! **Dié grondwet beskryf Wie die Koning is en wat die Koning doen.**

Die **grondwet** van die Koninkryk is liefde. *God is liefde en Hy het ons eerste liefgehad (1 Johannes 4:7-21).* Daarom is die grondwet van die Koninkryk eenvoudig: *“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.”*

Die **grondwet** van die Koninkryk is ook reg en geregtigheid. Een van die baie Name van die Koning wat sy karakter beskryf, is Jehovah Mishpah. Dit beteken God van geregtigheid. Die fondasie van sy troon is reg en geregtigheid (Psalm 97:2). Jesus vestig sy Koninkryk deur reg en geregtigheid. Deur reg en geregtigheid hou Hy dit vir ewig in stand (Jesaja 9:6). Reg en geregtigheid is die wil van die Koning en sy optrede is in lyn daarmee (Psalm 103:6; Jeremia 9:24; Miga 6:8).

Soos die Koning is, só is die grondwet! Soos die grondwet is, só is die Koning! Omdat die Koning liefde is en liefde bewys, bepaal die grondwet dat alle burgers van God se Koninkryk ook hulle liefde prakties moet uitleef (1 Johannes 3:16-18 en 4:7-11). Omdat die Koning se lewe deur reg en geregtigheid gekenmerk word, bepaal die grondwet van die Koninkryk dat alle burgers hulle altyd vir reg en geregtigheid moet beywer (Jeremia 9:24).



Die **grondwet** van die Koninkryk kan só opgesom word: Volg die Koning se voorbeeld. Leef soos Hy geleef het! Sterf aan jouself en laat die Koning toe om sý lewe deur jou te leef (Galasiërs 2:20; Kolossense 2:6-7; Matteus 16:24-25; 1 Johannes 2:6). Die Koning verander nooit nie (Hebreërs 13:8). Daarom hoef die grondwet van sý Koninkryk nooit te verander nie.

Hierdie **grondwet** word nie van buite af deur regters en howe op burgers afgedwing nie. Deur sy Gees wek die Koning die begeerte in die burgers om soos Hy te leef en op te tree (Jeremia 32:40; Romeine 5:5; 1 Johannes 4:19). Gehoorsaamheid aan die grondwet is die hartsbegeerte van die burgers van die Koninkryk. Hulle bid gedurig dat die Koning sy lewe deur hulle moet leef. Alleen op hierdie manier kan hulle die grondwet gehoorsaam.

Die **grondwet** van die Koninkryk is dus eenvoudig, kort en kragtig. Dit dek die hele lewe en spreek elke situasie aan. Dit hoef nooit verander te word nie. Dit is burgers se hartsbegeerte en hoef nie deur regters en hofuitsprake afgedwing te word nie. Die Gees van die Koning in ons maak dat ons volgens die grondwet wil en kan leef.

Bespreek:

- Wat is die verskil tussen 'n wet van buite en 'n begeerte van binne? Watter een het die grootste en blywendste invloed op mense se gedrag?
- Hoe aantreklik sal dit 'n land maak as almal aan ander doen wat hulle wil hê ander aan hulle moet doen; as reg en geregtigheid teenoor almal geskied; as Christus oor almal regeer wat oor die land regeer? Wat gaan die grootste uitdaging vir die regering wees? Emigrasie of immigrasie? Hoekom?
- Die grondwet van die Koninkryk het ook die grondwet van die land nodig, anders sal dit nooit werk nie. Óf: Die grondwet van die land het ook die grondwet van die Koninkryk nodig, anders sal dit nooit werk nie. Bespreek die twee stellings!

Onthou:

- Die grondwet van die Koninkryk moet jou hartsbegeerte wees. Dit sal net gebeur as jy die Koning liefhet en Hom toelaat om sý lewe deur jou te leef.

Wenke vir kiesers:

- ✗ Begin by jouself. Maak die Koninkryk van God aantreklik vir ander mense deur self volgens die Koninkryk se grondwet te leef!



Gebed:

- † Bid dat Christene deur hulle gehoorsaamheid aan die grondwet, die Koninkryk van God vir ongelowiges aantreklik sal maak.
- † Bid dat Christene al hoe meer sensitief sal raak vir die stem van die Gees.
- † Bid dat politici en almal in die staatsdiens 'n ontmoeting met Christus sal hê. Bid dat die grondwet van die Koninkryk hulle hartsbegeerte sal word.
- † Bid dat politieke leiers by die Koning sal hoor hoe Hy oor sy Koninkryk, sy mense, wil regeer. Nuwe openbaring is nodig!

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Botswana**.

Dag 7

Beywer jou vir die Koninkryk en maak dissipels

Lees: Matteus 6:10 en 33; 28:18-20; Lukas 9:1-2

Elke koninkryk het 'n koning (iemand wat regeer), onderdane (burgers), 'n grondgebied (terrein) en 'n regstelsel (grondwet). In God se Koninkryk is Jesus die Koning. Almal wat gered is, is die burgers. Die grondwet bepaal dat die burgers soos die Koning moet lewe. Die grondgebied van dié Koninkryk moet voortdurend groter word: meer plekke, meer mense, meer terreine! Die burgers van die Koninkryk is mede-verantwoordelik vir die uitbreiding van die Koninkryk.

Jesus se opdrag aan die dissipels is baie duidelik: **Bid** dat die Koninkryk van God kom (Matteus 6:10). **Soek en beywer** julle vir die koms van dié Koninkryk (Matteus 6:33). **Verkondig én demonstreer** die Koninkryk van God (Lukas 9:1-2).

Jesus se laaste opdrag was: **Gaan maak dissipels** van al die nasies, en **doop** hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en **leer** hulle **om alles te gehoorsaam** wat Ek julle beveel het.

Die Koning het ons behoorlik toegerus om sy Koninkryk te verkondig en te demonstreer. Hy herinner ons daaraan dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is. Hy belowe ons dat Hy permanent by ons teenwoordig is deur sy Gees (Matteus 28:19-20). Hy deel sy outoriteit met



ons: Hy het aan ons die mag en gesag gegee om sy opdrag uit te voer (Lukas 9:1-2; Markus 16:15-20). Die burgers van sy Koninkryk is toegerus met die gawes van die Gees (1 Korintiërs 12). Dit is die vermoë om te doen wat Jesus gedoen het.

Ons leef in die tyd van die Koninkryk! Jesus is Koning. Hy regeer! Die grense van sý Koninkryk móét voortdurend uitskuif: groter grondgebied; meer mense wat volgens die grondwet leef; meer terreine waarop mense doen wat die Koning begeer. Ons as burgers van God se Koninkryk is volkome voorberei en toegerus vir hierdie roeping en opdrag (Efesiërs 2:10 en 2 Timoteus 3:16-17).

Die Koninkryk is aantreklik, want die Koning is aantreklik! Die grondwet is wonderlik. Die burgers leef soos die Koning. Die Koninkryk is so aantreklik soos die belofde land – 'n land wat oorloop van melk en heuning!

Maar ... tien uit twaalf het bang geword ... om die land (die Koninkryk) in besit te neem!

Bespreek:

- Waarom kan ons met absolute sekerheid sê dat Christene volkome voorbereid en toegerus is om Jesus se opdrag op elke plek en op elke terrein uit te voer?
- Waarom is meeste Christene traag en bang om Jesus se opdrag uit te voer?
- Waarom móét ons Jesus se opdrag uitvoer?
- Watter voordele hou die maak van dissipels en die koms van die Koninkryk op elke terrein in?

Onthou:

- Ons opdrag is om dissipels te maak en om die Koninkryk te verkondig en te demonstreer.

Wenke vir kiesers:

X Beywer jou allereers vir die koms van die Koninkryk van God.

Gebed:

† Bid dat elke Christen Jesus se opdrag as hul persoonlike verantwoordelikheid sal aanvaar. Dissipels moet gemaak word waar mense leef en werk. Nie nét in die kerk nie! Die Koninkryk moet kom waar mense leef en werk. Nie nét in die kerk nie!



- † Vra dat die Here aan spesifieke mense (noem hulle name voor Hom) wedergeboorte en bekering sal skenk. Bid dat God hulle geestelike blindheid sal wegneem en dat hulle die goeie boodskap van die Evangelie sal glo (2 Korintiërs 4:4).

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Zimbabwe**.

Dag 8

Maar baie is bang...!

Lees: Numeri 13:26-33; Numeri 14:10-11 en 26-30; Romeine 15:4

Die opdrag is duidelik: Beywer julle vir die Koninkryk en maak dissipels. Maar ... ons is so bang!

Daar is baie lesse te leer uit die geskiedenis van Israel. Die Here het belowe om Abraham se God te wees en aan hom 'n wonderlike land en 'n groot nageslag te gee (Genesis 17:1-8). Na 430 jaar van slawerny in Egipte het die Here Moses geroep om sy volk uit Egipte te lei. Toe hulle by die beloofde land, Kanaän, kom, het die Here vir Moses beveel om manne vooruit te stuur om die land, "... wat Ek aan die Israeliete sal gee,..." (Numeri 13:1) te verken. Moses het dit gedoen. Hy het 'n duidelike opdrag aan die spioene gegee (Numeri 13:17-20). Die doel van die verkenning van die land was nie om te bepaal of die volk die land in besit sou kon neem of nie. Die doel was om Israel te motiveer om die land wat die Here aan hulle wil en sou gee, op bevel van die Here in besit te neem. Al besluit wat hulle kon neem was hóé om dit te doen. Ongelukkig het 10 van die 12 verkenners besluit om buite hulle mandaat verslag te doen. Hulle het vergeet van al die tekens en wonders wat God op pad gedoen het. Hulle het op die vyand en hulleself gefokus en so onbevoeg soos sprinkane gevoel. Hulle was oortuig dat dit onmoontlik was om die land in te neem, want daar was reuse! Daarom het hulle 'n slegte gerug oor die land onder die mense versprei. Hulle het hulle teen Moses verset en God se integriteit bevraagteken. Hulle het beweer dat Hy 'n verskuilde motief het. Dat Hy hulle nooit uit Egipte gelei het om aan hulle die Beloofde Land van melk en heuning te gee nie, maar om hulle te laat doodmaak en hulle vrouens en kinders krygsgevangenes te laat word (Numeri 14:1-4). Hulle het selfs gedreig om die twee manne (Josua en Kaleb) wat nie met die meerderheids-verslag saamgestem het nie, met klippe dood te gooi (Numeri 13:26 tot 14:10). Dit het God baie kwaad gemaak. "*Die Here het vir*



Moses gesê: 'Hoe lank sal hierdie volk my almag bly onderskat? Hoe lank sal hulle weier om op My te vertrou ten spyte van al die wonders wat Ek onder hulle gedoen het'" (Numeri 14:11). **Toe het die Here vir hulle gegee wat hulle geglo en vir mekaar gesê het, en nie wat Hy hulle belowe het nie!** Lees Numeri 14:2 en 28-30! Lees dit asseblief!

Álle Christene moet hieruit leer. Die Here het aan ons die opdrag gegee om al die nasies te dissipel en die grondgebied van sy Koninkryk te vergroot totdat dit die hele wêreld insluit. Hy het reeds die Satan en die wêreld oorwin (Johannes 16:33; Hebreërs 2:14-15; 1 Johannes 3:8). Alle mag en gesag behoort reeds aan Hom en Hy is met ons (Matteus 28:18-20). Hy het aan ons sy Gees gegee. Sy Gees het ons reeds met krag en 'n groot verskeidenheid gawes en bedieninge toegerus om sy opdrag uit te voer. Ons **kán** die nasies dissipel en die heerskappy van Christus oor die hele wêreld vestig. Die opdrag is uitvoerbaar! Die *"Belofde Land"* **kán** ingeneem word (vgl. Deuteronomium 1:21).

Maar wat doen ons? Ons spandeer te veel tyd in die geselskap van die reuse (vgl. 1 Samuel 17:8-16) en te min tyd in die geselskap van die Koning (Bybel en gebed). Daarom praat ons oor die gevaar van die Antichris; die Illuminati; geldmagte; samesweringsteorieë; waansinnige politieke leiers; die rol van wêreldmoondhede; valse godsdienste; die merk van die dier en korrupsie op alle vlakke; Babiloniese magte (almal wat politieke, ekonomiese en kerklike mag misbruik om hulleself te verryk en die koninkryk van duisternis te bevorder), ensovoorts. Ons leen ons ore uit aan die Media. Maar die Media praat meer oor alles wat die duiwel doen (Johannes 10:10a = steel, slag en uitroei) as oor wat God doen (Johannes 10:10b = lewe in oorvloed)! Daarom word ons bang. Ons voel bedreig, minderwaardig en swak. Ons fokus op oorlewing en nie op oorwinning nie. Op mense se opinie van ons, en nie op die uitvoering van ons opdrag nie. Ons wag op die sogenaamde wegraping. Die wêreld is te groot en te sterk vir ons – ons vrouens en kinders gaan krygsgevangenes word. God moet ons uit hierdie plek wegraap, want hier gaan ons dit nie maak nie.

Maar ons gaan nie weggeraap word nie. Jesus het die Vader uitdruklik gevra om ons nie uit die wêreld weg te neem nie, maar om ons, terwyl ons in die wêreld is, van die Bose te bewaar (Johannes 17:15). *Hoekom?* Omdat Hy ons na die wêreld gestuur het soos die Vader Hom na die wêreld toe gestuur het (Johannes 17:18). *Waarom?* Om alle nasies te dissipel! Om die Koninkryk te verkondig én te demonstreer (Matteus 28:18-20 en Lukas 9:1-2)!

Die wêreld fokus op alles behalwe dit wat stadig maar seker onder hulle neus besig is om te gebeur: die koms en die groei van die Koninkryk van



God! Die wêreld beledig en verkleineer mense wat God se opdragte uitvoer (vgl. Nehemia 4:1-8). Hulle ignoreer die Koning en onderskat sy mag en gesag. Maar God lag vir hulle (Psalm 2). Hy ken hulle einde!

Die Koninkryk kom! Nasies word ge-dissipel! Die aarde sal gevul word met die kennis van die heerlijkheid van God (Habakuk 2:14). Babilon gaan val en nét die Koninkryk gaan oorbly (Openbaring 18; Daniël 2:35 en 44)!

Die kerk, ek en jy, moet 'n keuse maak:

1. **Óf** ons fokus op die reuse, sien onself as sprinkane en ontvang nie wat God belowe het nie (dit is die Koninkryk);
2. **Óf** ons fokus op die Koning, die oorwinnings wat Hy reeds behaal het en die toerusting wat Hy ons gegee het. Dan sê ons wat Dawid vir Goliath gesê het: *"Jy kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het. Vandag sal die Here jou in my mag oorgee sodat ..."* (1 Samuel 17:45-46).

Hou op spekulêr oor wie die Antichris is. Maak seker jy weet Wie Christus is! Moenie tyd mors om die duisternis te ontleed nie. Bring die lig! Moenie glo dinge gaan al erger word nie. Stel jouself tot beskikking van die Koning sodat Hy jou kan gebruik om dinge al beter te maak! Moenie aanvaar die vyande van God se Koninkryk sal altyd die meerderheid wees nie. Dissipel die nasies! Moenie glo jy kan geen verskil in die wêreld maak nie. Gebruik die gawes van die Gees in ooreenstemming met die vrug van die Gees. Jy sál sien hoe God sy Koninkryk deur jóú bou! Die wêreld gaan nie deur 'n paar dinamiese Evangeliste verander word nie, maar deur miljoene dissipels wat dissipels maak – een vir een.

Jy het 'n keuse: Vrees óf gehoorsaamheid. Maar alle keuses het gevolge.

Besprek:

- Besprek die volgende stelling: Die politiek/staatsdiens lyk soos dit lyk (selfsug, magmisbruik, korrupsie en swak dienslewering, ens.), omdat Christene te bang is om die politieke reuse in die Naam van Jesus tromp-op te loop. Die ekonomie lyk soos dit lyk (uitbuiting, korrupsie, inflasie, onbeheerbare skuld, groter-wordende gaping tussen ryk en arm, ens.) omdat Christene dink die (internasionale) ekonomiese reuse en stelsels wat deel van die Babiloniese sisteem is, is onaantasbaar. Hulle kan ons mos seermaak. Hulle vergeet wat God oor die Galdeërs



(Habakuk 2:5-19) en oor Babilon (Openbaring 18) gesê het. Landbou lyk soos dit lyk (vernietiging van grond-lewe en grond-vrugbaarheid, hongersnood, kos sonder werklike voedingswaarde en genesende krag, wêreldwye hoë selfmoordsyfers onder boere; die stygende gemiddelde ouderdom van landbouers; droogtes, peste en plae, ens.) omdat Christene gemaklik geraak het met kortsigtige landbou-praktyke, in plaas daarvan om te verseker dat almal sal proe en sien dat God goed is (Psalm 34:9). Dieselfde geld vir die mynbou, toerisme, ens.

- Is jy oortuig dat die Koninkryk van God ook in die politiek kan en móét kom? Motiveer jou antwoord.
- Spandeer jy genoeg tyd in die Woord en in gebed om jou geloof, hoop en liefde te bou? Of vul jy jou gedagtes met al die negatiewe en angswekkende mediaberigte wat die teelaarde vir vrees, wanhoop en bitterheid is? Waarom móét ons Jesus se opdrag uitvoer?

Onthou:

- Ons leef in die tyd van die Koninkryk! Dis tyd om die hele land en al die mense onder beheer van Koning Jesus te bring! Ons kan! Ons kan!

Wenke vir kiesers:

- X** Raak doelgerig betrokke in die politiek en die regering van jou gemeenskap en land. Onthou die doel is Koninkryk!

Gebed:

- † Prys die Here! Ons leef in die tyd van die Koninkryk!
- † Praat met die Here oor jou persoonlike verantwoordelikheid ten opsigte van die koms van die Koninkryk waar jý leef en werk.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Mosambiek**.



DEEL 2

JOU BESLUITE HET GEVOLGE

Kinders behoort van kleins af geleer te word dat alle keuses en besluite gevolg het. **Dit is hoe die lewe werk.** Dit geld ook in die politiek en vir die politieke besluite wat ons neem.

In 'n demokratiese land het alle geregistreerde burgers bo 'n sekere ouderdom normaalweg die reg om te mag stem. Dit beteken hulle het die reg om 'n besluit te neem en 'n keuse te maak: Wie gaan oor ons regeer?

Óf jy jou kruisie trek en agter watter individu of party se naam jy dit doen, het dus 'n invloed op jou en jou kinders se toekoms.

Dink mooi, voor jy 'n besluit neem.

Dag 9

Jy het 'n keuse. Maar jou keuse het gevolge

Lees: Deuteronomium 30:19-20

“Vandag gee ek aan jou die keuse tussen lewe en dood, tussen seën en vloek. ... Mag jy tog die lewe kies sodat jy en jou nageslag mag lewe! Om die HERE jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam en jou aan Hom te verbind, bring vir jou die lewe” (Deuteronomium 30:19-20. NLV).

Hieruit leer ons:

- ✓ God gee jou altyd 'n keuse. Maar Hy sê ook jou keuse het gevolge;
- ✓ God sê wat jy moet kies;
- ✓ Jou keuse het gevolge vir jou nageslag;
- ✓ God laat die keuse in jou hande. Maar jy moet en sal die gevolge daarvan dra.

Keuses werk so: Norman is 13 jaar oud. Sy vriende bied hom 'n sigaret aan. **Norman moet dadelik kies: Ja óf nee!** Sy keuse het gevolge, al



dink hy nie daaraan nie. **Alle besluite het gevolge!** Hy moet besluit met watter gevolge hy wil saamleef:

As hy weier om te rook, kan sy maats hom spot en verwerp. Sien hy kans om met dié gevolg van 'n nee-besluit saam te leef?

As hy die sigaret neem en rook, kan hy daaraan verslaaf raak. Dit sal hom baie geld kos. Geld wat hy kon gebruik om vooruit te gaan in die lewe. Sy gesondheid kan ook daaronder ly: rook is sleg vir jou gesondheid. Sy besluit om te begin rook kan ook die deur na ander verslawing, soos drank en dwelms, oopmaak. Sien Norman kans om met dié gevolge van 'n ja-besluit saam te leef?

Alle besluite het gevolge. Daarom moet jy leer om vooruit te dink. Voor jy kies, moet jy aan al die gevolge van jou besluit dink. Jou keuse het gevolge vir jou en jou nageslag.

Bespreek:

- Watter besluite het jy al geneem wat slegte gevolge gehad het? Watter besluite het goeie gevolge gehad? Was daar besluite wat goeie én slegte gevolge gehad het? Noem voorbeelde.
- Dis verkiesingstyd. Wat dwing dit jou om te doen?
- Wat beteken dit as jy nie stem nie? Beteken dit dat jy nie 'n keuse gemaak het nie? Watter gevolge is daar as jy besluit om nie te stem nie?

Onthou:

Elke verkiesing dwing jou om 'n besluit te neem, al wil jy nie by politiek betrokke raak nie. Elke besluit wat jy neem, het gevolge.

- Elke besluit het goeie en/of slegte gevolge vir jou en jou nageslag.
- Dis jou politieke reg om te stem, maar daar is gevolge as jy stem. Daar is ook gevolge as jy nie stem nie.
- Dit maak nie saak vir watter party jy stem nie. Daar is altyd gevolge.

Wenke vir kiesers:

- X** Dink vóóruit, want alle besluite het gevolge.
- X** Neem net 'n besluit indien jy bereid is om met die gevolge daarvan saam te leef.
- X** Indien jy nie met die gevolge van 'n besluit wil saamleef nie, neem 'n ander, beter besluit.



Gebed:

- † Gesels met die Here oor jou besluite en die gevolge daarvan.
- † Vra die Heilige Gees om jou te help om die regte besluit te neem.
Vra Hom wat die gevolge van jou besluit gaan wees.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Zambië**.

Dag 10

Jou keuse het gevolge vir vandag én vir die toekoms

Lees: Spreuke 1:31, asook 14:15 en 27:12; Galasiërs 6:7-8

Alle besluite het gevolge. Party gevolge is goed en lekker. Ander is sleg en pynlik. Maar dis nie só eenvoudig nie. Meeste besluite het positiewe (goed/lekker) én negatiewe (sleg/pynlik) gevolge. Dink weer aan die besluit wat Norman moes neem. Albei besluite sou negatiewe (slegte) en positiewe (goeie) gevolge hê.

'n Nee-besluit sou dadelik 'n *negatiewe* gevolg hê: sy maats sou hom spot en dalk verwerp. Maar op die lange duur sou dit 'n positiewe gevolg hê: hy sou geld spaar en gesonder wees. Dalk sou dit hom laat goed voel omdat hy nie aan groepsdruk toegegee het nie. Dit sou hom sterker maak en help om nie met ander dwelms te eksperimenteer nie.

'n Ja-besluit sou dadelik 'n *positiewe* gevolg hê: hy sou in wees by sy pêle. Maar op die lange duur sou dit negatief wees: dit sou hom baie geld kos, sy gesondheid benadeel en die deur oopmaak om ander dwelms te begin gebruik.

Wat Norman ook al besluit het, dit sou goeie én slegte gevolge hê:

- As hy **sou** rook: Korttermyn gevolge goed - langtermyn gevolge sleg.
- As hy **nie** sou rook nie: Korttermyn gevolge sleg - langtermyn gevolge goed.

Daarom: dink voor verkiesingstyd oor die gevolge van jou besluit. Dink aan die korttermyn én die langtermyn gevolge. Kies dan met watter besluit se gevolge jy bereid is om mee saam te leef. Onthou: jou besluit bepaal jou én jou kinders se toekoms.



Jy kies gewoonlik wat nou vir jou lekker is. Jy dink nie eers daaraan dat dit ook slegte gevolge kan hê nie. Dis gewoonlik die verkeerde besluit. **Kies wat op die langtermyn die beste is, al is dit nie nou vir jou lekker nie.**

Bespreek:

- Lees 1 Samuel 8:1-22. Israel wil 'n koning hê. Samuel bid. Wat doen hy nog? Lees veral vers 9, asook 18-22.
- Wat is julle ervaring? Dink kiesers aan die onmiddellike én die langtermyn gevolge van hulle keuses? Hoekom sê julle só?
- Lees Spreuke 27:12. Wat doen verstandige mense? Wat doen onervare mense?
- Dink terug aan die vorige verkiesing. Het die keuse van die meerderheid kiesers goeie en/of slegte gevolge gehad? Noem voorbeelde.

Onthou:

- **Elke besluit het gevolge.**
- **Elke besluit het goeie** (positiewe) **en slegte** (negatiewe) **gevolge.**
- **Elke besluit het korttermyn en langtermyn gevolge.**
 - ✓ Jy moet bereid wees om met die gevolge van jou besluit saam te leef.

Wenke vir kiesers:

- X Dink vooruit, want elke keuse het korttermyn én langtermyn gevolge.**
 - ✓ Dink wat die gevolge van jou besluit gaan wees:
 - Dink aan die onmiddellike gevolge.
 - Dink aan die langtermyn gevolge.
 - ✓ Dink mooi of jy bereid is om met die gevolge van jou besluit saam te leef.
- X Wanneer jy gaan stem, dink aan die toekoms, nie net aan vandag en môre nie. Die besluit wat op die lang duur die grootste voordeel vir die meeste mense inhou, is gewoonlik die beste besluit.**

Gebed:

- † Vra die Heilige Gees om jou te help om vooruit te dink. Vra Hom om jou bewus te maak van die gevolge van elke besluit.
- † Bid vir jou kinders en kleinkinders. Bid nou al vir die regering wat oor hulle gaan regeer.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Malawi**.



DEEL 3

GOD IS KONING. HY REGEER VIR ALTYD

'n Mens maak nie altyd die regte afleidings op grond van dit wat jy sien nie. As jy met jou fisiese oë na die regering en die gebeure rondom jou kyk, kan jy dink dat hulle alle mag het om te doen wat hulle wil. Maar dis 'n verkeerde afleiding. Die waarheid is dat alle mag aan God behoort. Hy het mag om konings aan te stel en te verwyder. Deur Josef, Dawid en Daniël het Hy sy verbond met Israel in stand gehou en sy koninklike mag gedemonstreer. God het Jesus vir ewig Koning gemaak. Hy het aan Hom 'n Naam bo alle name en 'n posisie hoër as enige ander wese gegee.

Jesus regeer oor die regeerders van hierdie wêreld.

Moet dit nooit vergeet nie. Moet jou nie laat bangpraat nie. Moenie in vrees lewe nie, tensy jy steeds weier om Jesus as Verlosser en Here te aanvaar.

Dag 11

Josef is deur God geroep

Lees: Genesis 37:5-11; 41:40-44; 50:19-21

Josef (Genesis 37 tot 50) is duidelik deur God uitgekies om 'n belangrike rol in die geskiedenis van Israel te speel. Daarom het God hom twee drome gegee. Dit het sy broers jaloers en baie kwaad gemaak. Hulle het hom as slaaf verkoop en só het hy in Egipte beland. Dáár is hy vals beskuldig en het hy in die tronk beland. Maar God was steeds met Josef en hy was selfs daar 'n suksesvolle leier (Genesis 39:19-23). Die Here het aan Josef wysheid gegee en aan hom openbaar wat die Farao se drome beteken. Toe die Farao besef dat niemand soveel verstand en wysheid soos Josef het nie, het Hy hom oor alles en almal aangestel. Net die Farao was bo hom. Josef het die wysheid en verstand wat God hom gegee het, gebruik om die roeping en opdrag van die Here uit te voer. Hy het graan opgegaar gedurende die sewe jaar van oorvloed en dit gedurende die sewe jaar van hongersnood verkoop (Genesis 41:37-57). Josef het ook graan aan sy pa en



broers verkoop. Sy broers het voor hom gebuig. Josef het verstaan dat God hom vir 'n spesifieke doel na Egipte gestuur en in dié besondere magsposisie geplaas het (Genesis 45:5-8).

"Maar Josef het hulle geantwoord: Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het. Moenie bang wees nie. Ek sal sorg dat julle en julle kinders kos het" (Genesis 50:19-21a).

Dit is duidelik: God bly getrou aan sy verbond met Abraham en sy nageslag. Hy is hulle God en Hy sorg vir hulle. Daarom het Hy Josef geroep en sy karakter gevorm. Hy het hom 'n goeie verstand en besondere wysheid gegee. Josef het geweet dat dit God was wat hom in dié hoë posisie geplaas het. God het dit deur die Farao gedoen. Daarom het Josef aangehou om God te dien (Genesis 42:18). Sy politieke sukses was aan God te danke (Genesis 39:23).

Bespreek:

- Wie weet en wie bepaal wat in die toekoms gaan gebeur?
- Lees Genesis 41:40-44. Beteken dit dat die Farao die finale sê oor Josef gehad het? Is dit regtig die Farao wat Josef aangestel het? Lees Psalm 105:16-22 en Spreuke 21:1.
- God het aan Abraham belowe om vir altyd sy, én sy nageslag se God te wees en vir hulle te sorg (Genesis 12:1-3 en Genesis 17:1-8). God het geweet dat daar sewe jaar hongersnood op pad was. Hy het geweet wat om te doen om te verseker dat die nageslag van Abraham nie almal van honger omkom nie. Daarom het Hy Josef geroep, voorberei en aangestel. Dink jy/julle dat God vandag nog mense roep, voorberei en aanstel om sy wil op politieke terrein uit te voer?
- Mag Christene weier om by politiek betrokke te raak, terwyl God self dáár betrokke is?

Onthou:

- God regeer!
- God is ook in beheer van die politiek. Hy gee aan leiers die gesag om besluite te neem en te sorg dat dit uitgevoer word.
- God roep nie net predikante en pastore nie.
 - ✓ Hy roep ook mense om te regeer – politici!
 - ✓ Hy gee aan hulle gesag.
 - ✓ Hy plaas hulle in 'n posisie om besluite te neem en te sorg dat dit uitgevoer word.



- Politieke leiers wat deur God geroep is, moet God se doel verstaan en aan Hom gehoorsaam bly.

Wenke vir kiesers:

- X Dink na oor wat God in die land wil doen.
- X Watter party of onafhanklike kandidaat verstaan dat hulle deur God geroep is en in sy diens staan?
- X Watter party of onafhanklike kandidaat is bereid om uitvoering te gee aan wat God nou en in die toekoms wil doen?

Gebed:

- † Praat met die Here oor bogenoemde drie wenke aan kiesers.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Tanzanië**.

Dag 12

Dawid is in opdrag van die Here tot koning gesalf

Lees: 1 Samuel 16:1 en 11-13; Handeling 13:22

God het in Dawid al die potensiaal van 'n koning gesien (1 Samuel 16:1). Daarom het God aan sy profeet, Samuel, die opdrag gegee om Dawid as koning te salf. Dis duidelik dat Samuel nie maar net olie op Dawid uitgegooi het nie. Hy het Dawid gesalf en van toe af het die Heilige Gees kragtig in sy lewe gewerk (1 Samuel 16:13). Maar Dawid het nie dadelik koning geword nie. Vir meer as 10 jaar het God aan Dawid se karakter gebou en sy leierskap ontwikkel. Hy het hom gehelp om die vaardighede aan te leer wat hy nodig gehad het om 'n goeie koning te wees. In Psalm 78:70-72 lees ons: ***"Hy het Dawid as sy dienaar gekies en hom van die skaapkrale af weggeneem. Agter die lammerooie het Hy hom weggehaal om sy volk Jakob, sy eiendom Israel, te versorg. Dawid het die volk met toewyding versorg (integriteit) en hulle met oorleg gelei (vaardigheid)."***

Tog het Dawid owerspel en moord gepleeg. Hy het seks met Batseba gehad. Hy het dit probeer wegsteek deur sy politieke mag te misbruik en 'n slinkse plan gemaak. Dit het tot die dood van Batseba se man, Urija,



gelei (2 Samuel 11:1 tot 12:25). Maar Dawid het berou gehad oor sy sonde. Hy het dit opreg voor die Here bely. Hy het die Here gesmeek om nie sy Heilige Gees van hom af weg te neem nie. Hy het 'n rein hart, 'n vaste koers en 'n eerlike getuigenis van die Here gevra (Psalm 51). Dawid was 'n man na God se hart (1 Samuel 13:14).

Die Here het aan Dawid belowe dat iemand uit sy nageslag vir altyd op die troon sal sit en as koning regeer (Handelinge 2:29-36). Jesus Christus is uit die nageslag van Dawid gebore. In Hóm het God sy belofte aan Dawid vervul (Handelinge 13:19b-37).

In Dawid kry ons dus nóg 'n bewys dat God nie net kerklike ampsdraers (Priesters en Leviete) vir sy diens roep nie. God roep ook konings! Regeerders! Dawid is deur God geroep om sy volk met integriteit en vaardigheid te lei. Dawid se koningskap het vooruit gewys na Jesus, die ewige Koning!

Bespreek:

- Sommige mense dink dat God nie omgee **wie** oor sy mense regeer nie. Indien dít waar is, waarom het Hy Dawid bo al sy broers uitgekies om koning te word (1 Samuel 16:5-12)?
- God het Dawid met sy Heilige Gees toegerus en hom meer as 10 jaar lank vir sy koningskap voorberei. Dink jy dit bewys dat God omgee **hoe** iemand oor sy mense regeer?
- Mag Christene weier om by politiek betrokke te raak, ten spyte van die feit dat God omgee **wie** en **hoe** oor sy kinders regeer word? Mag hulle weier om te stem indien hulle die reg het om te stem?

Onthou:

- Dit is vir God belangrik **wie** oor sy kinders (sy volk) regeer.
- Dit is vir God belangrik **hoe** oor sy kinders (sy volk) regeer word.
- God wil jou as sy kind gebruik om te bepaal **wie** gaan regeer en **hoe** hulle gaan regeer.
- Wat vir God belangrik is, moet ook vir jou belangrik wees! Onthou, God kyk anders na mense (1 Samuel 16:7b).

Wenke vir kiesers:

- X** **Wie** wil God hê moet nou in jou dorp, provinsie en/of land regeer?
- X** **Hoe** wil God hê moet dié wat verkies word, regeer?
- X** Is jy bereid om vir God se keuse te stem, net soos Samuel bereid was om God se keuse as koning te salf (1 Samuel 16:12b-13)?



Gebed:

- † Vra die Here om jou te help om leiers en partye te identifiseer deur wie Hý graag wil regeer.
- † Vra dat God politici, regerings en regeringsamptenare deur sy Gees en Woord sal leer om volgens sy wil te regeer.
- † Bid dat die Heilige Gees Christene sal oortuig dat God ook in en deur die politiek werk.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Angola**.

Dag 13

Daniël en sy vriende buig nét voor Hom wat ewig heers

Lees: Daniël 2:34-35 en 44; 3:13-19 en 6:6-11

Daniël is een van die jongmense wat deur koning Nebukadnesar van Babel in ballingskap weggevoer is. Die koning het beveel dat die bekwaamste van dié jong manne uit Israel uitgesoek moes word. Hulle moes vir drie jaar opgelei word om in sy paleis te dien. Daniël en sy drie vriende was deel van die groep begaafde jong manne. Hulle het besluit om nie deur die Babiloniese kultuur ingesluk te word nie. God het aan hulle guns gegee. Hy het hulle ook met besondere verstand, insig en wysheid geseën. Daniël kon gesigte en drome uitleë (Daniël 1:17 en 20). Nadat God Nebukadnesar se droom en die betekenis daarvan aan Daniël openbaar het, het Daniël God geprys en gesê: *"Mag die Naam van God altyd geprys word, Hy aan wie die wysheid en die mag behoort, Hy wat tye en omstandighede verander, wat konings afsit en konings aanstel, wat aan die wyse manne die wysheid gee en die verstand aan dié wat insig het, wat ondeurgrondelike en verborge dinge openbaar en wat weet wat in die duisternis is; by Hom is die lig. ..."* (Daniël 2:19-23). Daniël het onder andere profeties vir Nebukadnesar gesê: *"In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel 'n koninkryk oprig wat nooit vernietig sal word nie. Hierdie koninkryk sal nie deur 'n ander vervang word nie. Dit sal die ander koninkryk plat trap en vernietig, maar self sal dit vir altyd bestaan"* (Daniël 2:44).



Daniël se drie vriende het ook aan God getrou gebly. Hulle is in 'n vuuroond gegooi omdat hulle nie voor politieke druk wou swig en God wou verloën nie. God het hulle gered en koning Nebukadnesar moes bely dat geen god in staat is om te red soos die God van Sadrag, Mesag en Abednego nie (Daniël 3:28-30). Hy sou moes **"...erken dat die Allerhoogste mag het oor al die koninkryke op aarde en dit gee aan wie Hy wil"** (Daniël 4:25). Hy het God geprys en gesê: **"Alles wat Hy doen, is reg, sy optrede is regverdig. Hy het die mag om hoogmoediges te verneder"** (Daniël 4:37).

Nebukadnesar se opvolger, koning Beltsasar het ook verwaand teenoor die Here opgetree (Daniël 5:1-4). God het hom sy lewensasem en koningskap gegee, maar hy het Hom nie geëer nie. Daarom is hy vermoor en sy koninkryk is verdeel soos God vir Daniël gewys het (Daniël 5:20-30). Koning Darius was een van sy opvolgers. Daniël het so uitgeblink bo die ander amptenare, dat Darius hom oor sy hele koninkryk wou aanstel (Daniël 6:4). Uit jaloesie het die ander toe vir Daniël 'n strik gestel. Daniël het geweier om voor enige ander god te buig en hy is in die leeu kuil gegooi. God het hom gered. Dit het so 'n indruk op koning Darius gemaak dat hy aan al die volke, nasies en taalgroepe oor die hele wêreld 'n brief gestuur het (Daniël 6:26). **"Voorspoed! Ek gee hiermee opdrag dat in my hele koninkryk die God van Daniël gevrees en geëer moet word. Hy is die lewende God, Hy bestaan vir ewig; sy koninkryk sal nie vernietig word nie, sy heerskappy sal nooit eindig nie. Hy red en bevry, Hy doen tekens en wonders in die hemel en op die aarde; Hy het Daniël uit die kloue van die leus gered"** (Daniël 6:27-29).

Bespreek:

- Wat is die één boodskap wat in Daniël 1-6 herhaal word? Wie regeer? Wie is in beheer? Wie het die laaste sê?
- Wat het gemaak dat heidense konings moes erken en bely dat daar nét één God is en dat Hy mag en gesag oor alle aardse koninkryke het?
- Hoeveel koninkryke is daar in hierdie wêreld volgens Daniël 2:44?
- Watter koninkryk wil jy bou en bevorder? Hoe gaan jy dit doen?
- Hoe troos en bemoedig die boodskap van Daniël 1-6 jou wanneer jy bang en benoud word as gevolg van politieke gebeure (plaaslik en internasionaal)?
- Wat is God se houding teenoor die wat dink hulle het die mag in hulle hande? Lees Psalm 2:1-6; 37:13; 59:9.



Onthou:

- God se Koninkryk sal altyd bly groei. Dit sal nooit tot 'n einde kom nie!
- God verwag dat jy aan Hom getrou sal bly en jou nie deur politieke druk sal laat intimideer nie. Hy is die enigste, ewige en ware Koning.
- Moenie bang wees nie! Die enigste koninkryk wat nooit gaan val nie, is God se Koninkryk!

Wenke vir kiesers:

- X **Moenie bang wees nie!** Leef jou getuienis.
- X **Moenie bang wees nie!** Die magte van die hel sal nie die kerk van Christus oorweldig nie (Matteus 16:18). Die koninkryke en regeerders van die aarde kan nie die groei van God se Koninkryk keer nie (Daniël 6:27).
- X **Moenie bang wees nie!** Moet jou nie laat intimideer om God in die politiek te verloën en voor afgode te buig nie.

Gebed:

- † Vra die Here om jou te help om nie bang en ontrou aan Hom te word nie (Openbaring 21:8).
- † Bid dat God se Naam in die politiek geheilig sal word; dat sy wil sal geskied, en dat sy Koninkryk sal kom.
- † Bid vir Christene in die regering. Vra dat die Heilige Gees aan hulle besondere wysheid en buitengewone bekwaamheid sal gee. Bid dat hulle altyd en onder alle omstandighede aan God getrou sal bly, ongeag die prys (Daniël 3:17-19).

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in die **DRK**.



Dag 14

Koning Jesus – Heerser oor die konings van die aarde

Lees: Jesaja 9:5-6; Filippense 2:5-11; Openbaring 1:4-6

God het Dawid belowe dat iemand uit sy nageslag vir altyd as koning op sy troon sal sit. Daniël se hele lewe en optrede het getuig dat daar net één God is. Hy regeer vir ewig en Hy het mag en gesag oor alle aardse koninkryke. Jesaja het dieselfde geprofeteer (Jesaja 9:5-6). Hy het gesê dat die Heilige Gees Jesus vir sy taak sou toerus. Hy het ook geprofeteer dat Jesus regverdig en betroubaar sal regeer (Jesaja 11:3-5).

In Lukas 1 lees ons dat die engel Gabriël aan Maria verskyn het. Hy het bevestig dat die Here al hierdie beloftes en profesieë gaan vervul deur aan haar 'n seun te gee. ***"Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie"*** (Lukas 1:31-33).

Jesus het sy Vader liefgehad. Hy het altyd alles presies gedoen soos sy Vader Hom beveel het. Daarom het die Satan géén mag oor Jesus nie (Johannes 14:30-31). Jesus was tot die dood toe aan God gehoorsaam. God het Hom uit die dood opgewek en aan Hom 'n Naam en 'n posisie gegee bo alles en almal (Filippense 2:5-11 en Efesiërs 1:19b-22). Daarom kon Jesus die Satan beveel om die sleutels van die dood en die doderyk aan Hom te oorhandig (Openbaring 1:18). Voor sy Hemelvaart het Jesus dit baie duidelik gestel: ***"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde"*** (Matteus 28:18).

Jesus is nou besig om vanuit die hemel as Koning te regeer (1 Korintiërs 15:20-28). Hy regeer in reg en geregtigheid. Hy regeer sóos sy Vader wil. In die hemel gebeur alles reeds in ooreenstemming met die wil van die Vader. Maar hier op aarde is die vestiging van God se Koninkryk nog in proses. Hy het my en jou beveel om deel te neem aan die proses. Ons moet seker maak dat God se Koninkryk oral kom. Daarom moet ons aanhou bid dat sy Koninkryk sal kom. Ons moet aanhou om ons vir die koms van die Koninkryk van God te beywer (Matteus 6:10 en 33). Ons moet



God op elke terrein van die lewe gehoorsaam: huwelik en gesin, landbou, onderwys en politiek. Sy wil moet **oral** op aarde geskied soos in die hemel. God se wil moet ook geskied in **hóé** regerings regeer! God wou deur Salomo self oor Israel regeer (1 Kronieke 28:5). Net so wil Jesus Christus vandag self oor elke volk, stam, taal en nasie regeer. Hy wil dit doen deur Christen-politici en/of leiers wat net soos Hy, altyd in alles aan die Vader gehoorsaam is.

Bespreek:

- God se Koninkryk kom in die landbou wanneer Christen-boere (werkgewers en werknemers) 24/7 aan God gehoorsaam is en sy wil doen. Die vraag is: **Hóé** sal God se Koninkryk op die politieke terrein kan kom as Christene niks met politiek te doen wil hê nie?
- **Hóé** behoort regerings te regeer?
- Wie gee gesag aan regerings en politieke leiers – selfs al is hulle nie Christene nie? Lees Johannes 19:10-11 en Romeine 13:1.
- God se kinders het geen rede om bang en bekommerd te wees nie. Beteken dit dat hulle nie hoef te stem as hulle die geleentheid het nie? Beteken dit hulle moet net aanvaar wie ook al oor hulle regeer?

Onthou:

- Christus Jesus heers oor die konings van die aarde. Sy Koninkryk is ewig!
- Jy moet jou deel doen om te verseker dat regerings en politieke leiers ook die wil van die Koning gehoorsaam.
- Alle mag en gesag word deur God aan mense gegee. As hulle dit misbruik, sal God dit een of ander tyd van hulle af wegvat. Hulle sal tot 'n val kom.
- God eis rekenskap van almal wat regeer oor die manier waarop hulle regeer.

Wenke vir kiesers:

- X** Gebruik jou stem om mense in beheer te plaas:
 - i.** wat God se Naam eer en Hom as ewige Koning erken;
 - ii.** wat hulle beywer vir die koms van God se Koninkryk op aarde;
 - iii.** wat wil hê God se wil moet op aarde geskied soos in die hemel.
- X** Moenie 'n ander koninkryk met jou stem bevorder nie.

Gebed:

- † Loof, prys, dank en aanbid Hom wat vir ewig Koning is.



- † Bid dat Christene hulle invloed in regerings sal laat geld. Bid dat hulle nie van die politieke terrein sal onttrek nie, want dan sal dit vir die koninkryk van Duisternis maklik wees om veld te wen.
- † Bid dat almal wat regeer sal besef dat hulle net mag het omdat God dit aan hulle gegee het. Bid dat hulle sal besef dat hulle aan God rekenskap sal moet gee oor hoe hulle hulle mag gebruik.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in die *Kongo*.



DEEL 4

WANNEER MAG IN VERKEERDE HANDE BELAND, IS DIT NAG

Politiek is nie 'n grap nie. Dis lewensbelangrik dat Christene moet sorg dat mag nie in verkeerde hande beland nie. Dis makliker om dit te voorkom as om agterna die beheer te probeer terugkry.

Dag 15

Regeerders het mag

Lees: 1 Samuel 8:1-20

In 1 Samuel 8 lees ons dat alle leiers baie mag het. Dit maak nie saak of hulle deur God aangestel óf deur mense verkies is nie. Hulle het mag! Daar is meer as een regeringstelsel. Die bekendste is waar konings, óf diktators, óf 'n verkose regering regeer. Wanneer 'n **koning** sterf, word sy oudste seun gewoonlik die nuwe koning. Die koningskap word binne 'n bepaalde familie van geslag tot geslag oorgedra. **Diktators** is individue of klein groepies mense wat hulle politieke mag misbruik om hulleself te bevoordeel. Hulle gebruik geweld om mense te onderdruk en hulle wil op mense af te dwing. Hulle heers deur vrees in te boesem. In 'n **demokrasie** kan mense sêf besluit wie oor hulle regeer. Stemgeregtigde burgers kies hulle eie politieke leiers om oor hulle te regeer. Maar onthou: alle politieke leiers het mag.

Op 'n plaas was daar 21 werkers. Hulle kon kies of hulle op die 15de of op die laaste dag van die maand betaal wou word. Party wou aan die einde van die maand betaal word sodat hulle dan hulle goed kon gaan koop. Ander wou in die middel van die maand betaal word omdat die dorp te besig is aan die einde van die maand. Die werkgewer het gesê hulle kon self kies, maar álmal moes by die meerderheid se besluit inval. Net 12 werknemers het op “stemdag” gestem. **Sewe** het verkies om aan die einde van die maand betaal te word. **Vyf** het gestem vir die middel van die maand. **Nege** mense het nie gestem nie. Na 'n paar maande was meeste mense ontevrede met die besluit. Maar dit was te laat vir trane.



Sewe uit 12 het vir die einde van die maand gestem. Met 58.3% van die stemme was hulle die meerderheid. Maar eintlik was hulle net 33.3% (sewe uit 21) van die mense op die plaas. Die nege mense wat nie gestem het nie, het toegelaat dat die sewe wat vir die einde van die maand gestem het, besluit het wat almal moet doen. Dis hoe 'n demokrasie werk. Hoe minder mense stem, hoe makliker is dit vir 'n party om die verkiesing te wen, al verteenwoordig hulle nie die meerderheid van die mense in die land nie.

Bespreek:

- Waarom wil so baie mense in 'n demokratiese land niks met politiek te doen hê nie? Waarom wil hulle nie aan verkiesings deelneem nie?
- Het iemand wat nie wil stem nie, die reg om agterna te kla oor besluite wat verkose leiers neem?
- Waarom móét jy aan elke verkiesing deelneem?

Onthou:

- **Politieke leiers het die reg om belangrike besluite namens jou te neem.**
 - ✓ Hulle het die reg om wette te maak wat jý moet gehoorsaam.
 - ✓ Hulle kan besluit watter amptenare hulle wil aanstel, selfs al kan die amptenare nie die werk doen nie.
 - ✓ Hulle besluit wat jón kind op skool moet leer én wat hy nie geleer mag word nie. Hulle beheer die onderwysstelsel en sillabus.
 - ✓ Hulle het die sê oor die land se geld en doen dáármee wat hulle wil.
 - ✓ Hulle besluit oor jón gesondheid, jón veiligheid, jón godsdiens en die toekoms van jón kinders en kleinkinders.
 - ✓ Hulle besluite maak dit vir jou maklik óf moeilik om werk te kry of jou eie besigheid te begin.
- **In 'n demokratiese land móét jy stem anders kan die minderheid mense hulle besluite op die meerderheid afdwing.**

Wenke vir kiesers:

- X** Sorg dat jy as kieser geregistreer is en neem deel aan elke verkiesing.
- X** Stem vir mense ('n party) wat jy kan vertrou om volgens die wil van God, belangrike besluite namens jou te neem.

Gebed:

- † Vra die Heilige Gees om jou te lei om vir mense / 'n party te stem wat jy kan vertrou om goeie besluite namens jou te neem.



- † Gehoorsaam die opdrag in 1 Timoteus 2:1-4.
- † Bid vir tradisionele konings en koninklike families.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Rwanda**.

Dag 16

Wanneer mag in die verkeerde hande beland, is dit nag!

Lees: 1 Samuel 8:1-5 en Spreuke 17:23

Samuel se ma, Hanna, kon nie kinders hê nie. Sy het lank gebid en gesmeek dat die Here vir haar 'n seun gee. Sy het belowe om dié seun aan die Here toe te wy. Die Here het haar gebed verhoor en sy het gedoen wat sy belowe het (1 Samuel 1). Samuel het die Here gedien en hy was 'n goeie leier (1 Samuel 2:18; 3:19-20; 7:15). Maar Samuel se seuns was nie soos hulle pa nie. Toe hulle Samuel opvolg, het hulle nie die belange van die volk nie, maar hul eie belange bevorder:

- Hulle het hulleself verryk ten koste van ander;
- Hulle het omkoopgeskenke aanvaar;
- Hulle het die regspraak verdraai (1 Samuel 8:3).

Vandag doen swak leiers presies dieselfde. Hulle misbruik die land se geld tot hulle eie voordeel. Hulle gee nie om hoe sleg die land se paaie is nie, solank hulle self net die duurste en beste motors kan ry. Hulle gee nie om hoeveel mense aan Covid-19 sterf nie, solank hulle net miljoene rand uit mediese tenders kan kry.

Swak leiers neem nie goeie besluite nie. As iemand hulle betaal, sal hulle doen wat dié persoon sê, al is dit tot nadeel van die hele land. Hulle dink net aan hulleself. Hulle soek net hulle eie voordeel. Wie omkoop, kan omgekoop word. 'n Politieke leier wat jou stem met 'n bord kos, 'n T-hemp, 'n belofte van werk of geld probeer koop, sal ook, in ruil vir 'n motor 'n tender aan 'n maatskappy gee wat dit nie verdien nie.

Geld wat stom is, maak reg wat krom is. As iemand Samuel se seuns in die geheim 'n paar rand betaal het, was hulle maar te gewillig om skuldige mense onskuldig te verklaar en onskuldige mense te veroordeel. Hulle het die waarheid verdraai om ander te probeer oortuig dat hulle



onskuldig is. Hulle het hulle nie gesteur aan dit wat reg is nie. Hulle het net in geld belang gestel.

Bespreek:

- Noem nog voorbeelde van hoe swak leiers hulleself ten koste van ander verryk; hoe hulle omgekoop word en/of ander probeer omkoop; hoe hulle die uitsprake van howe in hulle en hulle korrupte vriende se guns probeer beïnvloed.
- Watter toekoms het 'n land wat deur leiers regeer word wat soos Samuel se twee seuns is?

Onthou:

- **Wanneer korrupte mense eers die mag het, sal hulle nog meer korrupt raak om hulle mag ten alle koste te behou.**
- **'n Boom word aan sy vrugte geken** (Matteus 7:15-20). Jy kan goeie leiers uitken aan wat hulle doen. Goeie leiers verryk nie hulleself ten koste van ander nie. Hulle betaal of eis nie omkoopgeld nie. Hulle verdraai nie die waarheid om hulle of hulle korrupte vriende se verkeerde dade te probeer wegsteek nie (Eksodus 23:2-3 en 6-8).
 - ✓ **Slegte leiers sal nooit goed regeer nie.** As jy vir hulle stem, moet jy tevrede wees as hulle net dink hoe hulle meer geld en mag kan kry. Hulle dink nie aan wat vir jou of die land goed is nie.
 - ✓ **Moenie net luister wat leiers sê nie. Kyk wat hulle doen.** Doen hulle wat goed en reg en in almal se belang is? Of doen hulle enige iets om meer geld en mag te kry?
- **Hoe leiers leef is belangriker as die mooi dinge wat hulle sê.**

Wenke vir kiesers:

- X** As jy vir korrupte leiers stem en mag in hulle hande plaas, gaan jy en jou kinders vir baie jare met die slegte gevolge van jou keuse moet saamleef.
- X** Dis beter om mag uit die hande van verkeerde mense te hou, as om agterna te probeer om weer die mag van hulle af weg te neem.

Gebed:

- † Bid dat kiesers nie die mag aan korrupte leiers sal gee nie.
- † Bid vir die redding van alle leiers (1 Timoteus 2:1-6).

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Burundi**.



Dag 17

As julle daarvoor soek, gaan julle dit kry. Oppas!

Lees: Jesaja 1:10-20

Thabo se ouers is baie lief vir hom. Hulle het mooi drome en groot ideale vir hom. Daarom leer en onderrig hulle hom met groot geduld en baie liefde. Hy weet presies wat sy ouers van hom verwag. Hy weet ook hoekom hy sekere dinge moet doen, terwyl hy ander dinge nie mag doen nie. Sy ouers het dit oor en oor aan hom verduidelik. Hulle het mooi met hom gepraat, maar Thabo wou nie luister nie. Op 'n dag sê sy pa vir hom: *"Mannetjie, jy soek vir 'n pakslae. Jy beter nou luister, of jy gaan die gevolge van jou ongehoorsaamheid voel. Ons is lief vir jou en weet wat goed is vir jou. Glo dit en luister na ons."* Maar Thabo wou steeds nie luister nie. Toe kry hy wat hy gesoek het: 'n goeie pakslae (Spreuke 3:11-12; Hebreër 12:4-12).

Net so het die Here oor baie jare by sy volk gepleit om op te hou met al die verkeerde dinge wat hulle gedurig gedoen het. Hy het belowe om hulle te vergewe as hulle hul tot Hom bekeer (Jesaja 1:18-20). Maar hulle wou nie luister nie. Hulle het 'n pakslae gesoek. In Jesaja 3 lees ons wat die pakslae is wat God hulle belowe het: God gaan goeie leiers wegvat en gesag aan onvolwasse en wispelturige mense gee.

"Die Here die almagtige God gaan uit Jerusalem en Juda elke stut en steunpilaar verwyder: almal wat sorg vir brood en water, elke weerbare burger, elke soldaat, regter, profeet, waarsêer, leier, offisier, hoë amptenaar, raadgewer, kundige vakman en ervare besweerder. Die Here sal aan onvolwassenes gesag gee oor die volk, wispelturige mense sal oor hulle heers. Die volk sal mekaar te lyf gaan, man teen man, vriend teen vriend; seuns sal grysaards te lyf gaan, en dié wat geen gesag het nie, die vooraanstaandes. ... Jerusalem het gewaggel, Juda het in duie gestort omdat hulle hulle met woord en daad teen die Here en sy gesag verset het. ... Ellende wag vir hulle, hulle het die ramp verdien! ... My volk het kinders as regeerders ... My volk, jou leiers verlei jou en bring jou van koers af... (Jesaja 3:1-12. Lees tot 4:1).



Bespreek:

- Waarom het God goeie leiers met onbevoegde leiers vervang?
- Watter lesse moet God se kinders uit Jesaja 3 en 4 leer?
- Wat moet God doen as die meerderheid mense in die land sê dat hulle Christene is, maar nie volgens God se wil lééf nie?

Onthou:

- **Wanneer God se kinders nie aan Hom gehoorsaam wil wees nie, dwing hulle Hom om hulle te dissiplineer** (Hebreërs 12:4-12).
- **God het sy kinders lief. Daarom wil en kan Hy hulle nie net prysgee nie** (Hosea 11:8-9). Een van die maniere waarop God sy kinders na Hom toe terugroep, is om hulle te laat swaarkry onder die gesag van swak leiers.

Wenke vir kiesers:

- X** As jy die regering wil verander, begin deur jouself te verander.
- X** Word gehoorsaam aan die Here God, vóór jy verwag die regering moet God gehoorsaam.
- X** Fokus op jón eie verantwoordelikheid in die politiek, vóór jy op die regering se verantwoordelikheid fokus.

Gebed:

- † Praat met die Here oor jou verhouding met Hom. Praat met Hom oor jou gehoorsaamheid aan Hom.
- † Bid vir die Kerk van die Here Jesus Christus. Bid dat hulle God 24/7 sal gehoorsaam.
- † Bid dat jou familie en vriende, jou werkgewer en/of werknemers tot bekering sal kom en God in alles sal gehoorsaam (1 Timoteus 2:1-6).

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Uganda**.



DEEL 5

KIESERS SE VERANTWOORDELIKHEID

Dis maklik om te praat oor wat die regering móét doen en nié doen nie. Dis makliker om oor hulle tekortkominge te praat, as oor ons eie verantwoordelikhede. Mens sien mos maklik die splinter in 'n ander se oog, terwyl jy die balk in jou eie oog miskyk (Matteus 7:3-5).

Daar is 'n baie ou gesegde wat ook in hierdie verband waar is: ***“Be the change you want to see.”***

Goeie regering begin by jou!.

Dag 18

Kiesers se verantwoordelikheid (1): Maak dit vir die regering maklik om oor jou te regeer

Lees: Spreuke 29:18; Matteus 7:1-5

Die dorp se sokkerspan het 'n nuwe afrigter en kaptein gekry. Almal het verwag dat hulle twee die spelers só sal afrig dat die span een van die bestes in die land sou word. Die vorige prestasies van die afrigter en kaptein was aan almal bekend. Maar, die span het bly verloor. Beteken dit dat hulle 'n swak afrigter en kaptein het? Nee! Nie noodwendig nie. Die vraag is: Hoe lyk die spelers? Is hulle gewillig om afgerig te word? Is hulle bereid om op te offer en hard te oefen? Is hulle bereid om die reëls van die spel te gehoorsaam? Hoe lyk hulle lewe? Het hulle dissipline en selfbeheersing? Wat gebeur in hulle huise en huwelike? Hoe werk hulle met geld? Hoe eerlik en betroubaar is hulle? Al die spelers moet met die afrigter en kaptein saamwerk om suksesvol te kan wees. Die spelers moet dit vir die afrigter maklik maak om hulle af te rig. Slegte en ongedissiplineerde spelers kan goeie afrigters laat misluk.



Die burgers van 'n land kan dit vir hulle regering moeilik maak om suksesvol te regeer. Dis baie makliker om oor eerlike mense te regeer as oor mense wat lieg en bedrieg. Dis makliker om oor hardwerkende mense te regeer as oor luiards. Dis makliker om oor kinders wat uit gelukkige en stabiele ouerhuise kom, te regeer, as oor die wat uit gebroke huise kom waar gesinsgeweld, mishandeling, ontrou, drankmisbruik en afwesige pa's aan die orde van die dag is. Dis makliker om oor mense met selfbeheersing en gesonde waardes te regeer, as oor losbandige mense sonder waardes.

Help die regering om goed te regeer deur 'n goeie landsburger te wees. Goeie landsburgers mors nie water nie; strooi nie gemors rond nie; betaal vir dienste; help ander waar hulle kan en leer hulle kinders wat reg en verkeerd is. In Spreuke 29:18 lees ons dat 'n volk wat nie die wil van die Here ken nie, wild en wreed word. Hulle begin soos barbare leef. God se Woord hou mense in toom. Dit hou hulle op die regte pad!

Bespreek:

- Wat behoort kiesers te doen om 'n goeie regering te kan hê?
- Waarom was dit vir Dawid moeilik om die groep manne by hom in toom te hou en te lei (1 Samuel 22:1-2; 30:3-6; 30:22)?
- Hoe kan jy dit vir die regering makliker maak om goed te regeer?

Onthou:

- Maak dit vir die regering maklik om goed te regeer deur 'n goeie landsburger met goeie waardes te wees.
 - ✓ Dit help nie jy sê die regering sleg as jyself 'n slegte landsburger is nie.
 - ✓ Die verandering wat jy in die land wil sien, moet by jouself begin.

Wenke vir kiesers:

- X** As jy 'n goeie regering wil hê, wees 'n goeie landsburger.
 - ✓ Die slimste ding wat jy kan doen, is om die Here te dien (vgl. Spreuke 1:7; Psalm 111:10 en Miga 6:9). Só dra jy by tot goeie regering.
 - ✓ Die domste ding wat jy kan doen is om die splinter in die regering se oog te probeer uithaal terwyl daar 'n balk in jou eie oog is (Matteus 7:1-5). Dit lei tot swak regering..



Gebed:

- † Bid dat die Woord van God vir jou en jou familie soeter as heuning en kosbaarder as goud sal wees (Psalm 19:11).
- † Bid dat die Woord van God aan alle mense in die land verkondig sal word en dat die Woord oral in mense se lewe sal oorwin (2 Tessalonisense 3:1).
- † Bid dat kerke die **ware** Evangelie, maar ook die **hele** Evangelie sal verkondig (Handelinge 20:26-28).

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Kenia**.

Dag 19

Kiesers se verantwoordelikheid (2):

Bid vir politieke leiers en die regering

Lees: 1 Timoteus 2:1-6

Baie jare gelede, in 'n klein wynproduserende gemeenskap, was daar 'n pastoor wat die gemeenskap vir jare met liefde gedien het. Almal het groot waardering vir sy werk gehad ... of só het hulle gesê. Toe hy aftree, wou die gemeenskap vir hom 'n gepaste geskenk gee. Hulle het besluit om te gee wat hulle het, naamlik wyn. Die pastoor kon die wyn verkoop en die geld gebruik vir wat hy wou. Hulle het 'n reuse 10 000-liter vat in die middel van die dorp gesit. Elkeen kon volgens sy vermoë wyn in die vat gooi. Die eerste man het 50 liter van sy beste wyn ingegooi. 'n Tweede en 'n derde het dieselfde gedoen. Een na die ander het almal hulle bydrae ingegooi. Met die oorhandiging was die vat vol! Die hele gemeenskap was daar toe die wyn as blyk van dank en waardering aan die pastoor oorhandig is.

Maar toe gebeur daar 'n ding! Die pastoor het die gemeenskap bedank vir hulle oop hande en harte. Toe het hy hulle geseën. Daarna stap hy met 'n kannetjie na die vat om 'n bietjie wyn te tap. Hy draai die kraantjie oop ... en daar stroom byna net skoon water uit. Almal was geskok en verbaas. Die gemeenskap is uitgevang! Hulle gesigte was rooi van skaamte want elkeen het gedink: Almal is mos dankbaar en sal van hul beste wyn gee. Niemand sal agterkom as ék nie my deel gee nie. 'n Klein bietjie water sal tog geen verskil maak in so 'n groot vat wyn nie.



Hierdie verhaal kan toegepas word op ons gebedslewe. Elke Christen word beveel om te bid. Paulus skryf: *Ek dring daarop aan dat daar **in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging** gebid moet word **vir alle mense**, vir die wat **regeer** en vir **almal wat gesag uitoefen**, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom* (1 Timoteus 2:1-4).

Daar is 'n direkte verband tussen die gebede van gelowiges en wat in ons gemeenskap, land en die wêreld gebeur!!!

As ek kyk na wat vandag in regerings en politieke partye gebeur, moet ek ook met 'n rooi gesig bely: **Uitgevang!** Ons dink: *Alle Christene sal mos gehoorsaam wees aan die opdrag om vir leiers, veral vir dié wat oor ons regeer, te bid!* As ek nie my bydrae lewer nie, sal dit mos nie regtig 'n verskil maak nie.

Die chaos in ons politiek kan direk toegeskryf word aan Christene se swak gebedslewe. Te veel Christene skuif hulle verantwoordelikheid om vir politieke leiers te bid, op ander af. Tog spandeer hulle ure om te kla oor die regering se swak dienslewering, korrupsie, kaderontplooiing, nepotisme (om familie voor te trek), onbevoegde amptenare, ensovoorts.

Bespreek:

- Hoeveel tyd dink julle spandeer Christene om vir die regering te bid?
- Hoe gereeld en met hoeveel erns bid jy vir die regering?

Onthou:

- **Jy is verantwoordelik daarvoor om te bid en te stem.** Wie nie bid en nie stem nie, mag nie kla nie.

Wenke vir kiesers:

X Niemand kan namens jou bid of stem nie. Jy moet dit self doen.



Gebed:

- † Bid vir die staatspresident en sy hele kabinet. Bid by die naam vir elkeen wat jy ken.
- † Bid vir jou dorp se plaaslike regering. Bid weereens by die naam vir elkeen wat jy ken.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Somalië**.

Dag 20

Kiesers se verantwoordelikheid (3): Seën die owerheid en regering

Lees: Lukas 6:27-31; Psalm 72:1-20; Spreuke 18:21 (1953-Vertaling)

Ek en my vrou het onlangs na een van ons nuwe personeellede se huis gegaan. Ons wou sy vrou en seuntjie ontmoet. Janetta het gevra wat die seuntjie se naam is. **“Success”** het die Ma met ’n glimlag geantwoord. Dink net daaraan: elke keer as sy ouers, maats, onderwysers en later sy werkgewer hom as *Success* aanspreek, word hy herinner aan sy ouers se verwagting! *“Success, jy is gebore om suksesvol te wees!”* Dit is God se begeerte vir elke mens (Jeremia 29:11). Ek glo mense word wat jy oor hulle spreek. As jy gedurig vir ’n kind sê sy is stout, word sy stout. As jy aanhoudend vir ’n kind sê hy is “useless”, begin hy dit glo. Dan raak hy “useless”. *“Death and life are in the power of the tongue, and those who love it and indulge it will eat its fruit and bear the consequences of their words.”* (Spreuke 18:21 Amplified Bible).

God se seën stel mense in staat om sy opdragte uit te voer. Daarom het God vir Adam en Eva geseën voor Hy vir hulle gesê het wat om te doen (Genesis 1:26-28). Sô het Hy hulle bemagtig en toegerus vir hulle taak. Die Here het ook vir Aäron en sy seuns beveel om sy Naam oor die Israeliete uit te roep. Dan sal Hy sy volk seën (Numeri 6:23-27). Jesus het ook in Lukas 6 sy volgelinge beveel om selfs hulle vyande te seën (Lukas 6:28). Wanneer ek en jy politieke leiers, politieke partye en regerings in die Naam van God seën, sal God hulle toerus vir hulle taak en opdrag. Psalm 72 gee vir ons die woorde waarmee ons die president en politieke leiers kan seën.



"Leer tog die koning, o God, om te regeer volgens u wil, leer die koning om die reg te handhaaf soos U dit wil sodat hy regverdige beslissings oor u volk sal vel en aan verdruktes reg laat geskied." (vers 1-2). Seën dus die president met 'n leerbare gees. Seën hom met 'n bereidwilligheid om te doen wat God wil doen.

"Mag die koning vir sy mense wees soos die reën vir die plante, soos swaar reëns wat die aarde deurdrenk" (vers 6). Reën verander alles – van die gemoed van die boer tot die vermoë van die grond om kos te produseer. Reën bring nuwe lewe, skep nuwe hoop en ontsluit 'n nuwe toekoms. Mag dit die gevolg wees van die wyse waarop die regering regeer as ons hulle seën.

"Mag die reg onder sy regering floreer en mag daar altyd groot voorspoed wees" (vers 7). Wanneer die lewens van alle mense vir die regering kosbaar is (vers 14), wanneer reg en geregtigheid teenoor almal geskied, wanneer niemand op grond van familie- of vriendskapsbande, etniese groep of politieke oortuiging onregverdig bevoordeel word nie, kom daar voorspoed. *"Mag die mense gedurig vir hom bid en die hele dag seënbede oor hom uitspreek"* (vers 15). *"Mag die koning se naam lank onthou word, ..."* (vers 17) – vir die regte redes!

Mag die regering iets weerspieël van die Koninkryk van die groot en ewige Koning – Jesus Christus die Here.

Bespreek:

- Watter seënbede wil jy oor die president / kabinet / parlement uitspreek?
- Watter seënbede wil jy oor lede van die plaaslike regering uitspreek?

Onthou:

- Christene word beveel om te seën, nie te vervloek nie (1 Petrus 3:8-9 en Romeine 12:14).
- Wanneer God se kinders seënbedes uitspreek, seën God mense!

Wenke vir kiesers:

- X** Seën almal wat regeer en gesag uitoefen, ongeag hoe hulle regeer.



Gebed:

- † Spreek 'n seënbede oor die president en sy kabinet uit.
- † Wees nou gehoorsaam aan God se opdrag in 1 Timoteus 2:1-4.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in *Ethiopië*

Dag 21

Kiesers se verantwoordelikheid (4): Toon respek teenoor die owerheid

Lees: 1 Petrus 2:13-17; Titus 3:1-2; Romeine 13:1-7

Die Bybel praat nooit net met een groep mense nie. Dit praat met die man én die vrou; die kinders én die pa; die eienaars én die slawe (werkgewers en werknemers) (Efesiërs 5:21-6:9). In alle verhoudings gaan dit oor twee partye. Beide partye moet aan God gehoorsaam wees. Elkeen het 'n verantwoordelikheid teenoor die ander. Jy kan nie die ongehoorsaamheid van die ander party as regverdiging vir jou eie sonde gebruik nie. 'n Ander se sonde kan nie jou sonde wegneem nie. Nét die bloed van Jesus kan. Jou sonde sal nie vergewe word omdat iemand in die regering ook gesondig het nie. Elkeen sal rekenskap moet gee oor die manier waarop hy sý verantwoordelikheid nagekom het.

Dis die regering se verantwoordelikheid om sy gesag te gebruik om die wat goed doen te prys, en die wat kwaad doen te straf. God het aan hulle die gesag gegee om dit te doen. Indien hulle hul gesag misbruik deur nie te doen wat God van hulle verwag nie, sal Hý van hulle rekenskap eis (Romeine 13:1-7; 1 Petrus 2:13-14). Ons kom later terug na die regering se verantwoordelikheid.

Maar wat verwag God van my en jou?

1. **Sorg dat jý altyd goed en reg lewe!** Veral tussen ongelowiges (1 Petrus 2:12)! Ook wanneer die regering God nie eer nie. Die Romeinse owerheid, die keiser en goewerneurs waarna Paulus en Petrus verwys, was beslis nie Christene wat God se wil gedoen het nie.
2. **Gehoorsaam God.** Doen wat Hý sê. Lééf jou getuienis!
3. **Eer en respekteer ander mense. Hoe? Moenie van hulle kwaadpraat nie.** Ook nie van mense in die regering of in enige ander gesagsposisie nie. Moet hulle nie afkraak, slegsê en verdag



maak nie. Moenie hulle naam beswadder nie. Kies om hulle te seën (1 Petrus 3:8-9).

4. **Onderwerp jou aan die owerheid.** Erken God het hulle oor jou gestel (Romeine 13:1-2 en 1 Petrus 2:13).
5. **Jy is nie verplig om alles te doen wat die wet jou toelaat om te doen nie.** Die wet kan jou toelaat om te skei, maar verplig jou nie om dit te doen nie. Die wet laat baie goed toe: aborsie, dobbel, betaal-seks, keuse van seksuele oriëntasie, drankgebruik, rook en dwelms, ens. Maar die wet verplig jou nie om dié goed te doen nie. Alleen wanneer die regering jou verplig om te doen wat duidelik teen God se wil is, kan en moet jy weier om dit te doen. Maar dan moet jy steeds bereid wees om die gevolge van jou besluit te dra (1 Petrus 2:19-20).
6. **Wanneer nodig, kritiseer** die besluite en optrede van die regering, of van 'n spesifieke persoon in die regering. Maar **moenie die staat se gesag misken of ondermyn nie.** God het dit aan hulle gegee.

Bespreek:

- Wat kan jy verwag as jy teen die owerheid in opstand kom? Waarom? Lees Romeine 13:1-2.
- Om gesag te minag, is om moeilikheid oor 'n wye front te soek. Die probleem lê nie by die gesag nie, maar die misbruik daarvan. Wat gaan gebeur as niemand meer gesag wil aanvaar nie? As almal die houding het van: *“Ek laat my nie sê nie”* (Vgl. Spreuke 29:18)?
- Wat beteken dit in jónu politieke konteks om die “keiser” te eer?

Onthou:

- Leef beter as wat van jou verwag word. Eer en respekteer alle mense.
- Alle gesag kom van God af. Wie gesag minag, minag iets wat God in sy goedheid vir ons gegee het omdat ons dit nodig het.

Wenke vir kiesers:

- x** Eer almal wat gesag uitoefen. Tree altyd met respek teenoor alle leiers op – ook dié in die regering.



Gebed:

- † Praat met die Here oor die disrespekvolle manier waarop mense van ander praat. Luister ook na wat die Here vir jou in dié verband wil sê.
- † Vra die Here om sy kinders te help om weer eerbied en respek as goeie waardes in elke gemeenskap te vestig.
- † Vra die Here om jou te help om almal in gesagsposisies te eer.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Soedan en Suid-Soedan**.

Dag 22

Kiesers se verantwoordelikheid (5): Help die regering

Lees: Galasiërs 6:1-10; Filippense 2:3-8

Die beste stuurman staan aan wal. Dit beteken dat mense wat niks doen nie, maak asof hulle presies weet hoe om dinge te doen. Hulle kritiseer net dié wat wel iets doen. Dis ook waar ten opsigte van die regering. Baie kritiseer net die regering, maar self doen hulle niks om die regering te help nie.

Godsdienstige organisasies (bekend as *Faith Based Organisations*) speel 'n baie groot rol in alle lande. Christene is geroep om te dien, nie om net te praat nie. Christene se liefde moet sigbaar word in hulle dade (Galasiërs 5:6 en Jakobus 2:14-17). Hulle moet aanhou om aan almal goed te doen, veral aan medegelowiges en dié wie se lewe ontwig en in gevaar is (Psalm 41:1-4; Psalm 146:7-9; Jesaja 58:6-10; Lukas 10:25ev; 1 Timoteus 5:3-8). Maak seker dat jou kerk of gemeente nie net 'n klomp praters is nie. Help hulle om aktief en prakties betrokke te raak by gemeenskappe in nood. Die kerk moet mense leer om aan ander te doen wat hulle aan hulleself gedoen wil hê (Matteus 7:12). Die kerk moet sorg dat die huwelik, as lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou, eerbiedig word (Matteus 19:1-6; Hebreërs 13:4). Die kerk moet sorg dat die waardes in God se Woord deur die gemeenskap aanvaar en uitgeleef word. Die kerk moet sout en lig wees. Hulle moet help dat die samelewing nie in wetteloosheid ontaard nie (Matteus 5:13-16). Kerke wat die Woord van God suiwer verkondig, help die regering, sonder om in partypolitiek betrokke te raak.

Kerke moet morele leiding aan die land en die regering gee. Maar kerke mag nie 'n drukgroep vir politieke partye word nie. Kerke moet almal



aanspreek: Mans en vroue (Efesiërs 5:21-32); ouers en kinders (Efesiërs 6:1-4); werkgewers en werknemers (Efesiërs 6:5-9); ryk en arm (2 Korintiërs 8:13-15; 1 Timoteus 6:17-19; Jakobus 5:1-6); alle etniese en sosiale groepe (Kolossense 3:11 en Efesiërs 2:11-22); leeglêers en hardwerkendes (2 Tessalonisense 3:6-15). Só moet kerke vir die regering wys hoe om nie te diskrimineer nie

Die *Rooikruis* is die grootste humanitêre organisasie in die wêreld. Hulle het 97 miljoen vrywilligers wat in 186 lande hulp aan mense in nood verleen. In Suid-Afrika is daar meer as 200 000 nie-regeringsorganisasies (NGO's). Almal help op verskillende maniere om die land op te bou. OUTA (*Organisation Undoing Tax Abuse*) tree op wanneer die regering belastingbetalers se geld misbruik. Daar is organisasies wat hulle beywer vir persvryheid; die onafhanklikheid van die regbank; die beskerming van kinders; die beëindiging van aborsie en mensehandel (*human trafficking*); die versorging van bejaardes; die beskerming van die natuur; die rehabilitasie van alkoholiste; hulp aan gestremdes; die bevordering van geletterdheid; die beskerming van die grondwet; godsdiensvryheid, ensovoorts. Al hierdie NGO's bied aan jou die geleentheid om vrywillig 'n verskil in die land te maak. Organisasies kan meer as 'n individu doen.

Bespreek:

- Waarom moet goeie burgers by nie-regeringsorganisasies en kerke betrokke raak?
- Wat kan groepe doen wat 'n individu nie kan doen nie?

Onthou:

- Die regering kan nie alles vir almal doen nie. Mense moet ook verantwoordelikheid vir hulleself neem.
- Alle regerings se kundigheid en vermoë is beperk. Almal het die hulp en samewerking van hulle eie burgers nodig.

Wenke vir kiesers:

X Raak betrokke in jou kerk en by 'n verdienstelike organisasie.

Gebed:

† Praat met die Here oor die verantwoordelikheid van kerke en NGO's. Vra vir Hom om vir jou te wys waar jý betrokke moet raak.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in die **Sentraal Afrikaanse Republiek**.



Dag 23

Kiesers se verantwoordelikheid (6): Hou die regering aanspreeklik

Lees: Matteus 14:3-4

Leiers het invloed! Wanneer jy invloed het, speel jy 'n leierskaprol in ander se lewe. Dié invloed kan goed of sleg wees. Almal is op een of ander manier 'n leier. Ook jy! Jy beïnvloed jou kinders en jou ouers; jou vriende en jou familie; jou gemeenskap en jou kerk. Leierskap is nie net beperk tot 'n paar mense nie. Jy moet mense positief beïnvloed. Wees 'n voorbeeld van goeie burgerskap en wys hulle die regte pad.

Party mense het 'n slegte invloed op ander. Hulle misbruik hulle leierskap om mense op 'n selfsugtige en verkeerde manier te beïnvloed. Politieke partye, politici en die regering doen dit dikwels. Alles wat hulle sê en doen beïnvloed die lewe van die burgers. Ek en jy mag nie stilbly wanneer leiers hulle invloed misbruik tot nadeel van die land en sy mense nie. Leiers moet verantwoordelik gehou word. Ons moet hulle konfronteer wanneer hulle 'n verkeerde invloed uitoefen.

Dawid het owerspel met Batseba gepleeg en haar man, Urija, laat doodmaak (2 Samuel 11:2-4 en 14-17). Die profeet Natan het in opdrag van die Here vir Dawid gesê: *"Jy is die man!"* (2 Samuel 12:7). Johannes die Doper was nie bang om die heidense koning, Herodes, te konfronteer nie. Hy het reguit vir hom gesê dat hy nie die vrou van sy broer vir hom as vrou mag vat nie (Matteus 14:3-4). Paulus het die hoëpriester Ananias skerp aangespreek met die woorde: *"God sal jou slaan, jou skynheilige! Jy sit hier om my volgens ons wet te verhoor, maar in stryd met die wet beveel jy dat ek geslaan moet word"* (Handelinge 23:2-3). Nogtans het hy die **amp** van die hoëpriester respekteer (Handelinge 23:4-5). Elia het ook in opdrag van die Here vir koning Agab aangespreek nadat hy Nabot laat doodmaak en sy wingerd vir homself gevat het (1 Konings 21:17-25). Wanneer leiers doen wat verkeerd is, mag gelowiges nie stilbly nie. Dit is makliker om as 'n kerk of organisasie leiers aan te spreek, as om dit op jou eie te doen.



Bespreek:

- Hoe moet die kerk en nie-regeringsorganisasies die regering keer om te doen wat hulle wil? Hoe moet hulle die regering tot verantwoording roep en aanspreeklik vir hulle optrede hou?
- Waarom gebruik burgers dikwels geweld en vandalisme om hulle ontevredenheid met leierskap te demonstreer?
- Hoe kan gewone burgers die optrede van die regering positief beïnvloed?
- Wat gaan gebeur as ons die leiers toelaat om te doen wat hulle wil?

Onthou:

- Jy mag nie toelaat dat politieke partye en - leiers doen wat hulle wil nie. Hulle optrede beïnvloed almal in die land. Ook vir jou en jou kinders.
- Politieke leiers en die regering moet aanspreeklik gehou word
 - ✓ wanneer hulle doen wat hulle nie mag doen nie;
 - ✓ wanneer hulle nie doen wat hulle móét doen nie.

Wenke vir kiesers:

- X** Gebruik jou invloed. Plaas druk op die regering en politieke leiers om te doen wat reg is volgens God se Woord.

Gebed:

- † Bid dat alle Christelike kerke 'n goeie voorbeeld vir die regering sal stel. Bid dat Christene die waardes wat hulle verkondig, self sal uitleef.
- † Bid dat kerke, kerkleiers en nie-regeringsorganisasies die moed van hulle oortuiging sal hê om mense in leierskap en die regering aan te spreek wanneer hulle verkeerd optree.
- † Bid dat Christene minder sal praat en kla, en meer sal doen om die land 'n beter plek te maak.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Gaboen**.



Dag 24

Kiesers se verantwoordelikheid (7): Moenie jou stem permanent weggee nie

Lees: 2 Korintiërs 7:8-11; Handeling 26:9-15; Psalm 119:71

Bertus sê-vra: *“Jonathan, ek wil graag jou bakkie vir vyf dae leen. Daar is ’n bejaarde man en vrou in ons gemeenskap wat nie ’n huis het nie. Hulle het ’n erf gekry en hulle kinders in die stad het gesê hulle sal vir hulle die boumateriaal koop. Al die gemors wat op die erf is moet weggeroof word en die boumateriaal moet aangery word. Ek wil hulle graag help.”* Jonathan was meer as gewillig om sy bakkie vir Bertus te leen, want dit was vir ’n goeie doel. Maar toe Bertus eers die bakkie het, het hy dit misbruik. Pieter, ’n ander vriend van Bertus, het vir hom gesê: *“Ek sal jou betaal as jy vir my ’n vraggie meubels na my kinders in die Kaap vervoer. Ek weet jy wil graag sien hoe dit daar lyk.”*

Die versoeking om verniet in die Kaap te kom was net te groot vir Bertus. Met Jonathan se bakkie en Pieter se geld is Bertus toe weg Kaap toe. Gelukkig het niks skeefgeloop nie en na vyf dae was hy terug by Jonathan met die bakkie. Maar Bertus het nooit die twee ou mense gehelp soos hy belowe het nie. Hy het Jonathan se bakkie **misbruik**. Hy het dit vir sy eie gewin gebruik.

Bertus was ’n klein bietjie verleë, maar hy het tog gehoop dat Jonathan hom nie sal ver kwalik omdat hy sy bakkie vir ’n ander, meer *persoonlike* doel, gebruik het nie. Hy het Jonathan probeer oorrede om weer sy bakkie vir hom te leen. *“Ek kon nie mense kry om my te help om die rommel op te laai nie”*, het hy gelieg. *“Dit was mos weer dié tyd van die maand wanneer almal hulle staatstoelae moes kry. Niemand wou werk nie. Dit het ook lank gevat om uit te vind waar ons boumateriaal teen die beste pryse kan kry. Leen asseblief jou bakkie vir nog vyf dae aan my. Dis ter wille van die twee ou mense.”*

Net so kan jy jou stem uitleen aan ’n party wat dit **misbruik**. Moet dit nie doen nie. Moenie weer vir ’n party of persoon stem wat jou stem **misbruik** om hulle persoonlike belange te bevorder nie.

Bespreek:

- Hoe het Bertus sy eie onbetroubaarheid probeer wegsteek?
- Wat behoort Jonathan se reaksie te wees?



- Het die party vir wie jy die vorige keer gestem het, gedoen wat hulle belowe het?
- Wat verwag jy van die regering? Wat moet hulle doen?

Onthou:

- **Jou stem is jou God-gegewe eiendom.**
Gebruik dit verantwoordelik! Stem vir wie God wil hê jy moet stem.
- Jy kan dit **permanent weggee** deur altyd vir dieselfde politieke party te stem selfs al presteer hulle nie. Maar dis onverantwoordelik om dit permanent weg te gee. Besluit voor elke verkiesing vir wie jy gaan stem en hoekom.
- Jy kan dit vir vyf jaar aan 'n politieke party **uitleen**. As dié party jou stem gebruik soos wat jy van hulle verwag het, kan jy dit vir nog vyf jaar aan hulle uitleen. As hulle jou stem misbruik het om hulleself te verryk en na hulle eie belange om te sien, het jy die reg om dit vir die volgende vyf jaar aan 'n ander politieke party uit te leen.
- Politici, politieke partye en regerings moet verantwoordelik gehou word. Hulle het nie die reg om jou stem te misbruik in belang van hulleself nie.

Wenke vir kiesers:

- X** Jy hoef nie elke keer vir dieselfde party te stem nie.
- X** Jy hoef ook nie op die verskillende regeringsvlakke (nasionaal; provinsiaal en plaaslik) vir dieselfde party te stem nie.
- X** Jy kan, maar jy hoef nie vir dieselfde party of persoon as jou familie en vriende te stem nie.
- X** Jou stem is jou en God se geheim. Jy hoef vir niemand te sê vir wie jy gestem het nie.

Gebed:

- † Bid dat alle verkiesings, ook die komende een, vry en regverdig sal wees.
- † Bid dat onverantwoordelike beloftes nie aan kiesers gemaak sal word nie. Bid dat verantwoordelike beloftes wel nagekom sal word.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Ekwatoriaal-Guinee**.



Dag 25

Kiesers se verantwoordelikheid (8): Stem! Stem vir die regte persoon of party!

Lees: Spreuke 29:2 en 29:16

Baie mense glo die wêreld en die lewe bestaan uit twee dele: geestelik en nie-geestelik; die kerk en die wêreld. Hierdie opvatting is 'n baie groot dwaling. Hulle beperk God tot die eerste deel. Hulle glo God is net betrokke by die kerk en godsdiens: Hy stel net belang in die siel van die mens. Daarom praat hulle net van die redding van siele en nie die redding van mense nie (gees, siel en liggaam – 1 Tessalonisense 5:23-24). Hulle glo ook dat God net predikante, pastore en sendelinge roep om vir Hom te werk. Sulke mense gaan Saterdag (Sabbat) of Sondag kerk toe, maar gedurende die week vergeet hulle van God en steur hulle hul nie aan Hom nie. Gedurende die week is hulle besig in die sekulêre wêreld waar hulle glo God nie is nie. Hulle boer, bedryf politiek en doen besigheid net soos hulle wil. Net soos ongelowiges. Dis nie wat die Bybel leer nie.

Die God van die Bybel, die Skepper-God (Vader, Seun en Heilige Gees) is 24 uur van elke dag betrokke by sy héle skepping (Efesiërs 1:19-22; Kolossense 1:19-20; Hebreërs 1:3). Hy het ons beveel om te bid dat sy Koninkryk hier op aarde sal kom; dat sy wil ook hier sal geskied net soos in die hemel en dat sy Naam hier geheilig sal word (Matteus 6:9-10). Daarom skryf Paulus: ***"Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God"*** (1 Korintiërs 10:31). Die Woord leer ons ook dat alle Christene voltyds vir die Here werk, ongeag watter beroep hulle beoefen of waar hulle werk (Kolossense 3:23-24). Die Here gee sy Gees aan gewone mense sodat hulle goeie gehalte werk kan lewer (Eksodus 35:30-33). Hy gee aan die boer die kennis om die regte ding, op die regte manier en op die regte tyd te doen. Hierdie wysheid en kennis wat die Here aan sy boere gee, is wonderbaar en laat alles voorspoedig verloop (Jesaja 28:23-29). Hy het Josef en Daniël geroep om hoë poste in heidense regerings te beklee sodat hulle sy wil daar kon laat geskied. In Dawid het God vir Hom 'n koning gesien (1 Samuel 16:1).

Wanneer Christene glo dat God net in die kerk en nie ook in die politiek belangstel nie, sondig hulle. Dis sonde om God se heerskappy tot 'n deel



van die lewe te probeer beperk. God se Koninkryk moet ook in en deur die politiek en die regering van die dag kom.

God se Koninkryk sal net op die politieke terrein kom wanneer God se kinders daar betrokke is. Wanneer God se kinders regverdig regeer, juig almal. Wanneer goddelose mense regeer, regeer sonde, korrupsie, geweld, boosheid en armoede (Vgl. Spreuke 29:2 en 16). Daarom moet Christene 'n Goddelike invloed op die politiek uitoefen.

Bespreek:

- Wat gebeur as Christene nie wil stem nie? Wat gebeur as hulle glo God het niks met politiek te doen nie?
- Roep die Here nét predikante, biskoppe, pastore, apostels en evangeliste om “voltyds” vir Hom te werk? Kan hulle álles doen wat God gedoen wil hê om sy Koninkryk in die wêreld te laat kom?
- Wil jy regtig hê dat sonde in jou land moet heers? Indien nie, wat moet jy doen? Vir wie moet jy stem?

Onthou:

- Duisternis neem oor waar Christene nie betrokke is nie. Christene móét stem en móét in die politiek betrokke wees. Hulle is die sout van die aarde en die lig vir die wêreld (Matteus 5:13-16).
- Wanneer God se kinders in ooreenstemming met God se wil regeer, juig die mense. Wanneer goddelose mense regeer, regeer die sonde ook.

Wenke vir kiesers:

- X** Raak betrokke in die politiek sodat God se Koninkryk ook dáár kan kom. Stem vir mense wat God se wil dóén; nie mense wat kerk toe gaan maar regeer net soos hulle wil nie.

Gebed:

- † Bid dat alle Christene sal stem.
- † Bid dat Christene, wat die nodige kennis en vaardighede het, in die politiek betrokke sal raak.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Kameroen**.



Dag 26

Kiesers se verantwoordelikheid (9): Sorg dat mag tussen mense verdeel word

Lees: 2 Kronieke 19:4-11

Ek was nog klein, maar ek sien nog die prentjie voor my: Na die dood van 'n kinderlose tannie moes oom Hendrik, my ma se oudste broer, die tannie se goed so regverdig moontlik tussen hulle drie kinders verdeel. Kombuisgoed is in drie hopies gepak. Meubels is in drie groepe verdeel. Dieselfde is met klere en ander persoonlike besittings gedoen. Om te verseker dat hy die erflating regverdig verdeel, het hulle saam besluit dat my ma en haar ouer suster om die beurt die kans sou kry om eerste te kies. Vir my is dit steeds 'n voorbeeld van wat om te doen om te verseker dat geregtigheid geskied: **Verdeel die verantwoordelikhede**. Laat een besluit wat op elke hopie kom, maar dan mag dieselfde persoon nie sê wie watter hopie moet kry nie. Laat dan 'n ander toe om eerste te kies.

Die beginsel van die **verdeling van mag** is ook baie belangrik wanneer dit by die regering van 'n land kom. In 'n **Demokrasie** moet daar ten minste drie partye wees:

1. **Wetgewende gesag:** Dit is die **Parlement**. Hulle maak die wette. Gewoonlik stem mense vir 'n party, en dan besluit die party wie hulle na die parlement stuur. Hoeveel mense elke party kan stuur, word bepaal deur die aantal stemme wat die party in die verkiesing gekry het. Iemand kan hom- of haarself ook as 'n Onafhanklike Kandidaat verkiesbaar stel.
2. **Uitvoerende gesag:** Dit is die **Kabinet**, die ministers. Hulle moet sorg dat die wette uitgevoer word. Om dit te doen stel hulle amptenare aan.
3. **Regterlike gesag:** Dit is die **Regters en die verskillende howe**. Hulle moet besluit of iemand binne of buite die wet, wat die Parlement gemaak het, opgetree het. Of iemand wat aangekla word, skuldig of onskuldig is. Hulle moet ook sorg dat die mense wat die wette maak en die wette uitvoer, self volgens die wet optree. Daarom moet hulle onafhanklik wees - onpartydig, eerlik en regverdig (2 Kronieke 19:6-9).

Bespreek:

- Watter **gevaar** sou dit inhou as oom Hendrik alleen kon besluit wat regverdig is, wat op elke hopie moes kom én wie watter hopie moes kry?



- **Waarom sou dié gevaar groter wees** indien oom Hendrik nie 'n betroubare, eerlike man was nie?
- Is dit genoeg om net te hoop en te glo dat almal regverdig behandel sal word? Of is dit ook nodig om 'n maatreël in plek te stel wat sal verseker dat almal wel regverdig en billik behandel word?
- Waarom is dit gevaarlik as die **Parlement** (mense wat die wette maak) en die **Kabinet** (ministers) self kan besluit of hulle binne of buite die wet optree?
- Waarom moet die **Regbank onafhanklik** wees? Waarom mag hulle nie toelaat dat politieke partye, die president, ministers, hoë amptenare of mense met baie geld hulle uitsprake beïnvloed nie?
- Wat kan gebeur as jy vir mense stem wat dink hulle is bokant die wet verhewe en hoef dit nie te gehoorsaam nie?

Onthou:

- Dis baie gevaarlik om vir mense en/of partye te stem wat alleen alle sê wil hê.
- Moenie alle mag in die hande van dieselfde mense sit nie.

Wenke vir kiesers:

- X** Gebruik jou stem om so gou moontlik ontslae te raak van alle politici en politieke partye wat die Regbank in hulle guns probeer beïnvloed. Stem vir 'n ander persoon of party.

Gebed:

- † Bid dat die Regbank onafhanklik sal bly.
- † Bid vir alle regters, adjunk-regters en landdroste.
- † Bid dat alle mag nooit in die hande van een Party, 'n diktator of 'n klein groepie mense sal beland nie.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Nigerië**.



DEEL 6

ROOILIGTE

'n Rooi lig dui gevaar aan! Pasop! Dinge is besig om skeef te loop.

Jy kan 'n rooi lig ignoreer. Maar, soos jy reeds weet, elke besluit het gevolge. Party gevolge sien jy onmiddellik. Ander ervaar jy eers mettertyd.

Wanneer mense 'n besluit neem wat op die lange duur slegte gevolge het, sê hulle: *Spyt kom altyd te laat!*

Moenie nou rooiligte ignoreer nie. Jy gaan later spyt wees!

Dag 27

Rooilig (1): Misbruik van mag

Lees: 2 Kronieke 26:1-21 (Let veral op verse 4-5; 15b-16 en 21) Markus 10:42-45; Spreuke 18:12 en 21:4

Die volk Israel was nie 'n demokrasie nie. Israel is deur konings regeer. Die konings was veronderstel om namens God oor die volk te regeer (1 Konings 3:5-9). Koning Ussia het dit wel gedoen. Hy was net 16 jaar oud toe hy koning geword het. Ussia het 'n leerbare gees gehad. Hy het na sy mentor, wat hom geleer het om eerbied vir God te hê, geluister. Hy het gedurig gevra wat die wil van die Here is. Daarom het die Here hom baie suksesvol gemaak. Hy het oorloë gewen, nuwe dorpe gebou en infrastruktuur ontwikkel. Hy was lief vir die grond, het baie plase besit en was 'n groot en suksesvolle boer. Hy het 'n magtige en ervare leër gehad wat hy baie goed toegerus het. Hy het bekwame en vaardige vakmanne gehad wat nuwe wapentuig kon ontwerp en bou. Ussia se regering was 'n ware sukses-storie! Sy roem het baie vêr en wyd gestrek – tot by Egipte. Die rede? Hy het 'n goeie mentor gehad, God gehoorsaam en dus God se hulp en ondersteuning geniet (vgl. 2 Kronieke 16:9).



Maar helaas! Ons lees in vers 16 wat die gevolg van al sy roem en sukses was: **Hy het hoogmoedig en verwaand geword**. Hy het nie meer raad gevra nie. Hy was nie meer tevrede om net sy rol en funksie as koning te vervul nie. Hy het oral begin inmeng. Hy het dinge begin doen wat nie die verantwoordelikheid van die koning was nie. Dit het nie die Here se goedkeuring gehad nie (2 Kronieke 26:18).

Dit gebeur vandag nog. Baie mense word hoogmoedig en verwaand wanneer hulle suksesvol is en mag het. **Hoogmoed en verwaandheid** is nie 'n fout wat iemand per ongeluk maak nie. **Dis 'n gesindheid in die hart, dis 'n karakter-probleem, dis 'n keuse**. Dit beïnvloed alles wat die persoon dink en doen. Daarom doen verwaande leiers net wat hulle wil. Hulle glo hulle is onaantasbaar en bo die reg verhewe.

Bespreek:

- Waarom is dit vir die Here onaanvaarbaar dat leiers net vir 'n tyd doen wat reg is en daarna doen net wat hulle wil (2 Kronieke 26:18-19)?
- Wat gebeur met 'n land as burgers hoogmoedige, verwaande leiers toelaat om oor hulle te regeer? Noem ook voorbeelde uit die geskiedenis.
- Hoe word hoogmoed en verwaandheid in mense se lewe sigbaar? Wat doen hoogmoedige en verwaande politici en politieke partye?
- Lees Spreuke 18:12 en Jakobus 4:6b. God steun nie hooghartige en verwaande mense nie. Mag jy hulle steun deur vir hulle te stem?

Onthou:

- Mag word dwarsoor die wêreld misbruik om mense te domineer en te manipuleer (Markus 10:42).
 - Christen-leiers mag dit nie doen nie. Soos Jesus, moet hulle ander se belange eerste stel en hulle dien.
 - Daarom behoort Christene nie te stem vir persone en partye wat eiesinnig, verwaand en hoogmoedig is nie.
- Onbeperkte mag lei altyd tot korrupsie. Daarom moet burgers van 'n land altyd seker maak dat individue en partye se mag op een of ander manier beperk word.
 - Een manier om dit binne 'n demokrasie te doen, is om seker te maak dat daar 'n sterk en gesonde opposisie is.



Wenke vir kiesers:

- X Maak seker geen politieke leier of politieke party het onbeperkte en ongekontroleerde mag nie.
- X Arrogante mense het nie 'n toekoms nie (2 Kronieke 26:21). As jy vir hulle stem, het jy ook nie 'n toekoms nie.

Gebed:

- † Bid dat suksesvolle leiers nie hoogmoedig en verwaand word op grond van hulle sukses nie.
- † Bid dat leiers deur hulle hele loopbaan na die wil van die Here sal vra, en nie net aan die begin terwyl hulle jonk en onervare is nie.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Ghana**.

Dag 28 Rooilig (2): Kaderontplooiing

Lees: Eksodus 18:17-24; Nehemia 7:1-2; Spreuke 22:29 en 25:5

Jare gelede het ek by 'n boer wat geen naskoolse opleiding gehad het nie, gekuier. Hy het een van die grootste en suksesvolste boere in Suid-Afrika geword. Ek het hom uitgevra oor die redes vir sy sukses. Ek kan nie sy presiese woorde onthou nie, maar hy het gesê: *“Ek het klein begin en mense was altyd vir my belangriker as geld. Ek het nie alles geweet nie, maar ek en my vrou het hard gewerk en was altyd bereid om by almal iets te leer. Een van die belangrikste dinge wat ek geleer het, was dit: **Stel altyd mense aan wat beter is as jyself.**”* My vriend het nooit bedreig gevoel deur mense wat slimmer en beter as hy was nie. Hy was gewillig om enige iemand wat die kennis en vermoë gehad het om die boerdery te laat groei, aan te stel. Hy het geweet dat die sukses van sy boerdery afhang van kundige personeel.

Oudpresident Nelson Mandela het 'n goeie voorbeeld van leierskap gestel. Na die ANC in 1994 aan bewind gekom het, het hy van die lyfwagte van die vorige president, mn. FW de Klerk, aangestel as sý persoonlike lyfwagte. “As hulle goed genoeg was om mn. De Klerk op te pas, dan is hulle goed genoeg om my op te pas” (vry aangehaal uit die rolprent



"Invictus"³. Hy was 'n voorbeeld van iemand wat geglo het om aanstellings slegs op meriete te doen.

'n Politieke party wat suksesvol wil regeer, moet sorg dat daar betroubare en bekwame personeel in die verskillende staatsdepartemente is. **Bekwame, hardwerkende staatsamptenare bepaal of burgers tevrede is met die regerende party of nie.** Politici wat **onbekwame** politieke ondersteuners, persoonlike vriende of familie in poste aanstel, ondermyn die toekoms van die hele land, nie net dié van hulle eie party nie.

Bespreek:

- Watter raad het Moses se skoonpa vir hom gegee? Oor watter eienskappe moes die mense wat hy aanstel, beskik (Eksodus 18:21)?
- Is alle mense bekwaam genoeg vir alle poste? Sou almal wat aan die vereistes in vers 21 voldoen, byvoorbeeld geskik wees om as regter oor duisend op te tree?
- Wie behoort volgens Spreuke 22:29 in diens van 'n regering te staan?
- Lees Spreuke 25:5. Wat moet 'n president doen as hy lank en regverdig wil regeer?
- Watter invloed het swak dienslewering deur staatsamptenare op burgers se houding en gesindheid teenoor die regering?

Onthou:

- **'n Politieke party en regering is net so effektief soos die amptenare wat hulle aanstel.** Hoe goed of sleg 'n politieke party regeer, word bepaal deur die integriteit en vaardighede van die amptenare wat hulle aanstel.
 - ✓ 'n Goeie regering sal nie onbevoegde en slegte amptenare aanstel nie.
 - ✓ 'n Slegte regering wil nie bekwame en goeie amptenare aanstel nie.
 - ✓ 'n Politieke party wat betroubare, bekwame en vaardige amptenare aanstel, belê in sy eie toekoms. Partye wat dit nie doen nie, sal nie lank op 'n eerlike manier aan bewind bly nie.

³ Eastwood, C. (Director). (2009). Invictus [Film]. Spyglass Entertainment.



Wenke vir kiesers:

- X** Kyk of amptenare wat deur 'n spesifieke politieke party aangestel word, **hulle werk goed, vinnig en reg kan doen**. Dit sal jou help om te weet of dié party regtig die belange van alle burgers vooropstel.
- X** Ondersteun net onafhanklike kandidate en politieke partye wat amptenare aanstel wat die nodige **integriteit en vaardigheid** het om die werk te doen.

Gebed:

- †** Bid vir alle regeringsamptenare. Bid dat hulle kundig en vaardig sal wees. Bid dat hulle eerlik, regverdig en betroubaar sal wees.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in die **Ivoorkus**.

Dag 29 **Rooilig (3):** **Binnegevegte**

Lees: Spreuke 11:14; 12:15; 15:22 en 18:1-2; Matteus 12:25

Kommunikasie is belangrik. Goeie kommunikasie is om te **praat** én om te **luister**. Almal moet kan sê hoe hulle oor 'n saak dink en voel. Hulle moet ook bereid wees om mooi na mekaar te luister. Goeie kommunikasie lei tot goeie besluite. Maar daar is 'n voorwaarde. Die mense wat 'n saak bespreek, moenie almal sommeer oor alles saamstem nie. Hoe meer uiteenlopend die groep mense is, hoe beter. Dit is goed as hulle van verskillende rasse, ouderdomme, geslagte en beroepe is. As hulle ryk en arm, geleerd en ongeleerd is. Tog moet daar onderlinge eenheid en samewerking wees, want binnegevegte lei jou aandag weg van jou taak en verantwoordelikheid.

Twee goeie waghonde het hulle eienaar se huis en besittings opgepas terwyl hy weg was. Dit was hulle werk. 'n Skelm het 'n plan gemaak om by die honde verby te kom. Hy het 'n sappige been tussen hulle in gegooi. Hulle het op die been afgestorm en begin baklei. Hulle het mekaar aanhoudend gebyt en verskeur. Uitgeput het hulle gaan lê en hulle wonde gelek. Die been het eenkant bly lê. Maar, nes een dit nader aan die been gewaag het, het die bakleiery weer begin. Terwyl die honde met mekaar



baklei het, het die skelm genoeg tyd gehad om die hele huis te plunder. Die honde kon nie met mekaar baklei én hulle werk doen nie.

As daar nie eenheid en samewerking in 'n besigheid, sportspan, kerk of politieke party is nie, gaan hulle nie hulle werk kan doen nie. Hulle sal nie hulle doelwitte bereik of 'n verskil kan maak nie. Almal moet dieselfde waardes en doelwitte hê. Hulle moet 'n passie hê vir die saak wat hulle wil bevorder. Hulle moet saamstem oor die rede vir hulle bestaan. Almal in 'n politieke party moet oor hierdie sake saamstem sodat hulle 'n stewige fondasie het om op te bou. Daar moet absolute eenheid wees.

Wanneer sommige partyleiers 'n persoonlike (verskuilde) agenda het en alles vir hulleself wil hê, ontstaan faksiegevegte en is daar verdeeldheid in die party. Dit ontaard in 'n magstryd. Dié binnegevegte neem leiers se volle aandag en tyd in beslag. Hulle dink net aan hulle eie politieke oorlewing. Hulle begin teenstrydige besluite neem. Besluite wat nie goed en in almal se belang is nie. Hulle begin hulle tyd, geld en energie gebruik om mekaar te beveg en te ondergrawe. Hulle probeer nie meer om die land se probleme op te los nie. Hulle politieke toekoms word belangriker as die toekoms van die land en sy mense. Hulle doen nie wat hulle aan die kiesers belowe het nie.

Die Bybel is duidelik hieroor: *"Elke koninkryk wat onderling verdeeld is, gaan ten gronde en geen stad of huis wat onderling verdeeld is, sal bly staan nie"* (Matteus 12:25). Faksiegevegte in 'n party is gewoonlik die gevolg van swak leierskap. Dit is altyd die einde van goeie regering.

Besprek:

- Het 'n party wat onderling verdeeld is die vermoë om in landsbelang te dink en te regeer? Motiveer jou antwoord.
- Wat is die verskil tussen gesonde meningsverskille en onderlinge verdeeldheid (Spreuke 11:14; 12:15 en 15:22)?
- Wat is die grootste oorsaak van onderlinge verdeeldheid? Lees Jakobus 4:1-2 en Filippense 2:1-5?

Onthou:

- Meningsverskille in 'n politieke party kan die party help om goeie besluite te neem en goed te regeer. Maar 'n politieke party wat verdeeld is, se tyd is verby. Jy kan nie werk én baklei nie.
- Eenheid en samewerking in 'n party is nodig om 'n land goed te regeer.



Wenke vir kiesers:

- X Moenie jou stem leen aan 'n party wat gedurig in faksiegevegte gewikkel is nie. Hulle bied geen toekoms vir jou nie.

Gebed:

- † Bid in landsbelang vir eenheid in politieke partye.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Liberië**.

Dag 30 Rooilig (4): Omkopery

Lees: Eksodus 23:8; Psalm 15:5; Spreuke 15:27 en Prediker 7:7

Dit is 'n paar dae voor die verkiesing. Partye probeer alles om kiesers te oortuig om vir hulle te stem. Dit word veral deur omkopery gedoen. Omkopery neem baie verskillende vorme aan:

- Een van die algemeenste vorms van omkopery is om skielik dienste wat reeds jare lank nie gelewer word nie, weer te begin lewer. Dis altyd net tydelik. Dis die regerende party se strategie. *Sulke dienste is omkopery!*
- Ander partye doen dieselfde. Hulle lewer nie die dienste nie, maar belowe dat hulle dit beslis sal doen as die kiesers vir hulle stem. *Dienste wat tydens verkiesingsveldtogte belowe word, sonder dat gesê word waar die tyd, geld en mense vandaan gaan kom, is meestal ook omkopery.*
- Kortom: Alles wat in die laaste drie tot ses maande voor 'n verkiesing uitgedeel word (van T-hemde en kospakkies tot spesiale toelae) en alles wat belowe word (huise, skole, klinieke en werksgeleenthede), grens aan omkopery.
- Staatstoelae hou 'n groot gevaar in. Dit maak mense al meer afhanklik van die staat. Mense stem vir die party wat die toelae aan hulle betaal en belowe om dit aan te hou doen. Maar eintlik is dit die gemeenskap wat primêr verantwoordelik is om te sorg vir arm, gestremde en behoeftige mense.

Politici koop nie net kiesers om nie. Kiesers koop ook politici om. En politici koop mekaar om. Sakemanne koop politici om om tenders in die



hande te kry. Politici laat hulle omkoop deur mense met meer gesag om stil te bly oor korrupsie. Hulle word omgekoop om in regsake in te meng. Hulle guns word gekoop deur enorme skenkings en beloftes van buitelandse hulp.

Bespreek:

- Wat sê die Here? Wat moet sy kinders doen wanneer omkoopgeskenke vir hulle aangebied word? Lees Psalm 15:5 en Spreuke 15:27.
- Wat maak omkoper so lelik en gevaarlik? Lees Eksodus 23:8 en Prediker 7:7.
- Watter rol speel politieke omkoper in jou omgewing? Noem voorbeelde van hoe politici kiesers probeer omkoop.
- As politici omkoopgeskenke uitdeel en aanvaar, wat kan mens van hulle amptenare verwag? Wat gaan hulle doen?
- Watter negatiewe gevolge het 'n kultuur van omkoper vir 'n land? Kan korrupsie leiers wat deel het aan omkoper 'n kultuur van omkoper verander? Kan jy ontstaan teen omkoper as jy self ander omkoop? Om 'n verkeersboete te ontduik deur bv. R100 te betaal, is ook omkoper. Om geld te betaal om vinnig deur 'n grenspos te kom, is omkoper.

Onthou:

- **Wie omkoopgeskenke uitdeel of aanvaar, doen wat God verbied.**
 - ✓ Omkoper maak die water troebel – niemand sien later meer wat reg en wat verkeerd is nie.
 - ✓ As omkoper algemeen voorkom, is almal later slagoffers. Niemand wen meer nie – selfs nie hulle wat omkoopgeskenke uitdeel nie.
- Omkoopgeskenke vernietig goeie oordeel.
 - ✓ Dit laat mense verkeerde besluite neem.
 - ✓ Dit lei tot bedrog en korrupsie.
 - ✓ Dit bevoordeel sommige mense op 'n oneerlike manier terwyl dit ander op 'n onregverdige manier benadeel.

Wenke vir kiesers:

- ✗ As jy stem vir mense wat omkoopgeskenke uitdeel en/of aanvaar, stem jy vir 'n korrupsie en onregverdige samelewing.



Gebed:

- † Bely alle vorme van manipulasie deur omkoperij.
- † Bid dat ALLE korrupsie in ons land en in Afrika uitgeroei sal word.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Sierra Leone**.

Dag 31

Rooilig (5):

Die Regering regeer nie self nie

Lees: 1 Konings 16:30-33; 18:4 en 19; 21:1-16; Efesiërs 6:10-20

Ussia was 16 toe hy koning oor Israel geword het. Hy het nog nie die nodige ervaring en wysheid vir die taak gehad nie. Daarom het hy sy pa se voorbeeld gevolg. Hy het na sy ma en Sagaria se goeie raad geluister. Hulle het 'n baie goeie invloed op Ussia se regering gehad. Ussia het die wil van die Here gedoen (2 Kronieke 26:3-5).

Agab het ook lank oor Israel regeer. Hy het meer sonde as al sy voorgangers gedoen. Maar die ergste sonde was om met Isebel, die dogter van koning Etbaäl van die Sidoniërs te trou. Deur haar het hy die afgod Baäl begin aanbid en dien (1 Konings 16:30-33). Isebel het gou 'n groot invloed "in die regering" gekry. Sy het die profete van die Here laat doodmaak en agt honderd en vyftig profete van Baäl en Asjera van haar tafel af laat eet. Hulle het letterlik uit haar hand geëet (1 Konings 18:19). Dat sy hulle beïnvloed en beheer het, is duidelik.

Isebel het ook haar man, koning Agab se lewe en optrede beïnvloed. Sy, en nie die koning nie, het hewig reageer omdat Elia al "haar" profete laat doodmaak het. Sy het gedreig om hom dood te maak (1 Konings 19:1-2). Toe Nabot nie sy wingerd aan koning Agab wou verkoop nie, het Isebel weer gewys wie regtig in beheer is. Kyk wat sê sy vir Agab en wat doen sy: ***"Jy is mos die een wat oor Israel regeer! Gaan eet nou en moet jou nie bekommer nie. Ek sal die wingerd van Nabot die Jisreëliet vir jou gee. Sy skryf toe briewe in die naam van Agab en sit sy seëladruk daarop, en sy stuur die briewe aan die leiers en die ampsdraers van Nabot se stad."*** (1 Konings 21:7-8). Leuens, intimidasie en manipulasie, twee gewetenlose getuies, ruggraatlose leiers



en amptenare en 'n klomp gewillige klipgooiers – só het Isebel haar mag laat geld en met moord weggekom (1 Konings 21:9-16). Sý het regeer!

Bespreek:

- Watter les leer ons uit die verhaal van Agab en Isebel?
- Wat in 'n land se politiek moet ons as 'n baie gevaarlike rooi lig beskou?
- Mag Christene toelaat dat hulle stem stilgemaak word deur regerings, terwyl daardie regerings alte graag toegee aan die eise van ander godsdienste en drukgroepe?
- Is ons geveg regtig teen mense? Teen korrupte en ruggraatlose politici, politieke partye, regerings en staatsamptenare? Lees Efesiërs 6:10-20.
- Hoe moet Christene veg teen demoniese magte wat regerings en leiers beïnvloed?
- Wat is die groot godsdienste in Afrika wat alles in hulle vermoë doen om regerings teen die Christendom te beïnvloed?

Onthou:

- **Politieke leiers doen die regte ding as hulle hulle laat beïnvloed om na die wil van die Here te vra, om reg en geregtigheid te laat geskied en om liefde aan alle mense te bewys.** Dit is die wil van die Here (Jeremia 9:24). Waar Christus regeer, word niemand benadeel nie.
- **Wie nie vir Christus is nie, is teen Hom** (Matteus 12:30).
- **Wee die politieke leiers wat hulle laat intimideer en manipuleer, wat "... sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter"** (Jesaja 5:20).
- **Wee alle ruggraatlose politieke leiers wat hulle soos Agab, "... deur afgodsdienste vaswoel in die bande van ongeregtheid, wat verstrik raak in die kettings van sonde"** (Jesaja 5:18).

Wenke vir kiesers:

- X** Stem vir mense en partye wat na die wil van die Here vra en hulle nie laat intimideer en manipuleer nie.



Gebed:

- † Bid dat politici Jesus Christus as hulle Verlosser én Koning sal aanvaar en na die wil van die Here sal vra (Lukas 6:46).
- † Bid dat die Here regerings van die Bese sal bewaar (Matteus 6:13).

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Togo en Benin**.

Dag 32 **Rooilig (6):** **Godsdiensvryheid word bedreig**

Lees: Deuteronomium 30:19-20; Josua 24:13-19

God het die mens na sy beeld geskep. Daarom kan die mens keuses maak en besluite neem. Dis elke mens se verantwoordelikheid om besluite te neem en self sy keuses te maak. Onthou net: alle keuses en besluite het gevolge.

Die Here het aan Israel die keuse gegee: Lewe óf dood; seën óf straf; God óf afgode (Deuteronomium 30:19-20). Josua, Moses se opvolger, het al die stamme van Israel bymekaargebring in die teenwoordigheid van God. Hy het hulle herinner aan alles wat God vir hulle gedoen het. Hoe Hy Abraham geroep het; hoe Hy hulle uit Egipte verlos het; hoe Hy hulle in die woestyn versorg het; hoe Hy aan hulle die beloofde land gegee het, 'n land wat hulle nie opgebou of voor gewerk het nie (Josua 24:1-13). Toe roep Josua die volk op om die Here te eer en te dien, en af te sien van die afgode. Maar hy het die keuse aan die volk oorgelaat: ***"Of, as julle dit nie goedvind om die Here te dien nie, kies dan vandag wie julle wil dien: die gode wat julle voorvaders gedien het anderkant die Eufraat, of die gode van die Amoriete in wie se land julle woon. Wat my en my huis betref, ons sal die Here dien"*** (Josua 24:15).

Koning Dawid het ook sy keuse gemaak. Hy het gesê: ***"Ek het vir die Here gesê: "Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie, behalwe by U. Die afgode in die land, so aantreklik vir baie - met hulle wil ek niks te doen hê nie. Mag elkeen wat 'n ander god vereer, baie smart beleef. Vir afgode sal ek nie bloedoffers***



uitgiet nie, hulle name sal ek nie op my lippe neem nie” (Psalm 16:2-4). Dawid het dus duidelik standpunt ingeneem, maar nie almal wat afgode gedien het, doodgemaak nie.

In die Nuwe Testament lees ons dat die boodskap van Christus en sy Koninkryk aan almal verkondig moet word. Elkeen moet die geleentheid kry om ’n besluit te neem. Elkeen moet verstaan wat die gevolge van ’n besluit vir of téén Christus is. Almal word uitgenooi om Hom te aanvaar, maar niemand word gedwing nie (Matteus 24:14 en 28:18-20; Johannes 3:16-21; Handeling 20:24-27; 2 Korintiërs 5:20-21). Dit is godsdiensvryheid!

Bespreek:

- Waarom is godsdiensvryheid vir alle godsdienste belangrik?
- Waarom is dit ’n rooi lig as godsdiensvryheid bedreig word?
- Watter gevaar hou dit vir die Christelike geloof in as ’n regering mense sou dwing om Christene te word? Óf hulle sou verbied om een te word?
- In watter lande word Christene as gevolg van hulle geloof vervolg? Wat is die godsdienstige en ideologiese oortuigings van dié regerings?
- Hoe moet Christene sorg dat mense met ideologiese en godsdienstige oortuigings wat vyandig is teenoor die kerk van Christus, nie die regering van die land oorneem nie?

Onthou:

- **Almal moet die Evangelie van Christus hoor**, al kom baie nooit tot bekering nie (Handeling 20:31; 24:24-27).
- **Geén regering het die reg om sý godsdienstige oortuigings met geweld op Christene af te dwing nie.** Dan misbruik hulle hul mag.
- **Christene mag ook nie hulle geloof met geweld en intimidasie op ander afdwing nie.** Dis Christene se verantwoordelikheid om te stem, die Evangelie te verkondig en God vir die vrug daarop te vertrou.

Wenke vir kiesers:

- X** Kyk en luister na wat in die wêreld gebeur. Indien individue of partye dieselfde godsdienstige en politieke oortuigings het as die **regering** van lande waar Christene vervolg word, **moenie vir hulle stem nie. Hulle glo nie in godsdiensvryheid nie.**



Gebed:

- † Bid vir die beskerming van elkeen se reg tot godsdiensvryheid.
- † Bid vir Christene wat vervolg word in lande waar daar nie godsdiensvryheid is nie.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Burkina Faso**.

Dag 33

Rooilig (7):

Die Rooiste Rooilig: Aborsie op aanvraag

Lees: Psalm 139:13-18; Jeremia 1:4; Efesiërs 1:3-8

Ek weet nie hoe die gees en die liggaam bymekaar kom in die skoot van 'n swanger vrou nie. Ek weet ook nie hoe die siel van die mens (wil, intellek en emosie) ontstaan sodat die mens uiteindelik gees, siel en liggaam is nie (Prediker 11:5 en 1 Tessalonisense 5:23). Maar, ek wéét dat die hele proses van bevrugting tot geboorte 'n wonder van God is (Psalm 139:13-18). Die YouTube-video, *Pregnancy – How a Wonder is Born!* (Animation) deur Thomas Schwenke⁴ versterk my oortuiging. Lewe van die eerste oomblik af! Lewe in verhouding met God (Psalm 139:13-18; Jeremia 1:4 en Efesiërs 1:3-8)!

Ek het 'n artikel gelees van 'n Amerikaanse joernalis wat Ruanda en Burundi na die 1994-volksmoord ("genocide") besoek het. Hy wou weet hoe hulle dit oor hulle hart kon kry om binne drie maande meer as 800 000 van hul eie mense so wreed uit te moor. Sy vraag is egter met 'n onverwagse téén-vraag beantwoord: *Hoe kry julle Amerikaners dit reg om jaarliks miljoene van julle eie kinders te aborteer? Moord is moord. Of dit met pangas op straat en in bosse gedoen word, of in steriele en goed toegeruste teaters en spreekkamers, maak geen verskil nie.*

Suid-Afrika is een van baie lande waar geweldsmisdade handuit ruk. Gesinsgeweld en gesinsmoorde kom onder alle bevolkingsgroepe voor: in arm en in ryk families. Boere én polisie, taxi-bestuurders én inwoners van townships, kinders én bejaardes is die teiken van brutale aanvalle. Mans, vroue en kinders word daagliks in groot getalle gemolesteer en

⁴Thomas Schwenke. (2021, May 1). *Pregnancy - How a Wonder is Born! (Animation)* [Video]. YouTube. <https://www.youtube.com/watch?v=izOa3-AX8zQ>



verkrag. **Maar meer ongebore babas word jaarliks vermoor as alle ander groepe mense saam. Die baarmoeder van 'n vrou is onveiliger as plase, townships of paaie! Maar dááror word geswyg!**

Die regering saai 'n geweldsmisdaad **deur aborsie amptelik te wettig**. Só maak hulle die deur vir die Bose oop. Dit is nie meer net 'n individu wat onwettig 'n aborsie laat doen nie, maar dis die staat, die hoogste gesag, wat aborsies amptelik wettig. Só gee 'n owerheid amptelik die reg aan die Bose om méér geweldsmisdade te pleeg! Daarom oes ons die dood op so 'n groot skaal! Bloed bly vloei.

Christene moet nou duidelik standpunt inneem teen politieke partye en onafhanklike kandidate wat **aborsies op aanvraag** ondersteun. Hoe kan dié wat vir die dood is, terselfdertyd sê hulle staan vir 'n beter toekoms vir almal? Net soos die bloed van Abel, roep die bloed van vermoorde babas tot God. Dié bloed bring vervloeking, beslis nie seën nie (Genesis 4:7-12).

Bespreek:

- Aborsie (moord) is nie die antwoord op ongewenste swangerskappe nie. Die oorsaak van ongewenste swangerskappe lê op 'n ander, veel dieper vlak. Wat is die werklike oorsake? Hoe moet dit hanteer word?
- 2 Konings 8:12 beskryf die oopsny van swanger vrouens as 'n gruweldaad. In Hosea 14:1 is dit straf as gevolg van opstand teen die Here. Amos 1:13-15 beskryf dit as die finale sonde van die Ammoniete wat tot God se verskriklike oordeel gelei het. Hulle het swanger vrouens oopgesny (ongebore kinders vermoor) om so hulle eie gebied uit te brei. Hulle wou “groter” en lekkerder lewe. Wat leer ons hieruit?
- Onthou, dit gaan hier oor **aborsie op aanvraag** (versoek) van die swanger vrou, baie keer met die goedkeuring van die man. Bespreek: Hoe kan mense wat nie hulle eie liggaam en seksdrange kan of wil beheer nie, die reg hê om oor hulle ongebore baba se lewe en toekoms te besluit?
- Moedig 'n dokter, 'n kliniek of die staat wat aborsies adverteer, moord op ongebore babas aan? Maak dit hulle medepligtig?

Onthou:

- Aborsie is moord op 'n ongebore baba!



Wenke vir kiesers:

- X Plaas druk op politieke partye om standpunt teen aborsie in te neem. Hulle moet alles in hulle vermoë doen om wetgewing wat aborsie op aanvraag wettig, te voorkom. Indien dié wetgewing reeds bestaan, moet hulle alles doen om dit te herroep.
- X Aborsie is 'n rooi lig! Moenie vir mense en partye stem wat dit ondersteun nie. Hulle staan vir die dood. Hulle staan nie vir 'n beter toekoms nie.

Gebed:

- † Bid vir al die swanger vrouens wat jy ken. Bid vir elke ongebore kind se gees, siel en liggaam. Bid vir die ontwikkeling van elkeen se vleis, spiere, skelet, vel, brein, senu- en immuuniteitsstelsel, organe, sinne, bloed, ens. Vra dat die Here dit volmaak vorm. Prys Hom daarvoor.
- † Bid dat moeders niks sal doen (bv. rook, alkohol, dwelms) wat die groei en ontwikkeling van die baba kan benadeel nie. Bid dat sy reg en gesond sal eet, ook ter wille van die baba. Help haar indien nodig.
- † Bid dat owerhede weldeurdagte en wyse besluite sal neem oor kinders se veiligheid, ontwikkeling en toekoms.
- † Bid teen aborsie.
- † Bid vir ouers, veral vrouens, wat aborsie as uitweg gekies het en nou met talle emosionele probleme worstel. Bid dat hulle vergifnis, genesing en vrede by Jesus sal kry.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Guinee-Bissau** en **Guinee**, asook **Gambië** en **Senegal** in Wes-Afrika.



DEEL 7

WIE BEHOORT TE REGEER?

Mense verskil. Nie almal het dieselfde vermoëns nie. Almal hou nie van dieselfde tipe werk nie. Almal is nie goeie leiers nie.

Nie al die leiers wat Moses aangestel het, het dieselfde verantwoordelikhede gehad nie. Party is oor 'n duisend mense aangestel. Ander oor honderd, oor vyftig of oor tien. Tog moes al die leiers dieselfde karaktereienskappe hê. Almal moes bekwaam wees; almal moes die Here dien; almal moes die waarheid liefhê en niemand moes hulle eie belang soek nie (Eksodus 18:21).

In die Nuwe Testament lees ons van die gawes van die Gees sowel as die vrug van die Gees (bv. in 1 Korintiërs 12; Romeine 12:3-8; Galasiërs 5:22-23). Alle gelowiges het nie dieselfde gawes (besondere vermoë) gekry nie, maar almal moes al die vrug van die Gees vertoon (karaktereienskappe).

In Matteus 25:14-15 lees ons van 'n man wat op reis wou gaan. Hy het sy besittings (goue muntstukke) aan sy slawe toevertrou. Hy het nie aan almal dieselfde hoeveelheid muntstukke gegee nie. Hy het dit verdeel **volgens elkeen se bekwaamheid**.

Nie almal kan 'n land goed regeer nie. Nie almal behoort deel van die regering te wees nie. Mense wat wil regeer, moet spesifieke vaardighede en kennis hê. Elke pos en elke vlak van regering vereis mense wat die vermoë het om die werk wat op dáárdie vlak gedoen moet word, te doen.

Almal wat regeer moet etiese karaktereienskappe hê. Hulle moet die karaktereienskappe hê van die grootste Leier ooit: Jesus Christus. Hy het ons almal kom dien (Markus 10:45)!



Dag 34

Wie behoort te regeer? (1): Dié wat gesag en die doel daarvan verstaan

Lees: Spreuke 22:3

Die Here het alles vir 'n bepaalde doel geskep (Spreuke 16:4a). Daar is 'n skeppingsdoel vir gelowiges én ongelowiges (Spreuke 16:4b en Efesiërs 2:10). Vir koning Dawid (Psalm 78:70-72), maar ook vir heidense konings soos Nebukadnesar en Kores (Daniël 1:1-2; Jesaja 45:1-7). **God wil deur mense oor die aarde regeer** (Genesis 1:27-28; Psalm 8:6-7; Openbaring 5:10). Daarom gee Hy gesag aan owerhede en regerings. Hulle moet weet dat hulle maar net God se dienaars is, nie self God nie (Romeine 13:1-4). Hulle moet sy gesag gebruik om Hom en mense **te dien**. **Hoe?**

1. **Die owerheid moet sorg vir reg en geregtigheid.** Dit is die kenmerk van Christus se regering. Dit is God se wil. Dit is wat Hy van owerhede verwag (2 Kronieke 19:5-7; Psalm 97:2; Jesaja 9:6; Jeremia 9:24b).
2. **Die owerheid moet sorg vir die veiligheid van al die burgers.** Hulle móét kwaaddoeners straf. Hulle moet dit namens God doen (Romeine 12:19 en 3:4). Só voorkom hulle dat mense die reg in eie hande neem (Romeine 12:19) en almal onveilig laat voel.
3. **Die owerheid moet dié wat goed doen, prys.** Hulle moet dus die vermoë hê om tussen goed en kwaad te kan onderskei (Jesaja 5:20). Hulle moet erkenning aan goeie landsburgers gee, aan dié wat wetsgehoorsaam is, hard werk en help om die land 'n beter plek vir almal te maak. As hulle dit nie doen nie, vervreem hulle dié mense wat hulle kon help om in almal se belang te regeer.
4. **Die owerheid moet 'n klimaat skep waarin 'n kwaliteit-lewe vir almal moontlik is.** Hulle moet tot almal se beswil regeer (Romeine 13:4a; Psalm 72:1-7; Spreuke 31:8-9). 'n Rustige, stil en eerbare lewe moet vir almal moontlik wees. Almal moet vry wees om die Here te dien (1 Timoteus 2:1-6a). Dit beteken onder andere dat die owerheid omstandighede moet skep waarin mense wat wil werk, kan werk (2 Tessalonisense 3:6-12; Efesiërs 4:28). 'n Klimaat waarin mense en hulle besittings veilig is.



Bespreek:

- Wat is volgens jou die skeppingsdoel en taak van die owerheid?
- Wie se verantwoordelikheid is dit om politici te leer wat God van hulle verwag? Hoe kan dit gedoen word? Wanneer moet dit gedoen word?
- Wat behoort 'n regering (owerheid, politici, amptenare, leiers, ens.) te doen wanneer hulle besef dat die taak vir hulle te groot is (1 Konings 3:5-15a)?
- Bespreek die volgende stelling: *Die primêre taak van 'n regering is om vir mense te wys hoe God regeer. Hoe hulle regeer moet wys dat God altyd regverdig is; dat Hy altyd reg doen; dat dit tot almal se voordeel is waar en wanneer Hy regeer.*

Onthou:

- Die primêre taak van die owerheid is om:
 - ✓ te sorg dat reg en geregtigheid geskied;
 - ✓ namens God uitspraak te lewer oor wat reg en wat verkeerd is;
 - ✓ die wat goed doen te prys, en kwaaddoeners te straf;
 - ✓ almal se veiligheid te verseker;
 - ✓ 'n omgewing te skep waarin almal die Here kan dien en 'n menswaardige, eerbare lewe kan lei.

Wenke vir kiesers:

- X** Stem vir leiers en verteenwoordigers wat weet waar hulle gesag vandaan kom.
- X** Stem vir leiers en verteenwoordigers wat weet wat die doel van hulle gesag is, wat hulle daarmee moet doen en hoe hulle dit moet gebruik.

Gebed:

- † Bid dat almal wat hulle verkiesbaar stel, die verantwoordelikheid en taak wat God hulle gee, sal verstaan.
- † Bid vir die behoorlike opleiding van politieke kandidate – ook in waardes soos *eerlikheid, regverdigheid, betroubaarheid, respek en omgee*.
- † Bid vir die behoorlike opleiding van politieke kandidate in *leierskap, probleemoplossing, finansiële bestuur en rentmeesterskap, verantwoordelikheid, produktiwiteit en 'n gesonde werksetiek*.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Mauritanië, Wes-Sahara** en **Marokko**. Die lande is in Wes-Afrika.



Dag 35

Wie behoort te regeer? (2): Dié wat leierskap en die doel daarvan verstaan

Lees: Markus 10:42-45 en Filippense 2:3-8.

In die Bybel gee God vir ons 'n goeie beskrywing van die lewe en werk van mense wat Hy as leiers geroep het. Dit leer ons God se definisie van leierskap: ***Om mense in nood só te dien dat, wanneer hulle die leier volg, hulle probleme minder en hulle lewe beter word.*** Jesus is die beste voorbeeld. Sý invloed in hierdie wêreld groei steeds en sy Koninkryk word elke dag groter.

Mense in nood: In die Bybel het leierskap altyd met die ***aanspreek van mense se nood*** te doen. God roep en stuur leiers soos Moses, Gideon, Nehemia en Paulus om mense in hulle nood te help. Hy het ook vir Jesus gestuur om ons van die mag én al die gevolge van sonde te verlos!

Dien: Jesus Christus wys met woord en daad vir ons wat God se definisie van leierskap is: ***Leierskap is om te dien*** (Markus 10:42-45 en Filippense 2:3-8). Leierskap is harde werk. Leierskap is om verantwoordelikheid te neem en mense se nood te help verlig. Daarvoor het jy nie status of 'n posisie nodig nie. Jy kan dus 'n leier wees sonder om 'n pos, rang, titel of posisie te beklee. Leierskap is meer as mooi praatjies en leë beloftes. Dis werk!

Volg: As iemand lei, moet ander volg. Leiers moet mense se lewe só positief beïnvloed dat dié mense hulle begin volg (1 Korintiërs 11:1). ***Leierskap is invloed.*** Leiers moet Christus se voorbeeld volg. Die vermoë om mense te beïnvloed, mag nooit misbruik word nie.

Probleme raak minder en die lewe beter: Goeie leiers spreek mense se nood aan. Daarom gaan leierskap oor die oplossing van probleme en die verbetering van mense se lewe en lewenskwaliteit. ***Dit is die uitkoms van goeie leierskap.*** Wanneer mense in hoë posisies se optrede tot meer probleme en groter chaos lei, is hulle nie leiers in terme van die Bybel se definisie nie. Hulle is verleiers.



Bespreek:

- Bespreek die volgende twee stellings.
Watter een is reg en waarom?
 - ✓ Thuli Sekhoto het, nadat sy President van die Landbou-Unie geword het, ander landbouers begin **dien**.
 - ✓ Thuli Sekhoto se hele lewe het getuig van haar passie vir landbou en landbouers, asook haar begrip vir hulle probleme. Dáárom is sy as President van die Landbou-Unie verkies.
- Wat is die **grootste verantwoordelikheid** van 'n leier?
- Wat is die **belangrikste vaardigheid** wat 'n leier moet hê?
- Watter **verwagting** kan burgers hê van politieke leiers en die regering?

Onthou:

- Iemand moet reeds 'n leier wees voordat hy/sy as leier verkies word. 'n Posisie maak nie van iemand 'n leier wat nie reeds 'n leier is nie.
- **Die bereidwilligheid om ander te dien en iets aan ander se nood te doen**, wys dat só iemand in 'n bepaalde posisie aangestel kan word.

Wenke vir kiesers:

- X** Die sleutelwoord is: **Alreeds!** Stem slegs vir mense of 'n party wat **alreeds** 'n groot verskil in julle gemeenskap maak.
- X** Mense en partye wat **nie alreeds goeie diens lewer** en hulle gemeenskap se werklike **probleme oplos nie**, sal dit ook nie in die toekoms doen nie, al belowe hulle dit.

Gebed:

- † Bid dat alle leiers die voorbeeld van Jesus sal volg: **Dien God en mense!**
- † Bid dat meer en meer regerings en politieke leiers dienaars van God en hulle mense sal wees. Bid dat hulle nie net hoë poste en posisies begeer om baie geld te verdien en baas te speel nie.
- † Bid vir die opleiding en ontwikkeling van 'n nuwe generasie bekwame jong leiers – óók in die politiek.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Niger en Tsjad**.



Dag 36

Wie behoort te regeer? (3): Dié met integriteit én vaardigheid

Lees: Psalm 78:70-72

Die Here het Dawid gekies. Hy het hom van die skaapkrale af weg-geneem. Hy het hom koning gemaak om die Here se volk te versorg (1 Samuel 16:1 en 13). Let wel – Dawid moes die volk **versorg**. Hy moes nie oor hulle baasspeel nie. Hoe het hy dit gedoen? Lees weer vers 72. Die Amplified Bible sê: "*So David shepherded them according to the integrity of his heart; And guided them with his skillful hands.*" **Integriteit** en **vaardigheid** is die belangrikste eienskappe wat elke leier móét hê! Dis soos die twee wiele van 'n fiets. As die een wiel stukkend of weg is, beteken die ander wiel niks. 'n Goeie leier het albei: integriteit **én** vaardigheid! Baie leiers word in 'n pos aangestel omdat hulle die **vaardigheid** het. Later word hulle afgedank omdat hulle **nie integriteit het nie**. Hulle is oneerlik, onbetroubaar, onverantwoordelik en lui.

Tsepiso was baie slim en het reeds op skool uitblink. Hy het 'n belowende toekoms gehad. Hy is universiteit toe. Sy ouers was arm en geld was skraps. Hy het besluit om regte en politieke wetenskap te studeer. Op universiteit het hy as leier begin uitblink. Hy kon goed kommunikeer en redeneer. Hy kon mense beïnvloed en hulle vir enige saak mobiliseer. Die meisies het baie van Tsepiso gehou. Hy het meer as een swanger gemaak en hulle daarna geïgnoreer. Met sy kundigheid en gladde mond was hy dikwels die middelpunt van partytjies waar drank soos water gevloei het. Hy het sy ouers geminag omdat hulle ongeletterd was. Hy het skuld op 'n spoggerige motor gemaak wat hy nie kon betaal nie. *Op grond van sy **vaardigheid***, het hy al hoe belangriker posisies in die studente-politiek beklee.

Thabiso was presies die teenoorgestelde. Vir sy ouers was hy 'n vreugde. Hy was eerlik en betroubaar - 'n man met **integriteit**. Hy was 'n goeie rolmodel vir jongmense. Hy was 'n harde werker, 'n man van een vrou en 'n goeie pa vir sy kinders. Hy was baie lief vir die Here en het die Bybel goed geken. Hy het 'n kerkleier geword en sy volgelingen geleer wat reg en verkeerd was. Maar van politiek, die land se ekonomie, besigheid en kantooradministrasie het hy nie veel geweet nie. *Op grond van sy **integriteit*** het Thabiso ook mettertied opgang in die politiek gemaak.



Die probleem met beide Tsepiso en Thabiso is dat nie een van hulle **integriteit én vaardigheid** gehad het nie. Hoe groter rol hulle in die politiek begin speel het, hoe groter gemors het hulle daarvan gemaak.

Bespreek:

- Waarom is integriteit én vaardigheid belangrik?
 - ✓ Watter toekoms het 'n land as die politieke leiers almal Tsepiso's is?
 - ✓ Watter toekoms het 'n land as die politieke leiers almal Thabiso's is?
 - ✓ Waarom is goeie kerkleiers dikwels nie ook goeie politieke leiers nie?
- Hoe weet ons of die mense en partye vir wie ons stem, die integriteit **én** die vaardigheid het om oor ons te regeer en goed vir die land te sorg?

Onthou:

- Soos 'n fiets twee heel wiele nodig het, **het 'n goeie leier twee eienskappe nodig: 'n mooi en opregte hart asook praktiese en toepaslike vaardighede.**
- Goeie mense wat nie die nodige vaardighede het nie, kan nie 'n land goed regeer nie. Vaardige mense sonder integriteit en 'n goeie karakter, kan ook nie 'n land goed regeer nie.

Wenke vir kiesers:

- X** Stem slegs vir mense met integriteit wat ook die nodige vaardighede het om die land goed te regeer.

Gebed:

- † Praat met die Here oor die leierskapkrisis in die land. Baie leiers het slegs één van die twee belangrikste eienskappe. Dit is ook waar van politieke leiers.
- † Bid vir organisasies soos **“Raising Righteous Rulers”** wat politieke leiers oplei (Besoek rrrsa.org). Bid dat die uitkoms vaardige leiers met integriteit sal wees.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Mali** en **Algerië**.



Dag 37

Wie behoort te regeer? (4): Wyse mense met opleiding, kennis en ervaring

Lees: Spreuke 3:13-18; 14:15-16; 24:3-5; Jakobus 3:13-18

Daar is twee bome in die tuin. Die maklikste en sekerste manier om die bome te onderskei, is om na die vrugte te kyk. Die mangoboom dra mango's en die avokadoboom avokado's. Jakobus praat van twee soorte wysheid. Een soort wysheid kom van Bo. Die ander soort is wêrelds en duiwels. Die maklikste manier om dié twee van mekaar te onderskei, is ook om na die **vrug** te kyk.

Die **wysheid wat van duiwels kom** se vrug is jaloesie, selfsug, wanorde en allerhande liefdelose en gemene dade. Wanneer leiers daarop roem dat hulle wysheid het, maar rassisme aanblaas, verdeeldheid veroorsaak, die ekonomie verwoes en hulleself verryk, is die bron van hulle wysheid demonies. Beslis nie God nie. Dié wysheid het geen voordele nie.

Die **wysheid wat van Bo** (van God) **kom** se vrug lyk heeltemal anders. Dit ***"is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, insiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg"*** (Jakobus 3:17). Dit is hierdie wysheid waaroor Salomo in Spreuke skryf. Wysheid wat van Bo (van God) kom is baie goed (Jakobus 1:17) en is 'n groot voordeel vir álmal. Dit het méér waarde as enige mineraal of metaal wat gemyn word. Niks kan daarmee vergelyk word nie. Dit oortref alles in waarde. Wysheid verseker 'n vol lewe en 'n mooi toekoms. Dit laat welvaart groei. Leiers wat hulle wysheid by God kry, glo nie alles wat vir hulle gesê word nie. Hulle is nie roekeloos en selfversekerd nie. Hulle dink mooi en neem verstandige besluite. God se wysheid stel hulle in staat om 'n land op te bou, nie af te breek nie. ***"Through [skillful and godly] wisdom a house [a life, a home, a family] is built, and by understanding it is established [on a sound and good foundation]"*** (Proverbs 24:3 AMP Bible). Leiers met goddelike wysheid laat 'n land floreer. Hulle soek vrede en bevorder eenheid en samewerking (Jakobus 3:18).



Besprek:

- **Is dit nodig dat ministers toepaslike kundigheid en ervaring moet hê van die ministerie waarvoor hulle verantwoordelik is?**
 - ✓ Byvoorbeeld: Moet die Minister van Verdediging goeie militêre opleiding en praktiese ervaring in die weermag hê? Moet hy/sy die leer van onder af geklim het?
 - ✓ Watter toepaslike kundigheid en ervaring behoort die volgende ministers te hê: Onderwys; Landbou; Gesondheid; Mynbou?
- **Besprek die stelling:** *’n Wyse leier slaag daarin om van sy vyande vriende te maak. ’n Dwase leier maak van sy vriende vyande.* Motiveer jou standpunt met voorbeelde.
- *“As the builder builds the house, the house builds the builder.”* Dit beteken dat terwyl iemand ’n huis bou, hy of sy in die proses self ook nuwe dinge leer en nuwe vaardighede ontwikkel. Maar wat gebeur as iemand ’n taak en verantwoordelikheid kry wat hy of sy glad nie in staat is om uit te voer nie? **Bou of breek dit dié persoon?** Waarom?
- *“Dit wat jy het, kan jy maklik verloor. Dit wat jy weet, kan niemand van jou af wegneem nie. Daarom is kennis belangriker as besittings.”* Hoe sal jy agterkom wat vir kandidate die belangrikste is?

Onthou:

- **Nie alle leiers wat beweer dat hulle wysheid het, se wysheid kom van God nie.** Kyk na die vrug!
- **Kennis, kundigheid en ervaring is kosbaar én belangrik.** Moet dit nie minag nie.

Wenke vir kiesers:

- X** Stem sover moontlik vir wyse mense wat goed opgelei is. Mense wat deur ervaring geskool is.

Gebed:

- † Vra vir die Here om vir jou sy wysheid te gee sodat jy altyd die regte besluite kan neem.
- † Bid vir leiers wat deur hulle toesprake en optrede toon dat hulle wysheid **nie** van Bo kom nie. Vra dat die Here aan hulle wedergeboorte en bekering sal skenk. Of hulle sal verwyder.
- † Bid dat leiers eerstens wysheid en raad by die Here sal soek.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Djiboeti** en **Eritrea**.



Dag 38

Wie behoort te regeer? (5): Dié wat getrou was in min

Lees: Matteus 25:14-30 (let veral op vers 21); Lukas 19:11-27 (let veral op vers 17); 1 Timoteus 3:1-13 (let veral op vers 4-5 en 12)

Lizzy kon nie haar eie kinders beheer nie, maar sy was 'n onderwyser. Sy het nie veel vir die leerders omgee nie. Sy het ouers en omstandighede vir die leerders se swak prestasies blameer. Maar Lizzy en haar man was persoonlike vriende van die skoolhoof. Daarom het hy gesorg dat sy as departementshoof aangestel word. Sy was baie ingenome met haar nuwe salaris en status. Maar steeds was sy nie getrou in haar werk nie. Dít het druk op die skoolhoof geplaas. Hy het sy invloed gebruik sodat sy 'n pos in die Departement van Onderwys gekry het, ondanks haar gebrekkige kwalifikasies. Al het sy nie meer met kinders gewerk nie, was daar weer probleme. Daar was gerugte dat geld betrokke was en sy is bevorder na 'n posisie waar sy nie meer beheer oor finansies gehad het nie. Die hoër pos het haar meer vryheid gegee, maar ook groter verantwoordelikheid. Lizzy het die vryheid baie geniet, maar die groter verantwoordelikheid op ander afgeskuif. Soos altyd het sy ánder blameer vir alles wat verkeerd geloop het.

Dit klink ondenkbaar! Hoe kon Lizzy aanhoudend bevorder word sonder dat sy ooit haar werk behoorlik kon doen? Daar is baie sulke voorbeelde in die lewe. Party mense dink dat iemand wat nie sy werk kan doen nie, beter sal presteer in 'n hoër posisie. Met ander woorde: swak prestasies word beloon! Dit is belaglik!

Die Woord van God leer ons die teenoorgestelde: **"... Mooi so! ... Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel ..."** (Matteus 25:21). Net getrouheid moet beloon word. As jy mense beloon wat onderpresteer, gaan hulle aanhou onderpresteer. Beloon net getrouheid met meer verantwoordelikheid! Dis wat die Woord leer.

Dis gevaarlik wanneer 'n regering se beleid mense se **ontrou** direk of indirek beloon. Só sal **onbetroubaarheid en onverantwoordelikheid beslis nooit uitgeroei word nie**. Die probleem sal net erger word - nie net in die staatsdiens nie, maar ook in die samelewing.



Bespreek:

- Dink aan voorbeelde waar regeringsbeleid of die beleid van 'n politieke party daartoe lei dat ontrou beloon word. Bespreek.
- Veronderstel 'n gemeenskap het só in armoede verval dat dit nie sonder staatshulp en staatstoelaes kan oorleef nie. Dit móét gehelp word.
 - ✓ Wat word tans deur sommige van dié toelaes bevorder? Verantwoordelikheid of onverantwoordelikheid? Getrouheid of ontrouheid?
 - ✓ Kan toelaes gebruik word om mense te motiveer om die regte goed te doen? Om eties en verantwoordelik op te tree? (Die voorwaarde om 'n toelaag te ontvang sal dan verander moet word. Bv.: Koppel die toelaag aan getroue skoolbywoning; seksuele reinheid; die bereidheid om werk vir minder as die minimumloon te aanvaar; die verwerwing van 'n bestuurderslisensie; die slaag van 'n kursus in probleemoplossing, ens.)

Onthou:

- **Jy kry wat jy beloon.** As jy ontrou beloon, kry jy méér ontrou. As jy verantwoordelikheid beloon, kry jy groter verantwoordelikheid. As jy etiese gedrag beloon, kry jy meer mense wat die regte goed doen.

Wenke vir kiesers:

- X Stem vir individue en partye wat bereid is om goeie gedrag te beloon.** Moenie stem vir dié wat mense beloon wat onbetroubaar, onbevoeg, onverantwoordelik en losbandig is nie.

Gebed:

- † Praat met die Here oor jou eie getrouheid, ook in klein dingetjies.
- † Bid dat die beloning van ontrou en onverantwoordelikheid oral in die staat, die privaatsektor en gemeenskap uitgeroei sal word.
- † Vra dat die Here aan die regering wysheid en planne sal gee om getrouheid effektief te beloon.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Tunisië** en **Libië**.



Dag 39

Wie behoort te regeer? (6): Dié wat kennis én vaardighede het om probleme op te los

Lees: Matteus 6:34

Leierskap is *"om mense in nood só te dien dat, wanneer hulle vir die leier stem, hulle probleme minder en hulle lewe beter word"* (Dag 26).

Alle lande worstel met groot en ingewikkelde probleme: werkloosheid; luiheid; afwesige pa's; tiener-swangerskappe; drankmisbruik; armoede; swak dienslewering deur plaaslike owerhede; korrupsie; geweld; skuld; die gaping tussen ryk en arm; arbeidsverhoudinge; spanning tussen verskillende godsdienste; konflik tussen etniese groepe en buitelandse politieke druk. Daar is veel meer. Dit is duidelik dat dié wat 'n land goed wil regeer, die vaardigheid moet hê om probleme op te los. As hulle dit nie regkry nie, sal die ideaal van 'n beter lewe vir almal, nooit 'n werklikheid word nie. Probleme sal meer en die lewe slegter word.

Dis goed om oor probleme te praat, maar baie praat los nie probleme op nie. **Probleemoplossing is 'n proses.** Jy moet 'n paar dinge in die regte volgorde doen. Daar is 11 stappe in die proses. Elke stap is belangrik.

1. **Identifiseer die probleem.** Gee die probleem die regte naam, want *"A problem well-defined is a problem half-solved."* Doen dit betyds.
2. **Aanvaar verantwoordelikheid vir die probleem.** Dit help nie om ander te blameer en die skuld net op hulle te pak nie. Dit los geen probleem op nie.
3. **Bid en vra die HERE om jou te help om die probleem op te los.** God nooi ons uit om ons probleme met Hom te bespreek en sy raad te vra. Hy belowe wysheid en hulp aan elkeen wat in die Naam van Jesus tot Hom nader (Psalm 107; Psalm 50:15; Jakobus 1:2-8).
4. **Bepaal wat die wortel of oorsaak van die probleem is.** Dit wat jy eerste sien of voel, is dikwels die gevolg van 'n probleem wat dieper lê. Jy sien dit nie maklik nie. Bv.: Jy sien die kraan drup. Maar *die werklike probleem* (oorsaak) *is die wasser binne in die kraan.* Jy sien



nie dadelik dat dit stukkend is nie. Dis dáár waar die beste oplossing lê. By die wortel of oorsaak van die probleem.

5. **Prioritiseer die probleme en besluit watter een eerste opgelos moet word.** Soms is 'n probleem net een ding. Ander kere is dit kleiner probleme wat saam 'n groot probleem veroorsaak. Die oplossing van 'n groot probleem bestaan dikwels uit die oplossing van 'n hele klomp kleiner probleme. Dit is belangrik om te besluit watter van hierdie probleme eerste opgelos moet word.
6. **Maak 'n lys van al die moontlike oplossings** sonder om dadelik dié oplossings te evalueer. Vra raad by betroubare mense. Bid!
7. **Weeg die verskillende oplossings teen mekaar op en kies die beste oplossing.** Langtermyn-oplossings is gewoonlik beter as tydelike oplossings. Wen-wen-oplossings is gewoonlik beter as wen-verloor-oplossings. Vermyn gevaarlike oplossings. Bly weg van oplossings wat met okkultiese (demoniese) aktiwiteite en praktyke te doen het. Kies oplossings wat wys dat jy God en jou naaste liefhet.
8. **Implementeer** (doen) **die oplossing waarop jy/julle besluit het.**
Stel 'n stap vir stap aksieplan op om die probleem op te los:
Wie moet dit doen?
Wat moet gedoen word?
Wanneer moet dit gedoen word?
Waar moet dit gedoen word?
Hoe moet dit gedoen word?
Waarmee moet dit gedoen word? Dit sluit 'n begroting in.

Doen die werk! Probleme word nie opgelos deur planne te maak nie, maar deur te **doen** wat jy beplan en besluit het.

9. **Evalueer: kyk of die oplossing suksesvol was of nie.** Is almal tevrede? Is die oplossing blywend of net tydelik? Het die oplossing enige nuwe probleme veroorsaak? Indien wel, maak 'n lys. Volg dieselfde proses om nuwe probleme op te los. **Indien die oplossing suksesvol is, gaan aan met stap 10 en 11. Indien die oplossing nie suksesvol is nie, gaan terug na stap een en werk weer deur al die stappe.**
10. **Vier fees! Vier die oplossing van die probleem.** Dank die Here. Die oplossing van een probleem gee dikwels die krag en motivering om 'n volgende probleem te identifiseer en op te los.



11. **Hou die oplossing in stand.** As daar nie moeite gedoen en seker gemaak word dat die oplossing in stand gehou word nie, gaan dieselfde probleem gou weer opduik.

Besprek:

- Waarom dink julle sukkel regerings (nasionaal; provinsiaal; plaaslik) dikwels om probleme behoorlik op te los?

Onthou:

- Probleemoplossing is 'n **vaardigheid** wat aangeleer kán en móét word.
- Probleemoplossing is 'n **proses** wat stap vir stap in die regte volgorde uitgevoer moet word.

Wenke vir kiesers:

- X **Maak seker die mense of party vir wie jy stem, het die vaardigheid om probleme op te los.** Dit sal jou en jou kinders se probleme minder en julle lewe beter maak.

Gebed:

- † Bid dat daar 'n opregte begeerte in almal se hart sal groei om hul eie probleme effektief op te los.
- † Bid dat politieke leiers moeite sal doen om hulle vaardigheid om probleme op te los, te verbeter.
- † Bid vir die oplossing van probleme in die regering en die landbou aan die hand van bogenoemde proses (11 stappe).

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Seychelle** en **Madagaskar**.



Dag 40

Wie behoort te regeer? (7): Jonger mense!

Lees: 1 Samuel 16:1; Psalm 119: 98-100

Afrika is 'n ryk kontinent. Afrika is groot – 22,3% van die wêreld se landoppervlakte! Jy kan die hele China, Indië, Wes-Europa, Argentinië, Nieu-Seeland en die VSA in Afrika inpas. Tog huisves Afrika net 17% van die wêreldbevolking. Afrika het 54 lande en talle is ryk aan water, al is sommige dele droog. Dink aan die talle groot mere, ook ondergrondse mere (aquifers). Die Nylrivier is die langste in die wêreld. Die Kongorivier vloei teen 41 000 kubieke meter per sekonde in die see. Afrika is ook ryk aan minerale: 9.6% van die wêreld se olie; 90% van die platinum, 90% van die Kobalt; 50% van die goud, 67% van die mangaan; 35% van die uraan en 75% van die Coltan word in Afrika ontgin. **Maar Afrika se grootste bate is sy jongmense. Die gemiddelde ouderdom van haar inwoners is 19.7 jaar (2020-statistiek). Afrika het 'n toekoms!**

Wie gaan Afrika goed regeer? Wie gaan sorg dat Afrika se rykdom nie meer geplunder en haar potensiaal verkrag word nie? Wie gaan Afrika se rykdom en potensiaal tot beskikking van die Koning stel? Wie gaan God se medewerkers wees om te verseker dat Afrika se landbou ten volle ontwikkel sonder om die grondlewe dood te maak (vgl. Job 31:38-40)? Wie gaan 'n landboubeleid en praktyk daarstel wat Afrika omskep in die voedselmandjie van die wêreld? Wie kan die wetenskap en tegnologie so gebruik dat 'n beter lewe onder die beste Koning vir almal moontlik is? Wie gaan met Goddelike wysheid en kreatiwiteit Afrika se probleme by die wortel oplos, in plaas daarvan om net simptome te probeer behandel? Wie is die leiers wie se harte onverdeeld op God gerig is? Want God sal hulle kragtig ondersteun en help (2 Kronieke 16:9 en Jeremia 32:38-41)?

Die Here het vir Samuel gesê: “ ... **Maak 'n horing vol olie en gaan na Betlehem toe! Ek stuur jou na Isai toe, want onder sy seuns sien Ek vir My 'n koning**” (1 Samuel 16:1). Dawid was toe so oud soos die gemiddelde bevolking van Afrika! God kyk nie na uiterlike dinge wanneer Hy leiers kies nie. Hy kyk na 'n mens se hart (1 Samuel 16:7). Ek glo: God sien vir Hom konings, presidente, ministers en goeie administrateurs onder die jongmense van Afrika. Leiers so na sy hart (1 Samuel 13:14)! Jongmense wat verstaan dat ons in die tyd van die Koninkryk leef.



Jongmense wat weet wat die taak en roeping van Afrika en sy mense in hierdie tyd is.

Ons moet soek na sulke dinamiese jong leiers wat inspirerende rolmodelle is vir die miljoene jong stemgeregtigdes in Afrika. Jong leiers wat stewig geanker is in “*God’s Word, God’s Will, God’s Way and the Worship of God*”. Miljoene jongmense in Afrika ken, soos Dawid, God en sy Woord persoonlik. Hulle het meer insig as die vyande van die Koninkryk. Meer kennis as dié by wie hulle geleer het. Meer wysheid en insig as ouer mense wat jare se lewenservaring het (Vgl. Psalm 119:98-100). Jongmense, wat soos Dawid, die nodige **integriteit** én **vaardigheid** het (Psalm 78:72) om elke land in Afrika goed te regeer. Jongmense wat oortuig is van die voordele wat die Koninkryk van God vir álmal inhou. Hulle is mense in wie se hande die rykdom en potensiaal van Afrika veilig sal wees. Maar hulle self sal ook veilig wees met die rykdom en potensiaal van Afrika in hulle hande! Die mag en rykdom sal hulle nie tot sonde verlei nie.

Bespreek:

- Wee die land wat regeer word deur mense wat lankal moes aftree.
- Afrika is waar sy is, omdat haar leiers dink soos hulle dink. Dit veroorsaak baie van Afrika se probleme. Nuwe denke is nodig om die probleme suksesvol op te los - ’n nuwe generasie leiers wat God verander het deur hulle **denke te vernuwe** (Romeine 12:1-2; Spreuke 4:23).
- Politieke partye wat nie ruimte laat vir dinamiese, vernuwende en innoverende jong leiers nie, het nie ’n toekoms nie. Moenie jou en jou kinders se toekoms in hulle hande plaas deur vir hulle te stem nie.

Onthou:

- Jou toekoms is jou keuse!

Wenke vir kiesers:

- ✗ Kies jongmense wat uitverkoop is aan die Koning en sy Koninkryk. Jongmense met integriteit, maar ook die nodige vaardighede.
- ✗ Moenie nét na iemand se ouderdom kyk nie. Onthou alles wat jy gedurende die afgelope 40 dae geleer het.

Gebed:

- † Bid vir Afrika. Vra dat die Here Afrika sal seën met ’n nuwe generasie leiers wat deur Christus gelei word. Bid dat Afrika se jongmense hulle volle potensiaal sal bereik.
- † Bid dat Christen-jongmense aktief in politiek betrokke sal raak.



- † Vra dat die Here sal openbaar **hóé** Hy oor Afrika wil regeer. Nuwe Koninkryk-modelle moet in die politiek ontwikkel word.
- † Bid dat Christene met Christus sal saamwerk **"om die werk van die duiwel tot niet te maak"** (1 Johannes 3:8) en die Koninkryk van God in die politiek (en op ander terreine) te help vestig.
- † Dank God vir Afrika se groot rykdom en onbeperkte potensiaal. Bid dat leiers Afrika se rykdom en potensiaal só sal ontgin dat dit tot voordeel van almal sal wees.

Bid vir Afrika: Fokus op die Kerk, landbouers en politici in **Egipte**.



DEEL 8

BYLAAG

Bid vir die regering (1)

(Op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak)

Bid dat leiers die volgende eienskappe en/of vermoë sal hê of ontwikkel:

† **Psalm 78:72**

- ✓ Goeie leiers het integriteit én vaardigheid.

† **Eksodus 18:21**

Leiers behoort ...

- ✓ bekwaam te wees;
- ✓ die Here te dien;
- ✓ die waarheid lief te hê;
- ✓ nie ingestel te wees op persoonlike voordeel of selfverryking nie.

† **Markus 10:43-45; Filippense 2:3-5**

- ✓ Christen-leiers moet die gemeenskap dien en hulle belange eerste stel.

† **1 Kronieke 12:32**

- ✓ Goeie leiers moet die tyd waarin ons leef verstaan en weet wat ons in hierdie tyd behoort te doen.

† **1 Konings 3:6-12**

Bid dat leiers wysheid sal ontvang om ...

- ✓ namens God te regeer (1 Kronieke 28:5);
- ✓ gesag namens God uit te oefen (Romeine 13:1-7);
- ✓ die gemeenskap “God’s Way” te lei;
- ✓ die gemeenskap veilig en gesond te hou;
- ✓ gehalte-onderwys vir almal te verseker;
- ✓ met geld te werk, goeie rentmeesters te wees en die land se ekonomie reg te bestuur;
- ✓ werk te skep en/of die privaatsektor te motiveer en te help om werk te skep.



† **Daniël 6:5; Lukas 16:10-12**

- ✓ Absoluut betroubaar wees in finansies en administrasie.

† **Eksodus 18:17-25; Nehemia 7:1-2; Spreuke 22:29 en 25:5**

- ✓ Betroubare en bekwame amptenare moet aangestel word;
- ✓ Die staatsdiens moet effektief wees en gehalte-diens lewer;
- ✓ Goddelose mense moet uit die staatsdiens verwyder word.

† **1 Timoteus 3:1-5**

- ✓ Politieke en gemeenskapsleiers moet goeie rolmodelle wees en 'n positiewe voorbeeld stel;
- ✓ Hulle moet onberispelik wees;
- ✓ Hulle moet een huweliksmaat hê en aan hom/haar getrou bly;
- ✓ Hulle moet nugter wees en aan niks verslaaf wees nie.

† **Spreuke 12:19 en 22, asook Daniël 2:20-23**

- ✓ Bid dat alle leuens en bedrog in die politiek aan die lig sal kom;
- ✓ Bid dat duister magte en kragte ontbloot sal word;
- ✓ Bid vir 'n onafhanklike regbank;
- ✓ Bid vir 'n effektiewe opposisie wat rekenskap van die regerende party eis en hulle aanspreeklik hou.



Bid vir die regering (2)

(Polisie, Justisie en Korrektiewe Dienste)

In die Woord openbaar God Homself as die Regverdige (Jeremia 23:5-6). Hy trek nie party mense voor en diskrimineer teen ander nie. Hy kan nie omgekoop word om die reg te verdraai nie (Deuteronomium 10:16 en Romeine 2:11). Hy laat altyd reg en geregtigheid geskied (Jesaja 9:6). Sy oordeel is betroubaar, regverdig en reg (Openbaring 16:7 en 19:2).

God wil Homself as die Regverdige aan mense openbaar. Hierin moet geregsdienaars sy medewerkers wees. Die manier hoe geregsdienaars hulle werk doen, moet mense laat sien en beleef dat God regverdig is.

God gee gesag aan die owerheid om sý (God se) reg uit te oefen (Romeine 13:1-7). Dis die taak van die owerheid, by name die polisie en justisie, om namens God reg en geregtigheid te laat geskied.

† 2 Kronieke 19:5-9

“Van stad tot stad, ..., het hy (koning Josafat) regters in die land aangestel en hulle opdrag gegee: *‘Let goed op wat julle doen, want julle oefen die regspraak uit nie vir mense nie, maar vir die Here. Die verantwoordelikheid vir die reg rus op julle. Mag die vrees vir die Here julle bybly! Wees versigtig en doen julle plig. By die Here ons God is daar nie onreg en bevoordeling en korrupsie nie.’ ... ‘Julle moet julle opdrag uitvoer in eerbied vir die Here, in trou en in volkome onpartydigheid.’”*

- ✓ Bid dat geregsdienaars hulle Goddelike roeping verstaan;
- ✓ Bid vir die uitroei van alle onreg, bevoordeling en korrupsie;
- ✓ Bid vir 'n onafhanklike en onpartydige regbank.

† Eksodus 23:1-9 en Levitikus 19:15

- ✓ Daar mag geen samewerking en/of sameswering met misdadigers wees nie;
- ✓ Geregsdienaars mag nie doen wat verkeerd is nie. Hulle moet by die waarheid bly;
- ✓ Die sosiale posisie van 'n aangeklaagde (ryk of arm; geleerd of ongeletterd, ens.) mag nie die regspraak beïnvloed nie;
- ✓ Omkoperij is onaanvaarbaar. Dit ondermyn reg en geregtigheid;
- ✓ Bid vir die veiligheid van die polisie en hulle gesinne.



† **Jeremia 9:23-24 en Miga 3:8-9**

- ✓ Geregsdienaars moet die Here ken en dien;
- ✓ Geregsdienaars moet betroubaar en van goeie karakter wees;
- ✓ Hulle moet liefde, reg en geregtigheid laat geskied;
- ✓ Die polisie en justisie moet só betroubaar wees en soveel agting en respek in die gemeenskap geniet, dat niemand die reg in eie hande sal wil neem nie.

† **Matteus 25:34-40 en Hebreërs 13:3**

- ✓ Die Evangelie moet ook in gevangenisse verkondig word;
- ✓ Korruptsie moet in gevangenisse uitgeroei word;
- ✓ Gevangenes moet beskerm word teen geweld en seksuele vergrype;
- ✓ Bewaarders mag nie kop in een mus met misdadigers wees en verbode goed in tronke insmokkel nie;
- ✓ Gevangenes moet effektief gerehabiliteer word om weer suksesvol in hulle gesinne en die gemeenskap in te skakel;
- ✓ Bid vir die families van gevangenes.

Notas: Skryf neer wat die Here deur sy Gees nog op jou hart lê om vir die regering te bid. Jy kan ook die name van politieke leiers (plaaslik, provinsiaal en/of nasionaal) hier neerskryf:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....




Ander AMOS-publikasies om van kennis te neem

Die volgende AMOS-publikasies is in beide **Afrikaans en Engels** beskikbaar. Jy kan dit **gratis** aflaai by www.amosafrica.net, of teen koste bestel deur 'n e-pos te stuur aan secretary@amosafrica.net



beVry om op te staan (Gebedsfokus 2014)

Daar is te veel Christene wat gered is, maar steeds met pyn leef. Hulle is kinders van God, maar steeds verstrengel in sonde. Hulle is vry, maar dink nog soos slawe. Hulle oorleef, maar hulle leef nie in oorwinning nie. Hulle glo in God, maar hulle sukkel om God te glo. Hierdie probleem word daadwerklik aangespreek. Die fokus val eerstens op die Koning wat mense bevry om op te staan. Daarna word die leuens en werkswyse van die duiwel ontmasker. Lesers word ook gehelp om hul herstelde verhouding met God, hulle identiteit in Christus, asook hulle roeping te verstaan. Van die mees algemene dinge wat Christene verhinder om op te staan word bespreek, waarna om bevryding gebid word. Die 40 oordenkings kan jou help om **op te staan en in oorwinning te lewe!**



Arbeidsverhoudinge (Gebedsfokus 2015)

Jy kry 'n antwoord op die vraag: Wat het arbeidsverhoudinge met Christenskap en die visie van AMOS (*Living and Farming God's Way*) te doen? Ses baie belangrike Bybelse beginsels vir verhoudinge word aan die hand van praktiese voorbeelde bespreek. 'n Verskeidenheid ander sake wat direk in verband met arbeidsverhoudinge staan, word vanuit die Skrif én praktyk hanteer: arbeiders; arbeid; bemagtiging; motivering van werkers; dissipline; konflikthantering; wen-wen-oplossings. Geseënd is elkeen wat deur mooi verhoudinge die Evangelie van Jesus Christus aantreklik maak vir ander en só die koms van die Koninkryk bevorder.



Finansiële Vryheid (Gebedsfokus 2016)

Finansiële vryheid is meer as net 'n mooi ideaal. Dis binne jou bereik as jy die tydlose ekonomiese beginsels wat God in sy Woord aan ons gee, ken en toepas. Die wêreld dink radikaal anders oor geld en besittings as wat die Woord van God ons leer. Dís die rede vir die ekonomiese chaos rondom ons. Daarom moet ons God die geleentheid gee om ons denke deur sy Woord te vernuwe. Die eerste tree op die pad van finansiële vryheid is om te erken dat **alles aan die Here behoort**. Óók dit wat ek en jy het. Ons is nêr rentmeesters van alles wat die Here in ons sorg plaas.





Boer voor die Troon (Gebedsfokus 2017)

Die doel van hierdie Gebedsfokus is nie om vir gelowiges meer kennis oor gebed te gee nie, maar eerder om hulle te motiveer om die voorreg van gebed ten volle te benut. Gebed in die Naam van Jesus is wesenlik belangrik as ons landbou wil transformeer na *Living and Farming God's Way*. Die Gebedsfokus sluit ook 'n praktiese handleiding met gebedsriglyne en gebede in. Dit help die bidder om Skrifinhoud aan sy of haar gebede te gee – om sinvol te bid vir persoonlike behoeftes, die gemeenskap en die landbou. Gebed is die sleutel tot die oplossing van probleme in die landbou. Deur gebed kom die Koninkryk in die landbou. Bid sonder ophou! Boer voor die Troon!



Living and farming God's Way (Gebedsfokus 2018)


Dis ons visie en ons hart. Dis waarom dit vir Amos Agriman gaan. Dis ons droom vir Afrika! Die Koninkryk van God kan nêr op God se manier gebou word. **Let's build God's Kingdom God's Way!** Tien kenmerke van God's Way word bespreek en baie praktiese toepassings word gemaak. Jy leer ook hoe om 'n *God's Way-kultuur* op die plaas te vestig. Laastens word gefokus op drie belangrike dinge wat die Woord sê oor die **grond** waarop ons boer. Hierdie 40 oordenkings is noodsaaklik vir elke Christen-landbouer. Bestudeer en implementeer dit biddend.



In jou sien God vir Hom 'n koning! (Gebedsfokus 2019)

God sê in 1 Samuel 16:1 van Dawid: "*In hom sien ek vir My 'n koning.*" Nadat Dawid as koning gesalf is, het daar eers 'n minimum van 10 jaar verloop voordat hy koning geword het. Dit was 10 uiters moeilike jare waarin God hom gevorm en sy karakter gebou het, sodat hy die koning kon word wat God in hom gesien het. Ons kan baie leer uit die lewe van Dawid gedurende hierdie tyd. Uit die nageslag van koning Dawid, is Koning Jesus gebore. Koning Jesus het ons konings en priesters vir God gemaak. Om die koning te wees wat God jou gemaak het, moet jy, soos koning Dawid en Koning Jesus, absolute sekerheid hê oor jou identiteit as kind van God, jou verhouding met die Vader en die opdrag wat Hy jou gegee het.





Lied in die Nag (Gebedsfokus 2020)

God wil jou leer om 'n **lied in die nag** te sing! Daarom is **Lied in die Nag** nie 40 troosboodskappies nie. Dis perspektiewe uit die Woord om jou te help om eerlik in gesprek met God te tree oor jôu lyding en swaarkry. Hierdie gesprekke sal jou help om God beter te leer ken; lyding beter te verstaan en meer verantwoordelik op lyding te reageer. Die oordenkings is sistematies, eenvoudig en toepaslik.







Die naam **AMOS** kom uit die Ou Testament. Amos was 'n boer en 'n profeet. Hy het gewaarsku teen vormgodsdienste, onreg en uitbuiting. Hy het verkondig dat godsdienstigheid nie genoeg is om God te behaag nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Die woord **Agrimin** is 'n afkorting van *Agricultural Ministries*.

AMOS se logo is ryk aan simboliek. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en dit bring lewe en voorspoed. In **AMOS** bely ons Jesus Christus (die rooi kruis) as die Bron van Lewende Water (blou stroom). Sonder Hom is lewe in oorvloed onmoontlik. Die windpomp is 100% afhanklik van die wind. Net so is ons volledig afhanklik van die kragtige werking van die Heilige Gees.

Amos Agrimin se kernbesigheid:

Ons wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.

Daarom is Amos Agrimin se kernbesigheid:





Jou toekoms..... **JOU KEUSE!**



AMOS AGRIMIN

secretary@amosafrica.net
www.amosafrica.net

AMOS AGRIMIN STREKE

Vir kontak- en bankbesonderhede,
besoek ons webwerf
www.amosafrica.net
Amos Agrimin Kaap
(Wes-Kaap)
Amos Agrimin Sentraal
(Vrystaat en Noordwes)
Amos Agrimin Noord-Kaap
(Noord-Kaap en
oorblywende provinsies)

www.amosafrica.net



Find us on
Facebook

40-Dae Gebedsfokus
uitgegee deur *Amos*
Agrimin Noord-Kaap

Bankbesonderhede:

Amos Agrimin
FNB Brandwag, 230534
Rek. 5299 000 8842

